DIENSBOEK

DIENSBOEK

VIR GEBRUIK IN DIE

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK
VAN AFRIKA

1977

INHOUD

Voorwoord — prof dr J P Oberholzer — voorsitter Algemene Kerkvergadering 5

DIE CHRISTELIKE EREDIENS

Inleiding 7
Die begin van die diens 9
Sang 10
Wet en belydenis 12
Skuldbelydenis en genadeverkondiging 15
Skriflesing 17
Prediking 20
Gebed 21
Die afsluiting van die diens 22
Offergawes 23
Aanbevole diensordes 24

Besondere en buitegewone eredienste

Doopdiens 25
Belydenis van geloof deur ongedoopte persone 26
Nagmaaldiens 26
Bevestiging in die amp 28
Aflegging van openbare belydenis van geloof 28
Huweliksbevestiging 29
Begrafnisdiens 30

DIE DIENSFORMULIERE

Formulier om die doop aan die kinders van gelowiges te bedien 31
Formulier om die doop aan volwassenes te bedien 34
Formulier vir die afneem van openbare geloofsbelydenis 38
Formulier om die nagmaal te hou 40
Wisselformulier om die nagmaal te hou 46
Formulier vir die bevestiging van bedienaars van die Woord 51
Formulier vir die bevestiging van ouderlinge en diakens 56
Formulier vir die bevestiging van diakens 61
Formulier vir die ban of afsnyding van die gemeente van Christus 64
Formulier vir die heropname van die wat van die gemeente van Christus afgesny is 67
Formulier om huwelike te bevestig 70
Begrafnisformule 74

DIE EKUMENIESE BELYDENISSE

Apostoliese geloofsbelydenis 75
Geloofsbelydenis opgestel in die kerkvergadering van Nicea (325) en in dié van Konstantinopel (391) vernuut 76
Geloofsbelydenis genoem na Athanasius 77

DIE CHRISTELIKE GEBEDE WAT IN DIE SAMEKOMS VAN GELOWIGES EN ELDERS GEBRUIK WORD

'n Gebed voor die prediking op Sondag 79
'n Gebed op Sondag na die prediking vir al die nood van alle Christene 80
'n Gebed voor die onderrig uit die kategismus 82
'n Gebed na die onderrig uit die kategismus 82
'n Kort gebed voor die prediking in die week (of huisgodsdiens) 83
'n Kort gebed na die prediking in die week (of huisgodsdiens) 83
Môregebed 84
Aandgebed 85
'n Gebed voor die handelinge van die kerkraad 85
'n Gebed na die handelinge van die kerkraad 85
'n Gebed voor die vergadering van die diakens 86
'n Gebed voor die ete 86
'n Gebed na die ete 87
'n Gebed vir siekes en beproefdes 87

DIE SIEKETROOS

'n Onderwysing in die geloof en in die weg van saligheid 91
Enkele spreuke van troos uit die Heilige Skrif 100
Sommige spreuke vir die siekes in hulle nood 101

HISTORIESE AANTEKENINGE

Die geloofsbelydenisse

Apostoliese geloofsbelydenis 103
Geloofsbelydenis van Nicea 103
Geloofsbelydenis genoem na Athanasius 104

Biografiese besonderhede

Augustinus 104
Pous Gregorius I 104
Martin Luther 105
Huldrych Zwingli 105
Guillaume Farel 105
Martin Bucer 105
Johannes a'Lasco 105
Johannes Calvyn 106
Petrus Datheen 106

Historiese opmerkings oor die herkoms van Die Sieketroos 106

VOORWOORD

Die besluit om 'n Diensboek vir gebruik in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika beskikbaar te stel, is reeds in 1961 deur die Algemene Kerkvergadering geneem. Dat dit nou, sestien jaar later, in druk kan verskyn, stem tot dankbaarheid. In die loop van die sestien jaar het opeenvolgende Algemene Kerkvergaderings kennis geneem van die vordering van die werk en daaroor besluite geneem. Die liturgie in eredienste is geleidelik aangepas by die riglyne wat deur die Kerk aanvaar is. Die Diensboek is dus die produk van 'n lang proses van studie, bespreking en besluite deur die Algemene Kerkvergadering sowel as deur kerkrade.

Die oorspronklike voorstel het as doel van die Diensboek gesien die bevordering van die goeie orde in die eredienste en die bekamping van ongeoorloofde willekeur. Die voorligting in hierdie verband deur die Raad vir Belydenis- en Liturgiese Geskrifte, steeds gesteun deur die wetenskaplike arbeid in die Departement Praktiese Teologie van die Teologiese Fakulteit (Afd A) aan die Universiteit van Pretoria, het reeds veel bygedra tot bereiking van die gestelde doel.

Uitgangspunt by die opstel van die Diensboek was dus die erediens as die sentrale gebeurtenis in die lewe van die Kerk. Goeie orde beteken hier meer as ordelikheid. Dit stel die eis van lewende verkeer tussen die Woord van God en die antwoord van die gemeente, 'n verkeer waarby elke lid van die Kerk bewus en met oorgawe betrokke moet wees. Dat daar vir persoonlike willekeur hierin geen plek is nie, spreek vanself. Voorgangers behoort hulle dus te hou aan die riglyne wat hier gegee word. Die Diensboek bied self die vryheid wat kan verseker dat daar nie 'n strakke eenvormigheid in die liturgie sal intree nie.

Die dankbaarheid waarmee die voltooide Diensboek ontvang word, dra as besondere inhoud die wete dat die Nederduitsch Hervormde Kerk hom hierin trou aan sy Reformatoriese erfenis betoon het. Die Skriflesing en prediking staan hier steeds in die middelpunt. Tegelyk is die Diensboek nie 'n finale saak nie. Die amptelike vergaderinge van die Kerk sal voortgaan om die erfenis van die geloofsvadere te waardeer in die lig van die gehoorsaamheid aan Gods Woord binne die eie tyd.

J P Oberholzer

DIE CHRISTELIKE EREDIENS

I. INLEIDING

Die Christelike geloof het sy ontstaan daaraan te danke, dat God Homself in sy heilsopenbaring aan die mense bekendgemaak het. Die diens van sy Naam is 'n integrale deel van die heil wat Hy aan die mense geskenk het.

Hiermee is gestel dat ten opsigte van die Christen se diens aan God, elke vorm van menslike willekeur by voorbaat uitgesluit is.

Erediens

Dat God Homself deur sy Woord aan die mense bekendgemaak het, is bepalend vir die Christen se diens aan God. God se selfopenbaring is immers só dat dit 'n antwoord van die mense opeis. God spreek en die mens moet daarop antwoord.

Die belangrikste wyse waarop hierdie gespreksverkeer tussen God en die mense voltrek word, is die erediens. Hiermee is gesê dat erediens 'n wesenlike bestanddeel van die Christen se diens aan God vorm. Waar daar werklik Christelike geloof is, moet daar ook werklik godsdiensoefening plaasvind.

Dit moet egter ook gesê word dat die hele Christelike geloof en die Christen se diens aan God nie vasgevang en opgeneem is in die verskynsel wat ons erediens noem nie. Dit handel in hierdie verband egter om die erediens wat die vernaamste en sentraalste gestalte van die gespreksverkeer tussen God en die mense is.

Die eiesoortigheid van die Christelike erediens

Die Christelike erediens is iets geheel eiesoortigs. Wanneer 'n mens dus oor die Christelike erediens wil praat, kan hy nie na die verskillende godsdienste gaan en gaan kyk na alles wat daar as erediens aangebied word, die hoogste of mooiste of beste elemente daaruit neem en in die Christelike erediens opneem nie. Hy moet noodwendigerwys na die oorsprong of bron van die Christelike godsdiens en erediens teruggaan.

Bybel en erediens

Die Godsopenbaring waardeur die Christelike erediens in aansyn geroep is, is die Woord. Hierdie Woord wat vlees geword het, het ook op 'n heel besondere wyse Skrif geword.

Daarmee bedoel ons dat ons in die Bybel te doen het met die maatgewende getuienis van die oor- en ooggetuies aangaande die Godsopenbaring. Daarom kan ons sê dat die enigste outentieke bron en maatstaf vir die Christelike erediens die Bybel is. Hiermee is die eerste en vernaamste voorwaarde vir 'n verantwoorde Christelike erediens vasgelê. As 'n erediens uitdrukking wil wees van die Christelike geloof, moet dit

na inhoud en vorm met die getuienis van die Heilige Skrif ooreenstem. Dit is egter 'n onmiskenbare feit dat daar in die Bybel geen vaste diensorde voorgeskryf word nie. Daar kom selfs nie 'n volledige voorbeeld van 'n ideale diensorde voor nie — nie eers 'n voorbeeld van hoe 'n diens in die tyd van die apostels verloop het nie. Al is dit só, is dit tog ook net so waar dat die Bybel alles bevat wat vir 'n erediens noodsaaklik is. Wat dus in die Bybel gesoek moet word, is nie een vaste en onveranderlike diensorde nie, maar wel die elemente of miskien beter nog, die fondamente waarop 'n erediens in gehoorsaamheid aan die totale boodskap en bedoeling van die Bybel gebou moet word. Daarom is die vormgewing van die erediens nie 'n kwessie van individuele voorkeur of smaak nie. Dit is 'n teologiese onderneming waarin die gegewens en bedoeling van die Skrif deurslaggewend moet wees.

Kerk en erediens

Die openbaring van God in Christus is sodanig dat waar en wanneer Hy Homself openbaar, Hy daar ook sy kerk stig. Omdat God self sy kerk stig en in stand hou, is die kerk die gemeenskap met wie God in gesprek verkeer, aan wie Hy die voorreg van die diens van sy Naam skenk. Omdat die kerk in hierdie sin 'n geloofsgemeenskap is en die erediens die belangrikste gestalte is van die verkeer tussen God en sy gemeente, is die erediens iets wesenlik kerklik.

Dit is 'n voorreg wat God self aan sy gemeente verleen om met Hom so te mag omgaan. Dit is egter ook waar dat God se selfopenbaring so is dat Hy alleen in die geloof geken en gedien kan word. Daarom is die kerk die gemeenskap van gelowiges, en die erediens die omgang met God in die geloof. Dit spreek dus eintlik vanself dat die erediens alleen dan werklik erediens is, as dit ooreenstem met die geloof van die gemeente — dié geloof wat voortspruit uit en ooreenstem met die Heilige Skrif. Die geloof wat in die kerk lewe, word verwoord in die belydenis. Trouens, waar die kerk werklik leef, daar word die geloof op grond van die Skrif noodwendig bely. Hiermee is die tweede voorwaarde van 'n verantwoorde erediens gegee: Dit moet in ooreenstemming met die kerklike belydenis van die geloof gebou en voltrek word. Dit kan egter nie so verstaan word asof hierdie dogmatiese voorwaarde 'n selfstandige voorwaarde naas of selfs teenoor die Bybelse voorwaarde kan wees nie. Die teendeel is waar. Die dogmatiese voorwaarde wil niks anders doen as om daarvoor te sorg dat die erediens in gehoorsaamheid aan die Skrif sal verloop nie.

Hede en erediens

God wil deur elke nuwe geslag geken en gedien word. Daarom moet die Skrif, die kerk en die erediens hulle betekenis vir elke geslag onverkort behou. Daarmee is egter ook aan die kerk in elke tydvak die onvermydelike opdrag gegee om op sinvolle en verantwoorde wyse vormgewing van die erediens ter hand te neem sodat elke geslag betekenisvol in die diens van God kan staan. Dit kan ook só gestel word: Die kerk moet in elke tyd oor die vorm van sy erediens besin, nie tot bevrediging van allerlei smake en estetiese eise nie, maar wel só dat elke geslag op grond van die Skrif en in ooreenstemming met die belydenis van die kerk die erediens kan verstaan en beleef as sy diens van God. Daarom kan as derde voorwaarde van 'n erediens gestel word: 'n Verantwoorde erediens moet sorg vir die voortgang van die regte diens van God in die hede.

Definisie

Onderhewig aan bogenoemde bindinge, kan gesê word: 'n Christelike erediens is 'n lewende gesprek tussen God en sy gemeente.

Praktiese riglyne

1. Die Bybel self gee geen aanduiding daartoe dat een besondere diensorde as die enigste bruikbare diensorde per besluit vasgelê moet word nie.
2. Die mees houdbare werkwyse skyn te wees dat die kerk die liturgiese beginsels, of liewer, die Bybelse fondamente waarop die erediens gebou moet word, aandui.
3. Vervolgens behoort daar verskillende diensordes wat as verantwoordelike bouwerk op die Bybelse fondamente vir die kerk aanvaarbaar is by gemeentes aanbeveel te word. Kerkrade kan dan self na ondersoek van die ter sake gegewens besluit watter van die aanbevole diensordes in elke gemeente gebruik sal word.

II. DIE BEGIN VAN DIE DIENS

Votum

Baie kenners van die liturgie (orde van erediens) is eenstemmig daaroor dat die votum daardie element is wat die erediens amptelik open. Die votum is 'n algemeen aanvaarde beginpunt van die erediens.

Die votum het die bedoeling om in die Naam van God die erediens te begin of te open. Deur die woorde van die votum word die drie-enige God aangeroep in wie se Naam alles wat daarna gebeur, in die erediens, sal geskied. Die denkrigting van die Reformatore gaan ook uit van die gedagte dat dit God self is wat aan die begin staan van sy skepping, openbaring en bemoeienisse met die mense. In die gemeenskap tussen God en mens wat in die erediens volg, is God dus ook die grond en begin en daarom staan sy Woord in die votum ook sentraal aan die begin in die eerste spreuk van die dienaar van die Woord. As die Woord van God self só in die votum voorop gaan, verseker hierdie spreuk ook die gemeente van God se bereidheid tot ontmoeting met die gemeente. Onder die klank van die votum erken die gemeente daarom ook altyd dat die Here hulle só saamgeroep het en dat hulle saam in sy Naam vergader tot sy eer. Daarmee het die gemeente ook aanvaar dat die aktiwiteit van die erediens wat heil, geloof, krag en hulp bring, van God uitgaan.

Daarom is die votum nie iets wat aan God opgedra word nie, maar 'n proklamasie van God se wil wat tot sy eer die gemeente saamgeroep het. Reeds by die aanvang van die erediens moet dit dus duidelik wees dat God in sy genade sy gemeente byeengebring het. God se genade en heil gaan tog immers aan alle menslike handelinge vooraf. Die woorde wat gebruik word, moet betrekking hê op die aard en doel van die gemeentelike samekoms. Die volgende Skrifsitate is deur baie eeue in die kerk as votum gebruik:

„Ons hulp is in die Naam van die Here wat hemel en aarde gemaak het" (Ps 124:8).

„... wat trou bly tot in ewigheid" (Ps 146:6) „en nie ... laat vaar die die werke van sy hande nie" (Ps 138:8).

Ook die volgende tekste lyk aanvaarbaar vir gebruik as vota: Ps 19:15; 24:9; 43:3; 121:2 en 123:2.

Seën (groet)

Die vraag ontstaan of die tweede gedeelte van die openingspreuk van die erediensformule, seën of groet is. Die groet het veel later as deel van die liturgie beslag gekry. Die vraag wat sterk na vore kom, is of dit die gewone groet is en of dit beskou moet word as 'n groet waarop die ge-

meente moet antwoord en of dit 'n seën is in die Naam van God uitgespreek of toegesê.

Vir die moontlikheid dat die seën 'n gewone groet is, kies Augustinus deur die erediens te laat begin met 'n groet aan die gemeente waarop die gemeente: „Die Here is met u!" antwoord. In die Clementynse liturgie van die vierde eeu vind ons die trinitariese formule in die groet van die biskop aan die gemeente, waarop die gemeente dan antwoord: „En met u gees." Vir die oorsprong van die groet: „Die Here is met u" word verwys na die boek Rut, waar Boas die maaiers tegemoet tree met die woorde: „Die Here is met u." Ander begroetingsvorme staan in Rigt 6:12 en Luk 1:28. Die antwoord van die gemeente: „Met u gees" is van Hebreeuse oorsprong wat ons terugvind in Gal 6:18. Die vredegroet „Vrede vir julle" (Joh 20:19) is ook geken veral in die Roomse liturgie, waar dit aan die begin van die erediens alleen deur die biskop gebruik kon word. By die Spaanse Gallicaanse en Milaanse liturgie begin die diens met die intogslied (introïtus) wat in sy oervorm teruggevoer word na pous Gregorius I (540-604).

Sommige geleerdes is van mening dat die groet op die votum moet volg. Dit is God se groet wat deur die dienaar van die Woord oorgebring mag word. Sy groet beteken die soek van kontak en kommunikasie. God soek gemeenskap met die gemeente en verwys daarom na die heilsfeit van sy werk in sy groet.

Die Sinode van Dordt (1574) en Calvyn se diensorde dra ook in hierdie verband gewig. Vir hulle is die aanvaarde votum Ps 124:8, wat dan die erediens open. Daarná word die trinitariese formule as seën biddend uitgespreek. So word die trinitariese formule biddend in die Naam van God, die gemeente toegesê. Dit is dus meer seënbede as seën wat uitgedeel word. As ons saam met die votum II Kor 13:13 en Num 6:27 as seën in gedagte hou, lyk dit 'n verantwoordelike konklusie om te aanvaar dat votum en seën tesame gehandhaaf moet word as die openingselement van die erediens van die gemeente. In die Reformatoriese kerke blyk die wedersydse groet tussen voorganger en gemeente in onbruik te geraak het. Dit moet egter gestel word dat by die toesegging van die seën dit nie handel oor 'n uitdeling van genade nie, dis ook nie bloot gebed en genade nie maar toesegging van genade. Die huidige vorm van votum en seën (groet) met die uitstrek van hande gee hieraan uitdrukking.

Konklusie

1. Die votum is die aanvaarde begin van die erediens.
2. Slegs direkte Skrifsitate mag gebruik word.
3. Die handeling na die votum moet beskou word as toesegging van seën en nie bloot as 'n gebed of groet nie. Dit moet daarom geskied met uitgestrekte hande.
4. Ook vir die seën word net direkte Skrifsitate gebruik.

III. SANG

Die kerklied

Van die vroegste tye af het dit tot die wese van die diens aan God behoort om Hom in sy grootheid te loof en te prys in sang en lied; om Hom in dankbaarheid te eer en te prys vir weldade bewys. Hieruit is af te lei dat die lied van die vroegste tye af gesien is as 'n wyse om dankbaar te antwoord op die Woord, die roepstem van God. In die Heilige Skrif vind ons oorgenoeg bevestigende, oortuigende bewyse van die prominente plek wat die lied in die diens aan God ingeneem het.

Die kerklied, die kerksang is 'n onmisbare deel van die antwoord van die gemeente van Christus op die Woord van God. In reaksie op die dinamiese aanspraak van die Woord van God, antwoord die gemeente belydend, biddend en eenstemmig in die lied.

Maar omdat die kerklied 'n dankbare antwoord is op die aanspraak van God, moet dit 'n sinvolle antwoord wees. Dit moet sober, weldeurdag en teologies gefundeerd wees, dogmaties korrek. Ook hierdie antwoord moet in ooreenstemming wees met die Woord wat spreek. Die antwoord moet verband hou met die aanspraak van die Woord.

In I Kor 14:15 roep Paulus die gemeente op om ook met die verstand te sing en nie net met die gees nie. Daar moet met ander woorde, verstaanbaar gesing word, nie net tot stigting en lering van jouself nie, maar ook tot stigting en lering van ander. Daar word nie net met die mond gesing nie, maar veral met die hart.

Die liturg moet sorg dra dat die psalms en gesange wat hy in die erediens laat sing, verband het met die Skriflesing en prediking. Dit sal ook bevorderlik wees vir die regte verstaan van die inhoud as hy die verse wat gesing word, eers sal voorlees en dan sinvol voorlees en nie net as middel om die gemeente tyd te gee om die betrokke verse op te soek nie.

Die kerklied vorm 'n belangrike deel van die erediens as dankbare antwoord op die Woord van God.

Die lied bied aan die gemeente die geleentheid om self aktief deel te neem aan die diens. In hierdie sin bly die kerklied 'n antwoord van die gemeente. As antwoord van die gemeente moet dit altyd geplaas word na die spreke en handelinge van God deur sy sigbare en onsigbare Woord. Die plasing van die lied sal daarom na die votum en seën, na die Skriflesing en na die prediking wees.

Die orrel

Die orrel staan in diens van die kerklied en mag daarom net begelei. Die orrelis moet as lidmaat saam met die gemeente harmonieer tot lof en eer van God alleen.

Koorsang en solosang

Daar is niks verkeerd met koorsang en solosang as wyses om die lof van God te besing nie. Maar dan moet dit om die eer en verheerliking van God gaan en nie om aanleg en kundigheid te vertoon nie.

In die erediens egter het hierdie koorsang en solosang geen plek nie. In die erediens gaan dit in die eerste plek om die Woord van God wat tot die hele gemeente spreek. Hierdie Woord spreek die hele gemeente aan, nie net enkelinge of 'n deel van die gemeente nie. Daarom vra hierdie Woord ook die antwoord van die hele gemeente.

Konklusie

1. As antwoord van die gemeente vorm die sang 'n integrale deel van die erediens.
2. As antwoord op Gods Woord het dit altyd plek na die optrede van Gods Woord.
3. Die sang moet aansluit by die inhoud van die prediking aangesien dit antwoord op die Woord wat hier en nou tot die gemeente spreek.
4. Die eerste lied van die gemeente moet 'n lofsang wees, 'n lofuiting uit dankbaarheid vir die toesegging van God se seën en genade wat pas weerklink het met die uitspreek van die seën.

5. Om willekeur en sentimentaliteit te voorkom, moet die aankondigingspreuk van elke lied saaklik en van pas wees soos: „Die lofsang van die gemeente is..." of „Die gemeente sing tot lof van God..."
6. Vir koorsang en solosang is daar nie plek in 'n Reformatoriese erediens nie.

IV. WET EN BELYDENIS

Inleiding

Wanneer ons oor wet en belydenis as liturgiese elemente besin, is dit vanselfsprekend dat ons antwoord sal moet gee op die vraag of daar in 'n prinsipieel verantwoorde orde van die erediens enigsins plek is vir die wet en/of die belydenis en indien wel, waar hierdie elemente sou inpas.

Die wet

Voor die Reformatoriese tyd het die wet nie as selfstandige liturgiese element voorgekom nie. Ons kan hoogstens aanvaar dat die wet in die Ou- en Nuwe Testamentiese erediens (tot voor die Reformasie) wel van tyd tot tyd deel gevorm het van die spreke van God tot sy volk of gemeente by wyse van Skriflesing of prediking.

1. **Die dekaloog in die Ou Testament**

In Eks 19 lees ons dat die volk in opdrag van God aan die voet van die Sinaïberg bymekaargekom het om na Gods Woord te luister. Hierdie spreke van God begin dan met Eks 20:2 wat lui: „Ek is die Here jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het", waarop dan die dekaloog volg. God gee dus sy wet aan die volk terwyl Hy hulle aanspreek as die verloste volk, wat Hy uit die Egiptiese slawehuis uitgelei het. Hieruit kan ons aflei dat die dekaloog die Godgegewe reël was hoe God wou hê dat sy volk as dankbare verloste volk moes lewe en Hom dien. Verder het die volk gebewe en bevrees geword by die aanhoor van die wet (Eks 20:18-21). Dit blyk duidelik dat die volk by die aanhoor van die wet diep onder die indruk gekom het van hulle sondige aard, op grond waarvan hulle alleen die dood verdien.

Derdens het die kliptafels 'n belangrike plek ingeneem in die tabernakel (I Kon 8:9; Deut 31:26) „om hulle te onderrig" (Eks 24:12). Dit is duidelik dat Israel voortdurend van die inhoud van die dekaloog kennis moes neem.

2. **Die wet in die Nuwe Testament**

In die Nuwe Testament moet ons duidelik onderskei tussen die Farisese beskouing van die wet as reël vir die menslike heilsprestasie (vergelyk as voorbeeld die ryk jongman in Matt 19:16-20), en die voortsetting van die wesenlike doel en betekenis van die wet soos hierbo uit die Ou Testament

Die uitspraak van Christus in Matt 5:17, „Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete ongeldig te maak nie. Ek het nie gekom om hulle ongeldig te maak nie, maar om hulle hulle volle betekenis te laat kry" impliseer dat die wet geldende waarde vir die volk van die Nuwe Verbond besit het. Dit blyk ook duidelik uit Matt 5:19 waar Jesus sê dat die gebooie — wet — gehoorsaam en geleer moet word.
aangetoon.

In verse 13-16 word gehandel oor die lewenswyse van die gelowige, en die beelde van „die sout van die aarde", „'n stad... op 'n berg", „'n lamp... onder 'n emmer". Uit die geheel van Matt 5:13-19 blyk duidelik dat die wet die Godgegewe lewensreël is waarvolgens die gelowige, as

verloste sondaar, dankbaar tot verheerliking van God lewe. Dieselfde blyk onder andere uit Rom 6:13; 12:1, 2; I Pet 2:5, 9 en I Kor 6:20.

Die wet word in die Nuwe Testament verder as kenbron van die sonde aangedui (vergelyk Rom 3:20; 7:7).

3. **Die wet as liturgiese element in die Reformatoriese kerk**

Soos reeds vermeld, is die wet skynbaar nooit as selfstandige liturgiese element gebruik tydens die voor-Reformatoriese tydperk van die Christelike kerk nie. Daar bestaan verskil van mening oor die presiese herkoms van die wet as selfstandige en gereelde liturgiese element. Onder andere word die name van Calvyn en Bucer in hierdie verband genoem. Daar bestaan egter geen twyfel daaroor dat die wet heel vroeg in die orde van die Reformatoriese erediens voorkom nie, soos blyk uit die liturgieë van Bucer, Zwingli, Calvyn en andere.

4. **Die plek van die wet in die Reformatoriese liturgie**

Daar was geen eenvormigheid ten opsigte van 'n vasgestelde en duidelike gemotiveerde plek vir die wet in die Reformatoriese liturgie nie. Bucer het die dekaloog opgeneem in die skuldbelydenis van die gemeente. In Zürich word onder leiding van Zwingli in 1532 besluit dat die dienaar van die Woord na die prediking die Ons Vader, die tien gebooie en die artikels van die geloof sal voorlees sodat die drie vernaamste dele van die Christelike religie: die gebed, die gebooie en die geloof al hoe beter by die eenvoudige volk ingeprent sou word.

In die Straatsburgse uitgawe van Calvyn se „La forme des prieres ecclésiastiques" skryf hy voor dat die dekaloog deur die gemeente gesing moet word na die genadeverkondiging (absolusie), terwyl die „Kurie eleison" (Here erbarm U) na elke gebod ingevoeg word, terwyl in Genève die dekaloog voorgelees is voor die skuldbelydenis om by die gemeente 'n bewussyn van sondigheid en verlorenheid op te wek. In die Franse vlugtelinggemeente in Straatsburg is die eerste tafel voor die skuldbelydenis gesing en die tweede tafel na die genadeverkondiging.

Farel en A'Lasco plaas die wet na die prediking terwyl Martin Micron na die prediking die volgorde: wet, skuldbelydenis en genadeverkondiging volg.

Die Sinode van Dordrecht bepaal in 1574 dat die dekaloog na die gebed, voor die kategismusprediking voorgelees moet word.

Gevolgtrekking

1. Die lees van die wet dien tweërlei doel in die erediens:
   (a) Om te dien as kenbron van die sonde. In hierdie geval word die wet vroeg in die erediens geplaas, waarna gewoonlik skuldbelydenis en genadeverkondiging volg.
   (b) Om te dien as reël vir die dankbaarheid. In hierdie verband is die wet na die Skriflesing of prediking of genadeverkondiging geplaas.
2. Ook hier moet die aankondigingspreuk ooreenstem met die aard en die doel van die wet as liturgiese element. Die volgende kan aanbeveel word:
   (a) „Hoor die wet van die Here."
   (b) „Gemeente, luister nou met aandag na die voorlees van die wet van die Here."
   (c) „Waaruit ken jy jou ellende? Uit die wet van God"... (as die

wet gebruik word as kenbron van die sonde). (Kort Begrip, vraag en antwoord 2.)

(d) Hoe ek God vir sy verlossing dankbaar sal wees, vind ons opgeteken in die wet wat soos volg lui: (As die wet dien as reël vir dankbaarheid).

3. Indien na die lesing van die wet onderskeidelik genadeverkondiging en dankgebed volg, lyk dit asof sang hier oorbodig is.
4. Vir die lees van die wet word Eks 20 of Deut 5 of Matt 22:35-40 gebruik.

Die geloofsbelydenis

In die geloofsbelydenis word die geloof in die drie-enige God, soos wat Hy Hom deur sy Woord aan die mens openbaar, bely. Geloofsbelydenis is geen menslike spitsvondigheid nie, maar dit is die nasê van wat God reeds gesê het. Petrus bely: „U is die Christus, die Seun van die lewende God" (Matt 16:16) en daarvan sê Jesus dat dit deur God aan Hom geopenbaar is (Matt 16:17).

1. **Geloofsbelydenis in die Nuwe Testament**

Soos die geval met verskeie ander liturgiese elemente het ons in die Bybel geen duidelike aanduiding van die geloofsbelydenis as selfstandige en gereelde liturgiese element nie. Tog het ons in die Nuwe Testament verskeie voorbeelde van 'n geloofsbelydenis, soos Matt 16:16; Hand 8:37; Rom 10:10; I Kor 8:6; Filip 2:6-11; Hebr 4:14; I Pet 3:18-22 en I Joh 4:15.

2. **Geloofsbelydenis by doop in die vroeë Christelike kerk**

Uit Hand 8:37; Hebr 10:19-23 en I Pet 3:18-22 blyk dat geloofsbelydenis en doop reeds vroeg in die Christelike kerk nou aan mekaar verbonde was. Hierdie gebruik het in die vroeë kerk ontwikkel tot die gebruik van drie vrae wat aan die dopeling gevra is aangaande die geloof in die drie-enige God, waarop die dopeling telkens moes antwoord met: „ek glo." Hierdie doopvrae by die doopdiens het later gelei tot die formulering van die Apostolicum.

3. **Geloofsbelydenis as liturgiese element voor die Reformasie**

Dit wil voorkom asof die geloofsbelydenis as liturgiese element in die erediens in die Ooste reeds tydens die vyfde eeu, en in die Weste buite Rome reeds voor die elfde eeu in gebruik was. In Rome is die credo tydens die Roomse mis gebruik sedert 1014, as oorgang van die Woorddiens na die tafeldiens. Die gemeente moes opnuut sy geloof bely, voor deelname aan die mis. Ons kan aanvaar dat die geloofsbelydenis sedertdien redelik algemeen as liturgiese element gebruik is.

4. **Geloofsbelydenis as liturgiese element in die Reformatoriese kerk**

In die Reformatoriese erediens word die geloofbselydenis vry algemeen gebruik. Luther laat byvoorbeeld die Nicenum sing na Skriflesing uit die evangelie en voor die prediking. Zwingli volg dieselfde orde, maar gebruik die Apostolicum. Bucer en Calvyn laat die Apostolicum sing na die prediking en terwyl die nagmaal voorberei word. Die Sinode van Dordrecht in 1574 laat die geloofsbelydenis volg op die gebed na die prediking.

Gevolgtrekking

1. Die geloofsbelydenis kan op verskillende plekke in die erediens geplaas word. Die mees algemene plasing was na die Woorddiens, want die

geloof is uit die gehoor van die Woord (Rom 10:17). Dit sal daarom sinvol wees om die geloofsbelydenis na die genadeverkondiging of die prediking te plaas.

2. Die aankondigingspreuk moet ook kort en saaklik wees, soos:
   (a) Die gemeente doen nou staande belydenis van sy algemene Christelike geloof en elkeen spreek in sy hart soos volg...
   (b) Saam met die kerk van alle eeue, doen ons nou staande belydenis van ons algemene Christelike geloof...
3. Die gebruik van die Apostolicum word aanbeveel, met die vryheid om die Nicenum en Athanasianum ook te gebruik.
4. Indien die skuldbelydenis direk na die geloofsbelydenis volg, moet die sang van die gemeente na die geloofsbelydenis weggelaat word. Indien die skuldbelydenis nie direk daarop volg nie, kan die sang behou word. Aan te beveel is Ges 80:6 of 66:1, 3 of 52:11.

V. SKULDBELYDENIS EN GENADEVERKONDIGING

Kort voorgeskiedenis

Namate die vroegste kerk gegroei het, het daar verdere nadenke oor die vorm van die erediens plaasgevind. Dit het daartoe aanleiding gegee dat ook die wetlesing, skuldbelydenis en genadeverkondiging vaste bestanddele van die erediens geword het.

In die Roomse kerk het die skuldbelydenis en genadeverkondiging in verskillende vorms voorgekom. Vanaf die tiende eeu word die skuldbelydenis genoem in die vorm van 'n persoonlike gebed wat voor aanvang van die mis of selfs tydens die diens gebid kon word. Vanselfsprekend is hierdie belydenis-gebed nie deur 'n vryspraak gevolg nie. Die skuldbelydenis kom ook in die Roomse erediens in die vorm van die sogenaamde trapgebed voor. Dit is die gebed waarin die priester by die trap van die altaar sy onwaardigheid bely waarop die assistente met 'n smekende vryspraak antwoord.

Dit is eintlik buite die Roomse erediens waar hierdie „liturgiese elemente" wye beoefening in die Roomse kerk gevind het in die sogenaamde bieg en absolusie. Die Kerkhervorming wou nie afskaf nie; dit wou hervorm: wat Bybels verantwoord was, moes in Bybelse bane teruggelei word. So het die Kerkhervorming die private skuldbelydenis, die trapgebed tussen die priesters en assistente, die bieg en absolusie van die Roomse kerk hervorm tot openbare skuldbelydenis van die gemeente in die genadeverkondiging aan die gemeente in die erediens. By Zwingli en Calvyn is die openbare skuldbelydenis nie gevolg deur 'n vryspraakformule nie, terwyl in die diensorde van Straatsburg die skuldbelydenis wel deur so 'n formule gevolg is. In hierdie opsig was daar geen strak eenvormigheid onder die Hervormers nie.

Die bestaansreg van die skuldbelydenis en genadeverkondiging as liturgiese elemente

1. **Bybelse- en dogmatiese gronde**
   (a) Daar is baie tekste wat direk tot skuldbelydenis oproep en net soveel tekste waarin vryspraak van skuld en sonde voorkom, soos Jos 7:19; II Sam 12; Ps 51; Jak 5:16 en Rom 10:9, 10.
   (b) Belangriker nog as die afsonderlike tekste, is die feit dat die hele evangelieboodskap 'n oproep tot skulderkenning, skuldbelydenis en vryspraak uit genade is.

(c) Eintlik is die dogmatiese veronderstelling wat agter die hele Reformatoriese versoeningsleer lê, die feit van die erkenning en gevolglike belydenis van ons skuld voor God.

2. **In verantwoordelikheid vir vandag**

In die lig van punt (1) hierbo, lyk dit in elk geval vir ons noodsaaklik dat daar ook vir die mense van ons tyd geleentheid gegee moet word om openbare skuldbelydenis af te lê.

Ons wil in ons Kerk nie graag die sektariese en Roomse bieg of die „sharings" van die Morele Herbewapening ingang laat vind nie. Daarom meen ons dat daar in die erediens meer erns gemaak moet word met die openbare skuldbelydenis as element van die erediens in Reformatoriese gees. Dit is veral dringend omdat lidmate soms swaar gebuk gaan onder vertwyfeling wat byna aan wanhoop grens. Daarom meen ons dat die dinge met die kwaliteit van vryspraak of genadeverkondiging in ons tyd 'n nuwe aksent moet ontvang.

Die samehang van skuldbelydenis en genadeverkondiging

Dat daar 'n besondere verband en samehang tussen skuld (-belydenis) en genadeverkondiging is, kan nie betwyfel word nie. Liturgies gesproke meen ons dat goeie grond in die Bybel self te vind is om skuldbelydenis en genadeverkondiging te laat saamgaan. 'n Paar voorbeelde kan dit genoegsaam illustreer:

1. In sommige van die boetepsalms (die psalms was waarskynlik vir liturgiese gebruik bestem) kom die element van skuldbelydenis wat 'n gebed om verlossing insluit, saam met 'n direkte of indirekte vryspraak of genade-aankondiging voor. Psalm 6 is 'n goeie voorbeeld hiervan.
2. Ook in die Nuwe Testament het ons talle voorbeelde hiervan soos byvoorbeeld die geskiedenis van die owerspelige vrou (Joh 8, veral vers 11) en die gelykenis van die verlore seun (Luk 15, veral verse 20 en 21).

Die plek van skuldbelydenis en genadeverkondiging in die erediens

Daar is eintlik net drie posisies waarin die skuldbelydenis en vryspraak in die erediens kan optree. Hierdie drie posisies is ook aldrie in die geskiedenis van die liturgie betuig, te wete:

1. **Na die wetlesing**
   Hierdie posisie is eintlik in 'n Reformatoriese kerk die mees vanselfsprekende (in die lig van Rom 3:20 en 7:7). Wanneer dit in hierdie posisie optree, kom die skuldbelydenis gewoonlik as 'n selfstandige element in die erediens voor en word dit dan gewoonlik ook direk gevolg deur 'n vryspraak of genadeverkondiging, behalwe by Calvyn waar Ps 51 as skuldbelydenis sonder 'n daaropvolgende vryspraak gesing is.
2. **Tussen Skriflesing en prediking**
   In hierdie posisie vorm die skuldbelydenis gewoonlik deel van die gebed voor die prediking. Die prediking wat daarop volg, geld dan as 'n direkte (of 'n indirekte) vryspraak. Wanneer die skuldbelydenis hier geplaas word, is daar ook nog 'n ander moontlikheid. Die lied wat na die gebed gesing word, kan so gekies word dat dit 'n vryspraak bevat. Daar is psalms en gesange wat uitmuntend geskik is vir hierdie doel.

3. **Na die preek**

Hierdie plasing van skuldbelydenis is onder andere gevolg in die Frankendaalse liturgie van Datheen 1566, wat 'n geskrif, „Eene algemene belydenis der zonden na de prediking" bevat. In hierdie geval is twee moontlikhede oop, naamlik

(a) sondebelydenis vorm 'n selfstandige element (soos by Datheen) in plaas van die gebed na die prediking, of
(b) sondebelydenis word 'n deel van die gebed na die preek of selfs as slotsang gebruik. In albei hierdie gevalle geld die seën aan die einde van die diens as die vryspraak.

Ten opsigte van aldrie hierdie posisies moet opgemerk word dat die skuldbelydenis volg op die gestalte van die Woord van God. Dit is teologies sinvol aangesien ons nie op eie inisiatief ons sonde ontdek of bely nie. Ons doen dit slegs op grond van die Woord. Om hierdie rede lyk die gebruik wat ook in die geskiedenis voorgekom het, naamlik dat die erediens met 'n skuldbelydenis begin, nie aanvaarbaar nie. Aangesien by die sakramentsbediening albei die momente van skuldbelydenis en vryspraak so sterk in die formuliere en gebede opgeneem is, hoef hulle nie soos by die gewone oggenddiens op ander plekke voor te kom nie.

Die vorm van skuldbelydenis en genadeverkondiging

Wanneer hierdie elemente as selfstandige elemente in die eredienste optree, moet as stelreël geld: Dit moet dan Skrifsitate wees soos byvoorbeeld Luk 15:21 en Kol 2:13-15. Vrye formulerings moet vermy word.

Presies dieselfde geld van die spreuk waarmee 'n selfstandige skuldbelydenis of vryspraak aangekondig word. Geskikte tekste hiervoor is byvoorbeeld Jak 5:16(a) en Ps 51:9-14 (die tekste afsonderlik of die hele perikoop).

VI. SKRIFLESING

Inleiding

Van die vroegste tye af het daar 'n baie noue samehang tussen Skriflesing en prediking bestaan. Histories was dit sowel in die ou kerk as in die tyd van die Reformasie die geval. Die vroeë Christelike kerk het hom in wese by die diens in die Joodse sinagoge aangesluit. 'n Voorbeeld hiervan uit die Heilige Skrif het ons in Luk 4:14 e v. Hier word gesê dat Jesus in Nasaret op die sabbatdag na die sinagoge gegaan het. En die boekrol van die profeet Jesaja is vir Hom aangegee. Nadat Hy hieruit gelees het, word vanaf vers 21 gesê dat Hy ook daaruit verkondig het.

Hierdie verbinding van Skriflesing en prediking tref ons ook in die boek Handelinge aan. In Hand 13:14 e v verneem ons van Paulus wat in Antiogië aangekom het en wat op die sabbatdag in die sinagoge gegaan en gaan sit het.

„Na die voorlesing uit die wet en die profete het die raadslede van die sinagoge hulle laat weet: ‚Broers, as julle vir die volk 'n woord van bemoediging het, praat maar." Hierdie spreke, hierdie preek het daarna ook plaasgevind.

In die tyd van Calvyn en die ou-Gereformeerde liturgieë was Skriflesing en prediking ook ten nouste met mekaar verbonde. Voorafgaande aan die Skriflesing het 'n gebed plaasgevind met die vertroue dat die genade van die Here God getrou uitgelê sal word tot eer van sy Naam en tot opbou van die kerk.

Let daarop dat Skriflesing en prediking baie dig bymekaar aangesluit

het, in so 'n mate dat hulle nie deur allerlei elemente van mekaar geskei moes word nie. Die noue verbinding van Skriflesing en prediking bring mee dat die Skrif gelees word, sodat hierdie Skrif uitgelê en toegepas sal word.

Aankondigingspreuk

Talle uitdrukkings soos die volgende, hoort nie in die liturgie tuis nie:
„Die Woord van die Here spreek tot ons..."
„Ons Here wil ons aandag op die volgende vestig..."
„Die ewige, onfeilbare Woord spreek ons aan..."

Sommige lidmate neem hierdie spreuke soms verkeerdelik op. Met sodanige uitdrukkings word gepoog om die diepe betekenis van die Skrifwoord deur allerlei gevoelsmatighede in te kleur. Dit is geensins nodig dat ons die Woord van die Here inkleur, versier en aantreklik vir die mens maak nie.

By die aankondiging van die Skriflesing moet die spreuk van nugterheid en eenvoud getuig. Die volgende aankondigingspreuke word aanbeveel:

„Die Skriflesing is uit..."
„Ons Skriflesing is uit..."

Wanneer ons die Skriflesing uit een van Paulus se briewe neem of wanneer ons Skriflesing geneem word uit een van die evangelies of uit enige ander boek van die Bybel, moet ons die opskrif van daardie besondere Bybelboek noem soos wat dit in die Bybel self voorkom. Byvoorbeeld:

„Die Skriflesing is uit die eerste brief van die apostel Paulus aan die Korintiërs..."
„Ons Skriflesing is uit die heilige evangelie volgens Lukas..."
„Die Skriflesing is uit die Spreuke van Salomo..."

Die kopstuk of titel wat die vertaler aan 'n hoofstuk, perikoop of psalm gegee het, moet nie gelees word nie.

Die plek van die Skriflesing

In die Protestantse erediens waar die Woordverkondiging sentraal staan, sal die Skriflesing altyd 'n sentrale plek moet inneem. In die Skriflesing verneem ons die aansprekende stem van die enige God. Sy spreke gaan die van die mens vooraf en dit is daarom goed om die Skriflesing so na as moontlik aan die begin van die erediens te plaas.

Hierdie posisie van die Skriflesing beklemtoon ook dat alles wat in die erediens plaasvind, plaasvind vanuit die Skrif en nie berus op menslike willekeur nie.

Aangesien die prediking altyd vanuit die Skrif is, sal as norm gestel moet word dat die Skriflesing altyd die prediking sal voorafgaan.

Lengte

Wat die lengte van die Skriflesing betref, behoort daar voortdurend na 'n samehangende gedeelte of perikoop gestreef te word. Deurdat die Skriflesing sy eie bepaalde en selfstandige betekenis het, mag dit nooit ondergeskik aan die Skrifuitleg wees nie. Deurdat die Skriflesing uit die Bybel geneem word, dien daarop gelet te word dat die Bybel die Woord van God is, omdat God daardeur tot ons spreek, omdat Hy Homself aan ons bekendstel. Hierdie Woord van God het 'n bepaalde inhoud.

Ons ken die Woord van God net daardeur dat dit tot ons kom, dus nie deurdat ons na die Bybel gryp nie, maar dat dit die Bybel is wat ons vasgryp.

Bo en behalwe die feit dat die Skriflesing ten nouste verband hou met die prediking, is dit 'n afsonderlike element in die erediens. Daarom behoort die Skriflesing met oplettendheid en versigtigheid gekies te word, ook wat die lengte daarvan betref.

Indien die teks nie geneem word uit die gedeelte van die Skrif wat voorgelees word nie, moet sorg gedra word dat die Skriflesing by die teks na inhoud en betekenis aansluit.

Uit watter gedeeltes gelees mag word

Elkeen het geliefkoosde dele in die Bybel wat ons altyd weer aantrek, wat ons gedurig herlees. Wanneer ons die Bybel opneem moet ons dit doen met die erkenning dat dit as geheel die Woord van God is en in die verwagting dat dit vir ons wat dit lees, in sy geheel Woord van God kan word. Dit is nie net die dele wat vir ons volgens een of ander maatstaf mooi is nie, maar die hele Bybel is waaragtige getuienis van die openbaring van God self.

Wat sal 'n mens lees?

Die dienaar van die Woord mag sy Skriflesing uit albei Testamente neem, maar ons wil waarsku teen 'n onnodige verdeling tussen Ou- en Nuwe Testament, asook teen die gebruik om uit verskillende boeke van die Bybel kort gedeeltes te lees. Daar moet onthou word dat die Bybel 'n eenheid is, dat ons in die Bybel die een Woord van God het. Die vryheid van die dienaar van die Woord ten opsigte van die Skriflesing mag egter nie willekeurig wees nie. Daar moet te alle tye rekening gehou word met die kerklike jaar, in so 'n mate dat die Bybelse stof as 'n geheel na vore gebring word.

Afsluitingspreuk

Wat die afsluitingspreuk betref, dien gemeld te word dat 'n aanhaling uit die Bybel korrek en Skrifgebonde moet wees. As aanbeveling dien die volgende twee moontlikhede:

„Gelukkiger is hulle wat die Woord van God hoor en dit onderhou" (Luk 11:28). „Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeente sê" (Openb 2:7).

Voordat genoemde teks deur die voorganger aangehaal word, sal dit goed wees dat hy die gemeente tot kennis bring dat die Skriflesing tot 'n einde gekom het. Om aansluiting met die aankondigingspreuk te vind, kan hy hierdie kennis soos volg oordra:

„Hier eindig ons Skriflesing."
„Hier eindig die Skriflesing."

Samevatting

1. Die Skriflesing kom altyd voor die prediking. Twee moontlike posisies is na die geloofsbelydenis of direk na die lofsang.
2. Die aankondigingspreuk is: „Ons Skriflesing is uit: (en dan die aanhaling van die boek soos dit in die Afrikaanse Bybelvertaling staan)."
3. 'n Samehangende Skrifgedeelte of perikoop moet gelees word.
4. Die Skriflesing is 'n selfstandige element van die erediens.
5. Die eenheid van die twee Testamente moet met die Skriflesing beklemtoon word.
6. Vanweë die noue samehang tussen prediking en Skriflesing moet daar so min as moontlik tussen die twee elemente staan. Miskien moet net

die gebed vir die opening van die Woord wat gesien word as („epiklese") tussenin behou word en hoogstens een maal gesing word.

7. Die afsluitingspreuk is: „Gelukkiger is hulle wat die woord van God hoor en dit onderhou" (Luk 11:28) of: „Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees vir die gemeente sê" (Openb 2:7).

VII. PREDIKING

Die getuienis uit die Bybel

Eerstens moet daar opgemerk word dat God uit die verdorwe menslike geslag 'n gemeente wil roep en vergader tot die ewige lewe en deur sy besondere genade daarvoor die diens van mense gebruik. Daarom sê Paulus in Ef 4:11 en 12 dat die Here Christus gegee het „sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars, om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot die opbouing van die liggaam van Christus." Die taak van hierdie mense was dan om die bekering tot God en die versoening met Hom deur die geloof in Jesus Christus te verkondig en met die Heilige Skrif alle dwalinge en ketterye te weerlê wat in stryd met die suiwere leer is. Die apostel Paulus stel dit baie duidelik in I Tim 5:14 waarin hy sê dat hulle in die Woord moet arbei. In II Tim 2:15 en Tit 1:9 stel hy dit dat 'n herder aan die betroubare Woord wat volgens die leer is, moet vashou en dit reg moet sny. Die taak kan saamgevat word in die bevel van Paulus aan Timoteus: „Verkondig die Woord, hou aan tydig en ontydig".

Tydens Jesus se omwandeling op aarde was dit sy gewoonte om die sinagoges te besoek en die mense te leer. In Hand 17:2 e v lees ons dat die apostel Paulus in die sinagoge te Tessalonika vir drie sabbatte lank met die Jode uit die Skrifte geredeneer het, dat hy dit uitgelê het en daaruit aangetoon het dat die Christus moes ly en uit die dood moes opstaan.

Die prediking in die Reformasie

Nie alleen was die Hervorming 'n terugkeer tot die Heilige Skrif in die algemeen nie, maar dit het ook die kerk in belydenis en liturgie, in Woorddiens en pastorale sorg tot die Woord van God teruggevoer. Die prediking het in die Reformasie 'n sterk aksent gekry, omdat die prediking die middel is om die waarheid van die Skrif uit te lê en te verdedig teenoor die dwalinge van Rome. Calvyn het die prediking, nog sterker as Luther, in Skriftuurlike bane gelei. In sy Institusie beweer hy dat die regte prediking noodsaaklik is vir die opbou van die gemeente. Wat die vorm van die prediking betref, het Calvyn sterk aangedring op die harmonie van **explicatio** en **applicatio** (uitleg en toepassing). Dit was noodsaaklik dat die prediker hom moes weerhou van spekulasie en sensasie. Calvyn het die gemeente gesien as 'n vergadering van gelowiges in wie se midde die Woord van God bedien moet word.

Hierdie enkele flitse uit die geskiedenis, toon dat die prediking die sentrale element is waarom dit in die kerk gaan.

Besondere kenmerke van die prediking

In die erediens neem die prediking 'n baie belangrike plek in. Dit is lewensbelangrik dat die kerk sal toesien dat niks anders, hoe noodsaaklik en belangrik dit ook mag wees, die sentrale betekenis van die kansel sal oorskadu nie. Voor alles moet die kerk onthou dat sy taak bediening van die goddelike Woord is. Hierdie inhoud van hierdie opdrag bestaan daarin dat die kerk aan die wêreld sal verkondig wat hy self deur die openbaring van God gehoor het, dat Jesus Christus die Here is, die Woord van God in die vlees.

Die prediking is die menslike spreke aangaande die Woord van God in die midde van 'n gemeente. Daarom kan gesê word dat die prediking die telkens herhaalde aktualisering van die kerklike verkondiging is. Die prediking is primêr en dit behoort die sentrale plek in die verkondiging in te neem. Omdat die prediking in die middelpunt staan, verenig die ander elemente van die erediens wat die ontsluiting van die Woord van God voorberei en afsluit daaromheen. Die prediking is 'n unieke gebeure. Dit is wesenlik iets anders as alle ander vorme van openbare redevoering en welsprekendheid.

1. **Teksaankondiging**

   Die teksaankondiging moet plaasvind wanneer die prediking begin en dit kan herhaal word.

2. **Aankondigingspreuk**

   Net soos in die geval van die aankondigingspreuk by die Skriflesing moet dit ook by die aankondigingspreuk van die prediking om nugterheid en eenvoud gaan. Spreuke soos: „Die Woord van die Here spreek tot ons uit...", „Die tekswoord van ons oordenking is...", moet afgekeur word. Ons moet in gedagte hou dat ons nie **na aanleiding van** of oor 'n teks preek nie. Drie moontlikhede vir die aankondigingspreuk by die prediking word aanbeveel:

   „Die teks vir ons prediking is..."
   „Die tekswoord is..."

   Bloot die noem van die teks.

Gevolgtrekking

1. Die prediking is die sentrale element van die erediens.
2. Aankondiging- en afsluitingspreuke is hier net soos by die ander elemente kort en saaklik.
3. Die prediking volg altyd na die Skriflesing.

VIII. GEBED

Die gebed neem 'n baie prominente plek in in die Ou Testament sowel as die Nuwe en is verweef met die hele heilsboodskap Om hierdie rede staan die gebed ook prominent in die erediens.

Deur die gebed word aan die sondaar die voorreg gegun om in 'n besondere verhouding met die hemelse Vader te staan. Deur die gebed mag die sondaar dankbaar antwoord op die Woord van God.

Daar is 'n noue verband tussen Woord, verkondiging van hierdie Woord en gebed. As God nie eerste gespreek het nie, sou die mens nooit kon antwoord nie. Gebed is antwoord op die spreke van God.

Om hierdie rede is dit ook gepas in die erediens dat die gebed sal volg na die Skriflesing en Woordverkondiging.

Die gebed in die erediens behoort aan al die vereistes te voldoen wat Christus gestel het. Dit moet sober en voorbereid wees. Omdat dit antwoord van die gemeente op die spreke van God is, moet hierdie antwoord aansluiting vind by die betrokke Skrifgedeelte wat gelees en verkondig is.

Geen omslagtigheid, onnodige herhaling en slordigheid mag daarin voorkom nie. Omdat die liturg voorbid ten behoewe van die hele gemeente, moet sy taalgebruik keurig maar eenvoudig wees. Die gebedstempo en gedagtegang moet so wees dat die gemeente dit maklik kan volg.

Onnodige gebruik van die Naam van God moet vermy word. Die lof aan God mag nie ontbreek nie. Omdat die geloof in die gebed tot uitdrukking kom, moet dit uitgaan van die geloof in die drie-enige God soos Hy Homself aan ons geopenbaar het in sy Woord.

Teenoor hierdie God staan die mens as sondig en doemwaardig. In ootmoed moet die mens sy algehele afhanklikheid van God bely; moet hy homself en alles wat aan hom behoort in sy hand stel.

Die liturg moet ook gedurig waak teen subjektiwiteit in sy gebed. Hy bid nie vir homself nie maar as deel van die geheel, as lid van die liggaam, as lidmaat nie net van 'n bepaalde gemeente nie, maar as lidmaat van die kerk van Christus. Steeds moet ons ons gebede beoordeel in die lig van die volmaakte gebed, die Ons Vader.

Die gebed is nie 'n preek nie, en daarom moet onnodige lang gebede vermy word. Die gebed as antwoord op die Woord van God vind sy regmatige plek na die Skriflesing en die prediking. Die gebed na die Skriflesing is in hoofsaak Woordgebed waarin gevra word vir die opening van die Skrif.

Die gebed na die prediking is gebed uit dankbaarheid vir wat in die erediens plaasgevind het asook dankbaarheid in die algemeen. Die Reformatoriese gebruik was dat die voorgebed kort is en die dankgebed langer. In die dankgebed is gewoonlik gedink aan die nood van alle mense.

Vrye gebed en formuliergebed

Hierdie twee vorme van gebed is deur die eeue beurtelings beklemtoon. Die Reformatore het egter beide aanvaar sonder om aan die een of die ander voorrang te gee.

Daar moet egter gewaak word teen gevare by die gebruik van albei hierdie vorme.

By die vrye gebed moet al die Bybelse riglyne gedurig in gedagte gehou word en moet hierdie gebed nie willekeurig en subjektief wees nie.

Formuliergebede is gewoonlik vertaalde gebede en het daarom lang en lomp sinne. Hierdie gebede moet so voorgedra word dat die gemeente die gedagtegang kan volg anders bly dit starre leë woorde sonder inhoud.

IX. DIE AFSLUITING VAN DIE DIENS

Na die slotgebed aan die einde van die prediking volg die slotsang wat die einde van die diens inlei. Die bedoeling van die slotsang is om die gemeente weer aan die woord te laat kom, om die indruk wat die diens moet agterlaat te verdiep en die diens te laat eindig met 'n toon van triomf. Onder die diens het die gemeente in gemeenskap met God getree, hulle voor Hom verootmoedig, hulle sonde bely, maar ook die genadeverkondiging ontvang. Nou is hulle gereed om gesterk, bemoedig en getroos weer die wêreld in te gaan, om van God te getuig, vir Hom te leef en onder sy beskerming hulle veilig te voel. Die gemeente behoort ook onder die slotsang op te staan om daardeur te kenne te gee dat hulle nou gesterk na die wêreld terugkeer.

Die erediens het begin met die votum as 'n proklamasie van die drie-enige God in wie se Naam die diens gehou word. Die samekoms van die gemeente staan in die ligglans van die drie-enige God. Dit is God wat sy gemeente saamroep. Die gemeente gaan nie uitmekaar sonder die laaste plegtige seën nie. Dit is die samevatting en bekroning van die hele godsdiensoefening, wat geskied deur die uitspreek van die seën.

In die Skrif vind ons baie verwysings aangaande die uitspreek van die seën. Vergelyk Rom 15:33; I Kor 16:23; II Kor 13:13; Gal 6:18; Ef 6:24; Filip 4:23; I Tess 5:28; II Tess 3:18; I Tim 6:24; II Tim 4:22; Tit 3:15; Hebr 13:25; I Petr 5:14 en Openb 22:21.

Omdat hierdie tekste so gelykluidend is, bestaan die vermoede dat hulle liturgiese formules was.

Die mees gebruiklike formules is die Aäronitiese seën (Num 6:24-26) en die Apostoliese (II Kor 13:13).

Die seën is goddelike weldade wat aan mense geskenk word en dit kan God alleen doen. Die dienaar van die Woord is dus by die seën niks anders nie as die draer en bemiddelaar van die goddelike Woord in die sin van die Nuwe Testamentiese profesie. Ook waar die seën met uitgestrekte hande op die vergaderde skare gelê word, spreek dit vanself dat dit slegs simboliese betekenis het. Ons deel die seën nie uit nie, maar spreek dit uit in die Naam van Hom, wat alleen maar die woord tot werklikheid kan maak.

In die ou kerk is die woorde: „die Here sy met u" of „gaan heen in vrede" oorspronklik deur die diakens uitgespreek terwyl die hoëpriesterlike seën alleen deur die biskop uitgespreek is. Die voorliefde van baie liturge vir die hoëpriesterlike seën hang by sommige saam met 'n meer Ou- as Nuwe Testamentiese gees, by ander weer met 'n oratoriese plegtigheid, waarby die verskil tussen liturg en priester nie altyd in die oog gehou word nie. Alle mooiklinkende woorde en vry-uitsprake wat die seën voorafgaan moet weggelaat word en daar moet slegs gehou word by die suiwer aanhaling van Bybelgedeeltes.

X. OFFERGAWES

Daar is geen teologiese beginsel wat kollekte in die erediens tot liturgiese element kan verhef nie, behalwe die liefdegawe by die nagmaal. Dit is sinvol wanneer die kollekte by die deur ingesamel word. Inderdaad is die deurkollekte ook 'n eeue-oue gebruik.

Omdat die Nuwe Testamentiese gegewens skraal is deurdat die kerk nog nie so georganiseerd was nie, moet die kerk vandag gebruik maak van die Nuwe Testamentiese beginsel van die dankoffer, sonder om te bly staan by die spesifieke insidentele metodiek.

Ons moet twee beginsels in ag neem: Eerstens beweeg die kerk deur die wêreld na die koninkryk. Om almal in hierdie beweging deur die wêreld in stand te hou, moet daar binne die hart van die kerk, naamlik die erediens, liefdegawes wees, wat die kerk heeltemal korrek inrig rondom die nagmaalsakrament. Tweedens beweeg die kerk ook na die wêreld met 'n opdrag van sy Heer. Hiervoor moet daar vanaf die hart van die kerk, die erediens, beweeg word. Op die drumpel van die wêreld, by die kerkdeur, neem hierdie roeping 'n aanvang.

XI. AANBEVOLE DIENSORDES

Vanuit bostaande prinsipiële besinning het die Kerk die volgende ordes van erediens vasgestel:

Orde A

Votum en seën
Sang
Lesing van die wet
Skuldbelydenis
Genadeverkondiging
Geloofsbelydenis
Skriflesing
Gebed
Sang
Prediking
Dankgebed
Slotsang
Seën
Afkondigings
Offergawes

Orde B

Votum en seën
Sang
Skriflesing
Gebed
Sang
Prediking
Genadeverkondiging
Geloofsbelydenis
Lesing van die wet
Skuldbelydenis
Dankgebed
Slotsang
Seën
Afkondigings
Offergawes

Orde C

Voorsang/lofpsalm
Votum en seën
Lesing van die wet
Sang
Geloofsbelydenis
Sang
Skriflesing
Gebed
Sang
Prediking
Dankgebed
Slotsang
Seën
Offergawes

Orde D

A of B of C word gebruik maar die skuldbelydenis en genadeverkondiging word onderskeidelik ingewerk by die aanhef van die wet en geloofsbelydenis.

Orde E

(Slegs by huweliksbevestigings en begrafnisse.)
Wet, geloofsbelydenis, skuldbelydenis en genadeverkondiging word in die gebed of sang ingesluit.

XII. BESONDERE EN BUITEGEWONE EREDIENSTE

Die algemene kenmerke van 'n erediens, naamlik dat dit bestaan uit twee hoofmomente: spreke en handelinge van God deur sy sigbare en onsigbare Woord en antwoord van die gemeente deur belydenis, gebed en sang, sal in hierdie eredienste ook gestalte moet aanneem. Alles in die erediens, ook in 'n buitegewone erediens, wat hierdie karakteristieke nie dra nie, hoe goed of mooi dit ookal mag lyk of klink, sal uit die erediens verwyder moet word.

Doopdiens

Alhoewel die doopformulier in 'n groot mate didakties van aard is, is prediking by elke doopgeleentheid nog noodsaaklik. Die Nuwe Testamentiese gegewens betuig dat die doop altyd bedien is in die buurt van die evangelieverkondiging (Hand 2:14-41, 8:26-38 en 10:1-48). 'n Skeiding van doop en verkondiging is ook deur die Reformatore afgewys. Die Reformatore het aan kategese en prediking 'n regmatige plek gegee tydens die doopbediening. Beide sal daarom gehandhaaf moet word tydens die bediening van die doop. Die preek tydens die doopbediening hoef nie noodwendig 'n „dooppreek" te wees nie.

Waar word die prediking geplaas? Voor of na die bediening? In die vroeg-Christelike kerk het die bediening plaasgevind voor die prediking. Die doop het eerste gekom ter beklemtoning dat die dopeling met sy doop sigbaar in die gemeente ingelyf word. Die prediking na die doop dien ook as aanduiding dat die dopeling voortaan „afgebakende terrein" vir die kerklike verkondiging is. Op net sulke goeie gronde kan die prediking voor die doop bepleit word. Die prediking voor die doop dien as aanduiding dat die doop plaasvind op grond van God se genadige beloftes in sy Woord. Die prediking voor die doop kan ook dien as middel om die betekenis van die doop te verklaar. Dit dien as beklemtoning dat die sakrament van die doop nie selfwerkende krag besit nie. Die doop dien as bevestiging van wat in die evangelie verkondig word, van wat in Christus Jesus tot werklikheid geword het en wat nie anders as deur die Woord vir ons toeganklik is nie.

Aangesien die doop betekenis het vir die mens tydens sy hele lewe en bedien word binne die raamwerk van die verbondsgemeente se geloof, moet die bediening so ingerig word dat die hele gemeente by die bediening betrek word. Die doopformulier spreek tot die hele gemeente. Die doopouers kom staan daarom eers voor die kansel as die vrae aan hulle gestel word. Die hele gemeente moet opgeroep word om te luister na die formulier. Die aankondigingspreuk voor die lees van die formulier kan die volgende wees: „Die gemeente luister nou na die formulier om die heilige doop aan die kinders van die gelowiges te bedien." Die doop word bedien nadat die kerkraad die betrokkenes toegelaat het. Die doopouers word met die volgende spreuk opgeroep: „Die doopouers wat deur die kerkraad toegelaat is om die doop aan hulle kinders te bedien, word nou versoek om voor die kansel te verskyn en te antwoord op die vrae wat aan hulle gestel sal word." Persoonlike aansprake, gelukwensings, handdrukke en aanbiedinge, is geen wesenlike deel van die erediens nie en moet daarom agterweë gelaat word. Met betrekking tot die opsig, moet 'n ouderling of ouderlinge teenwoordig wees by die doophandeling.

Die voorname en familienaam is 'n eenheid en daarom moet tydens die doop die persoon se volle voorname en familienaam gemeld word. Die doop kan bedien word met of sonder handoplegging.

By die bediening van die doop aan elke kind word amen gesê en die hand opgelê. Die gemeente sing dan uit 'n psalm of gesang wat hier pas.

Indien die handoplegging nie by die doop indiwidueel plaasvind nie, kan dit hier gesamentlik geskied met die uitstrek van die hande.

Die orde van die doopdiens is die volgende: Orde A, B, C of D van 'n gewone erediens, soos reeds voorgestel. Na die prediking word die doopformulier gelees. Die ouers (of volwasse dopelinge) word opgeroep. Onder die sing van 'n psalm of gesang word die kinders na vore gebring. Na die bediening, sing die gemeente die ouers en kinders toe, wat terselfdertyd as die slotsang van die gemeente kan dien. Daarna volg die seën, afkondigings en offergawes. Hier dien die gebed in die doopformulier as die dankgebed. Wanneer orde B gebruik word, volg die doop na die skuldbelydenis. Wanneer die doop voor die prediking geplaas word, volg dit na die Skriflesing en dien die gebed in die doopformulier as die voorgebed.

Belydenis van geloof deur ongedoopte persone

Die vraag ontstaan of die doop van sulke voornemende lidmate noodwendig met die openbare belydenis van geloof moet gebeur en of dit nie liewer hiervan geskei moet word en sy eie regmatige plek as 'n afsonderlike doopbediening aan die volwassenes moet kry nie. Daar is baie publieke vooroordeel teen die doop van persone wat op volwasse leeftyd tot geloof kom met die gevolg dat hulle doop te veel weggewerk word tussen die ander dinge rondom die aflegging van geloofsbelydenis. Daar behoort meer betekenis aan hierdie doop gegee te word. Verder bestaan die vraag of die doop van volwassenes net betrekking het op die doop van heidene. Waarskynlik sal in hierdie a-religieuse tydvak aanvaar moet word dat daar mettertyd 'n kategorie van mense in ons gemeenskap sal ontstaan aan wie die doop afsonderlik bedien sal moet word. Ons kan eintlik nie iemand ná aflegging van sy geloofsbelydenis doop nie, aangesien die gevaar bestaan van die misverstand dat iemand op grond van sy of haar belydenis gedoop word, wat natuurlik onjuis is. Dit is verder ook bekend dat in die vroeg-Christelike kerk die heidene en heidenkinders afsonderlik van die kinders van die gelowiges gekatkiseer het.

In die geval van 'n heiden, sal die doop plaasvind met gebruikmaking van die formulier vir volwassenes, maar eers na grondige kategese en so 'n dopeling sal ná die doop nie weer belydenis van geloof aflê nie, aangesien hy dit reeds gedoen het, deur bevestigend te antwoord op die vrae in die doopformulier. Die liturgie verloop soos onder die doopdiens beskryf.

Die volwasse kinders van „gelowiges" of dié wat wel 'n Christelike opvoeding ontvang het, kan òf met gebruikmaking van die formulier vir volwassenes òf soos tans, ná aflegging van geloofsbelydenis gedoop word.

Nagmaaldiens

Die oorspronklike bedoeling van die voorbereidingsdiens was kategeties van aard. Dit het gedien om die Roomse dwaalleer af te wys en om die regte betekenis van die nagmaal in te skerp. Daarnaas het dit plaasgevind ter wille van die regte opsig oor die gemeente. Bogenoemde tendens naamlik „regte ontvangs" van die nagmaal is vandag nog gebiedend noodsaaklik. Hierdie voorbereiding met die oog op „regte ontvangs" hoef nie noodwendig die Saterdagaand voor die nagmaal plaas te vind nie. Dit kan die Sondag vantevore geskied en kan selfs plaasvind tydens die prediking van die nagmaaldiens. Die danksegginsdiens hoef ook nie direk na die nagmaal plaas te vind nie. Dit kan die volgende Sondag eers geskied.

Aangesien die nagmaal volgens die Nuwe Testament en deur die vroeg-Christelike kerk, elke Sondag bedien is, moet die „minstens vier maal per jaar", soos vasgestel in die bepalings tot die Kerkwet (Bepaling 98) nie verstaan word as 'n „meestens vier maal per jaar" nie. Die viering elke

Sondag sal steeds gesien moet word as 'n ideaal, hoewel hieraan ook allerlei gevare verbonde is.

Die nagmaal geskied onder opsig van die ouderlinge en met bystand van die diakens. Die diakens se amp was aanvanklik die bediening by die tafels en hulle moet so aktief as moontlik by die bediening betrek word.

Die prediking tydens die nagmaaldiens kan korter wees as gewoonlik, maar mag nie weggelaat word nie. Woord en sakrament mag nooit los van mekaar staan nie.

Die formuliere van die vroegste tye af, betuig dat die lees van Psalm 103 en die daaropvolgende woorde na die bediening eerder woorde van lofprysing is. Die gebruik dat die gemeente hierdie woorde staande aanhoor en in die hart uitspreek, is daarom geregverdig.

'n Moontlike orde vir 'n nagmaalerediens kan die volgende wees: Orde A, B, C en D soos reeds voorgestel. Na die prediking in orde A en C of na die skuldbelydenis in orde B word die hele formulier vanaf die kansel gelees. Die voorgebed word weggelaat aangesien die gebed in die formulier hierdie funksie vervul; na die gebed sing die gemeente terwyl die elemente voorberei word. Die uitnodiging geskied. Die nagmaal word bedien. Tydens die bediening kan gepaste gedeeltes uit die Bybel gelees word. Na die bediening van elke tafel sing die gemeente. Na die bediening van die laaste tafel gaan die predikant weer op die kansel onderwyl die gemeente sing. Psalm 103 en die dankgebed volg.

Die lidmate van die laaste tafel staan ook op na die bediening en neem hulle plekke in. Dan volg: slotsang, seën, afkondigings en offergawes.

Met die uitnodiging na die tafel en tydens die bediening moet slegs gebruik gemaak word van spreuke wat Skriftuurlik gegrond is. Die volgende kan aanbeveel word:

1. **Ten opsigte van die uitnodiging**

   „Broeders en susters, alles is gereed, kom smaak en sien dat die Here goed is"

   of

   „Broeders en susters, kom sit aan, laat ons die dood van die Here verkondig"

   of

   „Broeders en susters, alles is gereed, kom sit aan aan die tafel van die Here."

2. **Ten opsigte van die bediening**

   „Die brood wat ons breek, is die gemeenskap met die liggaam van Christus; neem, eet; doen dit tot sy gedagtenis. (Gedenk en glo dat sy liggaam vir ons verbreek is tot 'n volkome versoening van al ons sondes.)

   Die beker van danksegging is die gemeenskap met die bloed van Christus; drink almal daaruit, doen dit tot sy gedagtenis. (Gedenk en glo dat sy bloed vir ons vergiet is, tot 'n volkome versoening van al ons sondes.)

   Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom."
   Met betrekking tot die ordelike verloop van die diens is dit aan te beveel dat die lidmate vanaf 'n bepaalde punt sal kom aansit.

Bevestiging in die amp

Handoplegging tydens die bevestiging van dienaars van die Woord, ouderlinge en diakens word gesteun deur Nuwe Testamentiese gegewens en Reformatoriese gebruike. Dit gaan hier om bevestiging in die amp en nie om onherhaalbare ampswyding nie. Die betekenis van die handoplegging is hier teken van toerusting deur die Heilige Gees en afsondering vir 'n besondere diens. In die plek van die handoplegging kan die handreiking — dit wil sê die regterhand van gemeenskap — gebruik word.

Persoonlike toesprake en gelukwensings verval, omdat dit elemente is wat nie in 'n erediens hoort nie.

Aangesien bogenoemde bevestigings geen sakramente is nie, maak dit prinsipieel geen verskil of die bevestiging voor of na die prediking plaasvind nie. In die formuliere is egter aanduidings dat dit na die prediking behoort te volg.

1. **Ouderlinge en diakens**

Die orde van die diens tydens die bevestiging van ouderlinge en diakens kan die volgende wees: Die gewone ordes A, B, C of D soos aanbeveel. Na die prediking in ordes A en C of na die skuldbelydenis in orde B, kondig die predikant aan: „Die gemeente luister nou na die formulier vir die bevestiging van..." Die formulier word gelees. Net voor die ampsdraers op die vrae moet antwoord, word hulle op die naam opgeroep om voor die kansel te verskyn. Die vrae word gestel. Na hulle antwoord volg die bevestigingsformule, waar die gesamentlike handoplegging geskied of die indiwiduele handreiking.

Die formuliergebed volg, wat terselfdertyd dien as dankgebed. Die gemeente sing dan 'n toepaslike psalm of gesang wat terselfdertyd dien as slotsang. Dan volg: seën, afkondigings en offergawes.

2. **Bevestiging en intreepreek van 'n dienaar van die Woord**

Naas die gebruik om van bogenoemde twee dienste te maak, is dit volkome sinvol om beide in een diens te laat plaasvind.

Orde A, B, C of D soos aanbeveel word gebruik. Die erediens verloop normaal tot na die Skriflesing. Die bevestigingsformulier word gelees. Na die lees van die formulier word die dienaar van die Woord wat bevestig word, opgeroep om voor die kansel te kom staan. Die vrae word aan hom gestel. Die bevestiging vind plaas met die handoplegging of die handreiking. Na die bevestiging lees die diensdoende dienaar van die Woord die vermaning. Die formuliergebed volg wat terselfdertyd dien as die voorgebed. Die gemeente sing waartydens die dienaar van die Woord of 'n ouderling die pasbevestigde na die kanseltrap begelei en laasgenoemde die kansel opgaan. Die bevestigde dienaar van die Woord volg nou die orde van die erediens normaalweg vanaf die prediking.

Aflegging van openbare belydenis van geloof

In die algemene kerktaal praat ons dikwels van bevestiging en voorstelling van nuwe lidmate. Hierdie begrippe moet vervang word met die woorde openbare belydenis van die geloof, toelating tot die sakramente en die daarmee gepaardgaande verantwoordelikheid vir die opbouing van die gemeente.

Soos in enige ander erediens, is hier ook nie plek vir allerlei sinlose bykomstighede nie. Toesprake, aanbiedings en dergelike moet na die erediens plaasvind.

Normaalweg vind hierdie belydenis plaas tydens die voorbereidingsdiens. Dit is veral hier sinvol omdat die openbare belydenis van die geloof toelating tot die nagmaal beteken.

Hierdie erediens verloop normaal tot na die prediking in orde A, C, en D, na die skuldbelydenis in orde B. Met 'n gepaste spreuk word die betrokkenes opgeroep: „Gemeente, daar word nou geleentheid gegee aan diegene wat deur die kerkraad daartoe toegelaat is om openbare belydenis van geloof af te lê." Die groep, wat in die middelste ry voor in die kerk sit, se name word afgelees. Hulle staan een vir een op. Die uiteensetting word gelees en die vrae deur hulle gesamentlik of indiwidueel beantwoord. In laasgenoemde geval word die uiteensetting en vrae eers gelees. Die name word dan een vir een gelees waarop elkeen ja antwoord. Die predikant lees 'n formule soos vervat in Rom 10:9 en 10. Dan volg: dankgebed, slotsang, seën, afkondigings en offergawes.

Huweliksbevestiging

Die feit dat die huweliksbevestiging in 'n erediens geskied, bepaal dat alle beginsels met betrekking tot 'n erediens hier gehandhaaf sal word. In die lig daarvan sal alle menslike voorkeur of ingeburgerde ongemotiveerde tradisie moet verval.

Aangesien die huwelik in 'n erediens geskied, sal die elemente van 'n erediens gehandhaaf moet word. Tydens 'n huweliksbevestiging sal daar votum, sang, gebed, wet, belydenis, Skriflesing, prediking, skuldbelydenis, genadeverkondiging en seën moet wees. Wet, belydenis, skuldbelydenis en genadeverkondiging kan opgeneem word in die gebed of in die sang. Deur voortgesette arbeid in hierdie rigting kan alle praktiese besware, wat tog nooit belangriker as die prinsipiële behoort te wees nie, uitgeskakel word. Die feit dat dit in 'n erediens geskied, bepaal dat alle soberheid en ingetoënheid hier sal heers. Alle wêreldse vertoon moet op die agtergrond geskuif word. Die bruidspaar, wat vir 'n gesamentlike doel na die kerk kom, kan saam die kerk binnekom. Die seremonie waartydens die vader die dogter oorhandig, kan voor die kerk in die ingangsportaal plaasvind. Die Woord wat hier verkondig gaan word en die formulier wat hier gaan spreek, het betrekking op almal teenwoordig. Die korrekte sou daarom wees dat die egpaar bly sit tot die vrae aan hulle gestel word.

Die erediens verloop normaal volgens orde A, C of D tot die prediking en volgens orde B tot na die skuldbelydenis. Die formulier word gelees, vrae beantwoord en die ring(e) gegee. Die bevestigingsformule word gelees sonder die uitsteek van hande. Die gebed wat volg, kan gebruik word as slotgebed. Die predikant bly op die kansel en die egpaar bly staan. Die egpaar kan ook kniel aangesien dit 'n Skriftuurlike gebedshouding is.

Die vraag is egter waarom moet hierdie twee nou juis anders bid as die res van die gemeente. Na die gebed sing die gemeente Psalm 134:3 wat ook die slotsang is. Daarna volg: seën, afkondigings en offergawes. Indien laasgenoemde onuitvoerbaar blyk te wees, kan 'n kollektebus vir die doel by die ingang van die kerk aangebring word.

Die huweliksbevestiging is 'n erediens, daarom sal die gemeente kennis daarvan moet kry. Die bysyn van 'n ouderling met die oog op die opsig sal noodsaaklik aangemeld moet word. Alle neem van foto's en steurende elemente terwyl die diens aan die gang is, sal afgewys moet word; die kleding van die teenwoordiges sal in ooreenstemming met die van 'n gewone erediens moet wees. Tydens die diens sal daar alleen gesing moet word deur die hele gemeente. Alle solosang en praatkore moet plaasvind na die erediens. Die prediking moet steeds verklaring en toepassing van die Skrif wees en nie persoonlike aanspraak of slegs gelukwensing nie.

Begrafnisdiens

Die kerk moet duidelik onderskei tussen die begrafnisdiens, wat 'n vertroostende verkondigingstaak van die kerk is aan die agtergeblewenes èn die teraardebestelilng wat die taak en voorreg is van die agtergeblewenes. Die teraardebestelling word in die Bybel duidelik geteken as taak en voorreg van die familie: (Gen 23:6, 11, 15; 47:30; 49:29; Matt 8:21; 27:57-61 en Joh 11:34). Die kerk en sy ampsdraers is alleen betrokke by die teraardebestelling as hulle daartoe deur die familie gevra word. Aangesien die predikant daarvoor toegerus is, kan hy aanbied om die verrigtinge by die graf namens die familie te lei of hulle met die reëlings daaraan verbonde behulpsaam te wees.

Die begrafnisdiens is net soos enige ander diens in die kerk erediens en moet daarom al die kenmerke en elemente van 'n gewone erediens vertoon. Dit vind plaas met al die elemente net soos die Sondageredíens. Net soos in die geval van die huweliksbevestiging kan wet, geloofsbelydenis, skuldbelydenis en genadeverkondiging in die gebed of in die sang opgeneem word.

Die prediking tydens hierdie diens geskied met die uitsluitlike doel om die treurendes te vertroos en te bemoedig vanuit die evangelie van die opstanding van Jesus Christus. 'n Verheerliking van die oorledene het geen plek in hierdie verkondiging nie. Dit kan ook geen troos bied nie. Die begrafnisdiens is nie daarop gerig om te betreur nie, maar dit wil vertroos en bemoedig.

Aangesien hierdie diens 'n erediens in die volle sin van die woord is, is opsig deur 'n ouderling noodsaaklik. Die bysyn van 'n diaken is gewens met die oog op die kollekte. Indien die bysyn van laasgenoemde onmoontlik is, kan by die kerkdeur bussies aangebring word vir die doel.

Omdat die begrafnisdiens in die besonder die agtergeblewenes as objek het, is dit vanselfsprekend dat die kis met die oorledene hier geen rol speel nie, want die verkondiging is tot die lewendes gerig. Die kis met die oorledene hoef daarom nie in die ingangsportaal van die kerk te staan nie, maar kan in die lykswa bly. Prinsipieel gesien bestaan die gevaar dat die bediening van die Woord belemmer kan word deur die inbring van die lyk in die kerkgebou. In die praktyk veroorsaak dit 'n groot droefheid by naasbestaandes wat dit moet aanskou, met die gevolg dat die aandag van die verkondiging afgetrek word en die vertroosting vanuit die Bybel bemoeilik word.

Na die afsluiting van die diens met die seën, word die begrafnisbrief met die name van die draers gelees. Laasgenoemde lei die familie uit die kerk uit.

Aangesien die teraardebestelling 'n familie-aangeleentheid is, blyk dit sinvol om hier 'n liturgie te volg wat gewoonlik in 'n „huisgemeente" voorkom naamlik die van die huisgodsdiens: Skriflesing terwyl die kis na benede sak, sang en dankgebed. Die begrafnisformule as vertroostende geloofsantwoord van die familie op die Woord van God, kan direk na die Skriflesing volg. Die gooi van grond op die kis, is alleen wenslik gedurende die uitspreek van die formule.

DIE DIENSFORMULIERE

FORMULIER OM DIE DOOP AAN DIE KINDERS VAN GELOWIGES TE BEDIEN

Geliefdes in die Here Jesus Christus,

Die leer oor die doop word in hierdie drie hoofpunte saamgevat:

Sonde

Eerstens: Ons en ons kinders word in sonde ontvang en gebore. Daarom is ons onder die toorn van God en kan ons nie in sy ryk kom nie, tensy ons weer gebore word. Dit word ons geleer deur die indompeling in en besprenkeling met die water, wat die onreinheid van ons siele aandui. So word ons vermaan om 'n mishae in onsself te hê, ons voor God te verootmoedig en ons reiniging en saligheid buite onsself te soek.

Verlossing

Tweedens: Die doop betuig en verseël aan ons die afwassing van die sondes deur Jesus Christus. Daarom word ons gedoop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.

As ons in die Naam van die Vader gedoop word, betuig en verseël die Vader aan ons dat Hy 'n ewige genadeverbond met ons sluit en dat Hy ons tot sy kinders en erfgename aanneem. Daarom wil Hy ons met alle goeie dinge versorg en alle kwaad van ons afweer of dit tot ons beswil laat dien.

As ons in die Naam van die Seun gedoop word, verseël die Seun aan ons dat Hy met sy bloed al ons sondes afwas en dat Hy ons in die gemeenskap van sy dood en van sy opstanding inlyf. So word ons van ons sondes verlos en voor God regverdig gereken.

Net so ook: As ons in die Naam van die Heilige Gees gedoop word, verseker die Heilige Gees ons deur hierdie sakrament dat Hy in ons wil woon en dat Hy ons tot lidmate van Christus wil heilig. Dit doen Hy deur tot ons eie te maak wat ons in Christus het, naamlik die afwassing van ons sondes en die daaglikse vernuwing van ons lewe, totdat ons uiteindelik volmaak sal wees as ons in die gemeente van die uitverkorenes in die ewige lewe gestel sal word.

Dankbaarheid

Derdens: Maar alle verbonde het twee kante en so word ons in die doop deur God vermaan en verplig tot 'n

nuwe gehoorsaamheid. Ons moet naamlik hierdie enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, aanhang, vertrou en liefhê met ons hele hart, met ons hele siel, met ons hele verstand en met al ons kragte. Ons moet ook die wêreld versaak, ons ou natuur kruisig en godvrugtig lewe.

As ons soms uit swakheid in sondes val, moet ons nie aan die genade van God twyfel of in sondes bly lê nie:

Die doop is immers 'n seël en onbetwisbare getuienis dat ons 'n ewige verbond met God het.

Die kinderdoop

Alhoewel ons kinders hierdie dinge nie verstaan nie, is dit nie 'n rede om hulle van die doop uit te sluit nie, aangesien hulle, sonder dat hulle dit weet, in Adam deel het aan die verdoemenis, en weer net so, sonder dat hulle dit weet, in Christus in genade aangeneem word. God deel ons dit baie duidelik mee as Hy aan Abraham, die vader van al die gelowiges, en daarom ook aan ons en

Gen 17:7

ons kinders, sê: „...Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou

Hand 2:39

nageslag ná jou." Daarvan getuig Petrus ook: „Want wat God belowe het, is vir julle en vir julle kinders en vir almal wat daar ver is, vir almal wat die Here ons God na Hom toe sal roep."

Daarom het God voorheen beveel om die kinders te besny, want dit was toe die seël van die verbond en van

Mark 10:16

die geregtigheid van die geloof. So het Christus ook sy arms om hulle geslaan, sy hande op hulle gelê en hulle

Kol 2:11, 12

geseën. Omdat die doop in die plek van die besnydenis gekom het, moet die kinders as erfgename van die ryk van God en van sy verbond gedoop word en die ouers is verplig om hulle kinders, namate hulle groter word, hieroor breedvoeriger te onderrig.

Gebed

Om hierdie instelling van God tot sy eer, tot ons troos en tot opbouing van die gemeente uit te voer, laat ons saam bid:

Almagtige, ewige God, U het in u streng oordeel die ongelowige en onboetvaardige wêreld met die sondvloed gestraf maar die gelowige Noag met sy gesin in groot barmhartigheid gered en bewaar. U het die verharde farao en al sy manne in die Rooi See laat verdrink,

I Petr 3:20
I Kor 10:2

maar u volk Israel op droë grond daar laat deurtrek. Hierin het U ons 'n heenwysing na die doop gegee.

Daarom bid ons U om ook hierdie kind van U genadiglik aan te sien en hom deur u Heilige Gees in Jesus

Rom 6:4

Christus, u Seun, in te lyf sodat hy deur die doop saam met Hom in die dood begrawe word en saam met Hom in 'n nuwe lewe opgewek word. Gee dat hy sy kruis blymoedig mag opneem, Christus daagliks volg en, Hom aanhang met 'n opregte geloof, vaste hoop en vurige liefde, totdat hy eindelik hierdie lewe — wat onvermydelik op die dood uitloop — om u ontwil getroos verlaat en die laaste dag sonder vrees voor die regterstoel van Christus, u Seun, verskyn.

Dit bid ons van U deur Hom, ons Here Jesus Christus, u Seun, wat met U en die Heilige Gees die een en enige God is en tot in ewigheid leef en regeer.

Amen.

Vrae

Die doopouers moet nou op die volgende vrae antwoord: Geliefdes in die Here Christus, u het gehoor dat die doop 'n instelling van God is om aan ons en ons kinders sy verbond te verseël. Daarom moet ons dit vir dié doel en nie uit gewoonte laat bedien nie. Dat dit dan kan blyk dat u so gesind is, moet u op hierdie vrae ongeveins antwoord.

Eerstens: Bely u dat ons kinders, alhoewel hulle in sonde ontvang en gebore is, en daarom aan allerhande ellende, ja aan die verdoemenis self onderworpe is, tog in Christus geheilig is en daarom as lidmate behoort gedoop te wees.

Tweedens: Bely u dat die leer van die Ou- en Nuwe Testament, wat in die artikels van die Christelike geloof saamgevat is en in die Christelike kerk hier geleer word, die ware en volkome leer van die saligheid is?

Derdens: Beloof u en is dit u voorneme, om hierdie kind, van wie u vader en/of moeder is, as hy tot sy verstand gekom het, in hierdie leer na u vermoë te onderrig of te laat onderrig?

N, wat is hierop u antwoord?

Antwoord: Ja.

Doop

As die bedienaar van die Woord die doop bedien, sê hy: N, ek doop u in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.

Dankgebed

Almagtige, barmhartige God en Vader, ons dank en loof U dat U ons en ons kinders deur die bloed van u geliefde Seun, Jesus Christus, al ons sondes vergewe het; dat U ons deur u Heilige Gees tot lidmate van u enigste Seun en daardeur tot u kinders aangeneem het en dat U dit aan ons met die heilige doop beseël en bekragtig.

Ons bid U ook deur Hom, u geliefde Seun, dat U hierdie kind van U altyd met u Heilige Gees wil regeer, sodat hy Christelik en godvrugtig opgevoed mag word.

Laat hy in die Here Jesus Christus groei en toeneem, sodat hy u vaderlike goedheid en barmhartigheid, wat U aan hom en ons almal bewys het, mag leer ken. Gee dat hy in alle geregtigheid onder ons enigste Leraar, Koning en Hoëpriester sal lewe en moedig teen die sonde, die duiwel en sy hele ryk sal stry en oorwin en dat hy U en u Seun, Jesus Christus, en ook die Heilige Gees, die enige en ware God, ewig sal loof en prys.

Amen.

FORMULIER OM DIE DOOP AAN VOLWASSENES TE BEDIEN

Geliefdes in die Here Jesus Christus,

Die leer oor die doop word in hierdie drie hoofpunte saamgevat:

Sonde

Eerstens: Ons en ons kinders word in sonde ontvang en gebore. Daarom is ons onder die toorn van God en kan ons nie in sy ryk kom nie, tensy ons weer gebore word. Dit word ons geleer deur die indompeling in en besprenkeling met die water, wat die onreinheid van ons siele aandui. So word ons vermaan om 'n mishae in onsself te hê, ons voor God te verootmoedig en ons reiniging en saligheid buite onsself te soek.

Verlossing

Tweedens: Die doop betuig en verseël aan ons die afwassing van die sondes deur Jesus Christus. Daarom word ons gedoop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.

As ons in die Naam van die Vader gedoop word, betuig en verseël die Vader aan ons dat Hy 'n ewige genadeverbond met ons sluit en dat Hy ons tot sy kinders en erfgename aanneem. Daarom wil Hy ons met alle goeie dinge versorg en alle kwaad van ons afweer of dit tot ons beswil laat dien.

As ons in die Naam van die Seun gedoop word, verseël die Seun aan ons dat Hy met sy bloed al ons sondes afwas en dat Hy ons in die gemeenskap van sy dood en van sy opstanding inlyf. So word ons van ons sondes verlos en voor God regverdig gereken.

Net so ook: As ons in die Naam van die Heilige Gees gedoop word, verseker die Heilige Gees ons deur hierdie sakrament dat Hy in ons wil woon en dat Hy ons tot lidmate van Christus wil heilig. Dit doen Hy deur tot ons eie te maak wat ons in Christus het, naamlik die afwassing van ons sondes en die daaglikse vernuwing van ons lewe, totdat ons uiteindelik volmaak sal wees as ons in die gemeente van die uitverkorenes in die ewige lewe gestel sal word.

Dankbaarheid

Derdens: Maar alle verbonde het twee kante en so word ons in die doop deur God vermaan en verplig tot 'n nuwe gehoorsaamheid. Ons moet naamlik hierdie enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, aanhang, vertrou en liefhê met ons hele hart, met ons hele siel, met ons hele verstand en met al ons kragte. Ons moet ook die wêreld versaak, ons ou natuur kruisig en godvrugtig lewe. As ons soms uit swakheid in sondes val, moet ons nie aan die genade van God twyfel of in die sonde bly lê nie: Die doop is immers 'n seël en onbetwisbare getuienis dat ons 'n ewige verbond met God het.

Doop van volwassenes

Die kinders van die gelowiges moet kragtens die verbond gedoop word, al verstaan hulle hierdie dinge nie. Dit is egter nie geoorloof om volwassenes te doop sonder dat hulle eers hulle berou oor hulle sondes en hulle

Mark 1:4, 5
Luk 3:3

geloof in Christus bely nie. Toe Johannes die Doper op bevel van God die doop van bekering tot vergifnis van sondes verkondig het, het hy dan ook net diegene gedoop wat hulle sondes bely het. So het ons Here Jesus Christus

Matt 28:19

ook sy apostels beveel om dissipels van al die nasies te maak en hulle te doop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Hy het boonop hierdie belofte daaraan toegevoeg, naamlik dat hy wat glo en

Hand 2:38, 41; 8:36, 37; 10:47, 48; 16:14 e v; 16:31 e v

hom laat doop, gered sal word. Net so het ook die apostels volgens hierdie reël net dié volwassenes gedoop wat belydenis gedoen het van hulle berou en geloof. Daarom is dit ook vandag nie geoorloof om enige ander volwassene te doop nie as net die wat deur die verkondiging van die heilige evangelie geleer het wat die betekenis van die doop is en dit ook inderdaad verstaan, en deur 'n mondelinge belydenis, sowel daarvan as van hulle geloof, rekenskap kan gee.

Gebed

Om hierdie instelling van God tot sy eer, tot ons troos en tot opbouing van die gemeente uit te voer, laat ons saam bid:

Almagtige, ewige God, U het in u streng oordeel die ongelowige en onboetvaardige wêreld met die sondvloed gestraf maar die gelowige Noag met sy gesin in groot barmhartigheid gered en bewaar. U het die verharde

I Petr 3:20
I Kor 10:2

farao en al sy manne in die Rooi See laat verdrink, maar u volk Israel op droë grond daar laat deurtrek. Hierin het U ons 'n heenwysing na die doop gegee.

Daarom bid ons U om ook hierdie broeder van U genadiglik aan te sien en hom deur u Heilige Gees in

Rom 6:4

Jesus Christus, u Seun, in te lyf sodat hy deur die doop saam met Hom in die dood begrawe word en saam met Hom in 'n nuwe lewe opgewek sal word. Gee dat hy sy kruis blymoedig mag opneem, Christus daagliks sal volg en Hom sal aanhang met 'n opregte geloof, vaste hoop en vurige liefde, totdat hy eindelik hierdie lewe — wat onvermydelik op die dood uitloop — om u ontwil getroos verlaat en die laaste dag sonder vrees voor die regterstoel van Christus, u Seun, verskyn.

Dit bid ons van U deur Hom, ons Here Jesus Christus, u Seun, wat met U en die Heilige Gees die een en enige God is en tot in ewigheid leef en regeer.

Amen.

Vrae

Die dopeling moet op die volgende vrae antwoord:

N, u begeer om gedoop te word sodat dit vir u 'n seël van u inlywing in die kerk van God kan wees. Dat dit dan nou kan blyk dat u die Christelike godsdiens aanneem, waarin ons u onderrig het en waarvan u voor ons belydenis gedoen het, en dat u ook begeer om u lewe deur die genade van God daarvolgens in te rig, moet u voor God en sy gemeente op hierdie vrae opreg antwoord:

Eerstens: Glo u in die enige ware God — onderskeie in drie persone: Vader, Seun en Heilige Gees — wat hemel

en aarde en alles wat daarin is uit niks geskep het? Glo u dat Hy alles nog só onderhou en regeer dat daar niks in die hemel of op die aarde sonder sy goddelike wil gebeur nie?

Tweedens: Glo u dat u in sonde ontvang en gebore is en daarom onder die toorn van God is? Erken u dat u kragtens u natuur heeltemal onbekwaam is tot enige goed en geneig tot alle kwaad? Bely u dat u met gedagte, woord en daad dikwels die gebooie van die Here oortree het en dat u van harte berou oor al hierdie sondes het?

Derdens: Glo u dat die Here Jesus Christus, wat tegelyk ware en ewige God en ware mens is, wat sy menslike natuur uit die vlees en bloed van die maagd Maria aangeneem het, aan u deur God as Saligmaker geskenk is? Bely u dat u deur hierdie geloof vergewing van sondes in sy bloed ontvang? Glo u dat u deur die krag van die Heilige Gees 'n lidmaat van Jesus Christus en van sy kerk geword het?

Vierdens: Stem u in met al die artikels van die Christelike geloof soos dit hier in die Christelike kerk uit die Woord van God geleer word? Is u van voorneme om in hierdie leer tot aan die einde van u lewe standvastig te volhard? Verwerp u ook alle ketterye en dwalinge wat met hierdie leer in stryd is? Beloof u om in die gemeenskap van die Christelike kerk in die aanhoor van die goddelike Woord en in die gebruik van die nagmaal te volhard?

Vyfdens: Is dit u ernstige voorneme om altyd Christelik te lewe en van die wêreld en sy sondige begeerlikhede af te sien, soos dit lidmate van die kerk van Christus betaam? Sal u u aan alle Christelike vermaninge gewillig onderwerp?

N, wat is hierop u antwoord?

Antwoord: Ja.

Mag die goeie en grote God in sy barmhartigheid aan u sy goddelike genade en seën skenk om in hierdie voorneme te volhard deur ons Here Jesus Christus.

Amen.

Doop

As die bedienaar van die Woord die doop bedien sê hy:

N, ek doop u in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.

Dankgebed

Almagtige, barmhartige God en Vader, ons dank en loof U dat U ons en ons kinders deur die bloed van u geliefde Seun, Jesus Christus al ons sondes vergewe het; dat U ons deur u Heilige Gees tot lidmate van u enigste Seun en daardeur tot u kinders aangeneem het en dat U dit aan ons met die heilige doop beseël en bekragtig. Ons bid U ook deur Hom, u geliefde Seun, dat U hierdie kind van U altyd met u Heilige Gees wil regeer, sodat hy Christelik en godvrugtig opgevoed mag word. Laat hy in die Here Jesus Christus groei en toeneem, sodat hy u vaderlike goedheid en barmhartigheid, wat U aan

hom en ons almal bewys het, mag leer ken. Gee dat hy in alle geregtigheid onder ons enigste Leraar, Koning en Hoëpriester sal lewe en moedig teen die sonde, die duiwel en sy hele ryk sal stry en oorwin en dat hy U en u Seun, Jesus Christus, en ook die Heilige Gees, die enige en ware God, ewig sal loof en prys.

Amen.

FORMULIER VIR DIE AFNEEM VAN OPENBARE GELOOFSBELYDENIS

Geliefdes in die Here Jesus Christus,

Die kerkraad het hierdie broeders en susters nadat hulle vooraf behoorlik gekatkiseer is, ondersoek met die oog op hulle bekwaamheid om belydende lidmate van die kerk van Jesus Christus te word. In die Naam van God en in u teenwoordigheid as sy gemeente, wil ons hulle nou die geleentheid bied om openlik te bely dat hulle glo in die drie-enige God wat Hom tot ons saligheid in Jesus Christus aan ons geopenbaar het.

U, broeders en susters, wat u geloof só wil bely, word versoek om dit aan die gemeente te kenne te gee deur op te staan, aan te hoor hoe 'n groot voorreg en verantwoordelikheid dit is om 'n belydende lidmaat van Christus se kerk te wees en hardop te antwoord op die vrae wat aan u gestel sal word.

So groot is God se barmhartigheid dat Hy deur sy Woord en Gees aan ons die geloof skenk waardeur ons vas en seker weet dat ons voor God geregverdig is. Al kla ons gewete ons nog elke dag aan dat ons swaar teen God gesondig het en nog steeds tot alle kwaad geneig is, vertrou ons nietemin dat Hy, sonder enige verdienste aan ons kant, uit loutere genade die verdienste van Christus aan ons skenk en toereken asof ons nooit sonde gehad of gedoen het nie. Ja, met 'n gelowige hart neem ons ten volle aan dat Christus se weldade nie net vir ander mense nie, maar ook vir ons toegereken en geskenk is asof ons persoonlik vir al ons sondes betaal en alle geregtigheid volbring het.

Deur die geloof weet ons ook dat ons lewende lidmate van God se kerk hier op aarde is. Ons neem ook van harte aan dat Hy deur die regte prediking van sy Woord en die bediening van die sakramente volgens die instelling van Christus ons in sy kerk in die lewende geloof wil bewaar en ons vir elke goeie werk wil toerus, sodat ons daarin kan wandel.

Ons is almal verplig om ons by die ware kerk te voeg en daarmee te verenig in hart en wil in dieselfde Gees deur die krag van die geloof. Ons moet die enigheid van die kerk bewaar — ons gewilliglik onder die onderrig en tug van die kerk stel en die opbouing van die gemeente met die gawes en talente wat ons van die Here ontvang het, dien en bevorder.

Om dit alles trou te kan weet en te kan doen, moet ons daagliks getrou en ywerig die Woord van God ondersoek en Hom bid om die onmisbare bystand en leiding van sy Heilige Gees.

Dat dit bo alle twyfel bekend kan word dat u hierdie geloof ontvang het en daarom tot hierdie dankdiens van harte bereid en gewillig is, vra ons u NN:

1. Bely u dat u glo in God die Vader, die Almagtige, Skepper van hemel en aarde en in Jesus Christus, sy enigste Seun, ons Here en in die Heilige Gees?
2. Is dit ook u voorneme om deur Gods genade by hierdie belydenis te bly en u voortdurend tot die Here te bekeer?
3. Belowe u om die groei en die vooruitgang van die een heilige, algemene Christelike kerk en van die Nederduitsch Hervormde Kerk in die besonder na die beste van u vermoë en met toewyding te bevorder.
4. Belowe u ook om waar en wanneer dit nodig mag wees, u kinderlik aan die goeie vermanings en tug van die Kerk te onderwerp?

Wat is hierop u antwoord?
Antwoord: Ja.

Die kerkraad van hierdie gemeente verklaar u tot belydende lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk en nooi u uit om gereeld saam met die gemeente die nagmaal van ons Here Jesus Christus te ontvang.

„Terwyl ons dan, broeders, vrymoedigheid het om in die heiligdom in te gaan deur die bloed van Jesus op die nuwe en lewende weg wat Hy vir ons ingewy het deur die voorhangsel heen, dit is sy vlees, en 'n groot Priester oor die huis van God het, laat ons toetree met 'n waaragtige hart in volle geloofsversekerdheid, die harte deur besprinkeling gereinig van 'n slegte gewete en die liggaam gewas met rein water. Laat ons die belydenis van die hoop onwankelbaar vashou, want Hy wat dit beloof het, is getrou; en laat ons op mekaar ag gee om tot liefde en goeie werk aan te spoor; en laat ons, ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie maar laat ons mekaar vermaan, en dit des te meer na mate julle die dag sien naderkom" (Hebr 10:19-25).

Danksegging

Aangesien niemand uit homself hiertoe in staat is nie, laat ons die Naam van die Here in die gebed aanroep:

Here, ons dank U dat U ons uit genade gered het, ons in Jesus Christus as u kinders aangeneem het en ons deur u Heilige Gees in u diens wil heilig. Ons dank U dat U ons die geloof geskenk het, waardeur ons u weldade so onverdiend mag ontvang. Daarom bid ons U: Bewaar ons by u Woord sodat ons altyd u dissipels en getroue diensknegte bevind mag word; dat ons U altyd met blydskap sal dien en u Naam in ons en deur ons groot gemaak sal word.

Amen.

FORMULIER OM DIE NAGMAAL TE HOU

Geliefdes in die Here Jesus Christus,

Luister na die instellingswoorde van die heilige nagmaal van ons Here Jesus Christus soos die apostel Paulus dit vir ons beskrywe in die eerste Korintiërbrief.

I Kor 11:23-29 „. . . ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het, dat die Here Jesus in die nag waarin Hy verraai is, brood geneem het; en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: Neem, eet; dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis. Net so ook die beker ná die ete, met die woorde: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis. Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom. Wie dan op onwaardige wyse hierdie brood eet of die beker van die Here drink, sal skuldig wees aan die liggaam en bloed van die Here. Maar die mens moet homself beproef en só van die brood eet en uit die beker drink. Want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink 'n oordeel oor homself terwyl hy die liggaam van die Here nie onderskei nie."

Om tot ons troos die nagmaal van die Here te kan hou, is dit eerstens nodig dat ons ons vooraf reg sal ondersoek en, tweedens, dat ons dit sal hou soos Christus beveel het, naamlik tot sy gedagtenis.

Die ware selfondersoek bevat hierdie drie hoofpunte:

Eerstens: Elkeen moet nadink oor sy sonde en vervloeking, sodat hy homself kan mishaag en hom voor God kan verootmoedig; want die toorn van God teen die sonde is so groot dat Hy dit, eerder as om dit ongestraf te laat bly, aan sy geliefde Seun, Jesus Christus, met die bittere en smadelike kruisdood gestraf het.

Tweedens: Elkeen moet sy hart ondersoek of hy die vaste belofte van God glo dat al sy sondes hom alleen op grond van die lyding en dood van Jesus Christus vergewe is, en dat die volkome geregtigheid van Christus hom as sy eie toegereken en geskenk is, ja, so volkome asof hy in eie persoon vir al sy sondes betaal en alle geregtigheid volbring het.

Derdens: Elkeen moet sy gewete ondersoek of hy van voorneme is om van nou af met sy hele lewe ware dankbaarheid aan God te betoon en opreg voor Hom te wandel; ook om eerlik alle vyandskap, haat en nyd te laat vaar en voortaan in ware liefde en eensgesindheid met sy naaste te lewe.

Almal wat so gesind is, wil God in genade aanneem en as waardige tafelgenote van sy Seun, Jesus Christus, beskou.

Maar die wat aan die ander kant, hierdie getuienis nie in hulle hart ondervind nie, eet en drink 'n oordeel oor hulleself. Volgens die bevel van Christus en van die apostel Paulus vermaan ons dan ook almal wat weet

dat hulle met die volgende aanstootlike sondes besmet is, om nie die nagmaal van die Here te gebruik nie, en ons verkondig aan hulle dat hulle geen deel aan die ryk van

I Kor 5:11 Christus het nie: Alle afgodsdienaars; almal wat afgestorwe heiliges, engele of ander geskape dinge aanroep, en die wat beelde vereer; alle towenaars en waarsêers

Ef 5:5 wat diere of mense of ander dinge besweer en die wat aan so 'n beswering glo; alle veragters van God en sy

Eks 20:12-17 Woord en die heilige sakramente; alle Godslasteraars;

Lev 19:12 almal wat skeuring en oproer in kerk en staat wil veroorsaak; almal wat vals sweer en wat hulle ouers en

Sag 8:17 owerhede ongehoorsaam is; alle moordenaars en twisoekers en die wat in haat en nyd jeens hulle naaste lewe; alle egbrekers, owerspelers, dronkaards, diewe, onwettige winsmakers, rowers, dobbelaars, gierigaards en almal wat aanstootlik lewe. Hulle almal moet, solank hulle in sulke sondes volhard, hulle van die nagmaal onthou, wat Christus alleen vir sy gelowiges ingestel het, sodat hulle oordeel en verdoemenis nie nog swaarder word nie.

Maar, geliefde broeders en susters in die Here, die bedoeling is nie om die verslae harte van die gelowiges kleinmoedig te maak nie, asof slegs die wat sonder enige sonde is, na die nagmaal van die Here mag kom. Ons kom tog nie na die nagmaal om daarmee te kenne te gee dat ons in onsself volmaak en regverdig is nie. Inteendeel, ons kom juis omdat ons ons lewe buite ons-

Ef 2:1, 5 self in Christus soek, en daarmee bely ons dat ons deur ons misdade dood is. Dit is wel so dat ons nog baie ellende en gebreke in onsself vind, byvoorbeeld dat ons nie 'n volmaakte geloof het nie; dat ons God ook nie met so 'n ywer dien as wat ons aan Hom verskuldig is nie; dat ons daagliks moet stry teen die swakheid van ons geloof en ons sondige drifte. Waar ons egter deur die genade van die Heilige Gees oor sulke gebreke innig en opreg berou het en opreg begeer om volgens al die gebooie van God te lewe, mag ons daarvan heeltemal seker wees dat geen sonde of swakheid wat teen ons wil in ons oorgebly het, kan verhinder dat God ons in genade aanneem en ons hierdie hemelse voedsel en drank waardig en deelagtig maak nie.

Laat ons nou verder oordink vir watter doel die Here vir ons sy nagmaal ingestel het, naamlik dat ons dit tot sy gedagtenis moet doen. Dit beteken dat ons Hom daarby soos volg moet gedenk:

Ons moet van harte glo dat Jesus Christus, — volgens die beloftes wat van die begin af aan die aartsvaders gegee is — deur die Vader in hierdie wêreld gestuur is; dat Hy ons vlees en bloed aangeneem en die toorn van God, waaronder ons ewige moes versink, van die begin van sy menswording af tot aan die einde van sy lewe op aarde vir ons gedra het; dat Hy in alle gehoorsaamheid aan die goddelike wet die geregtigheid vir ons volbring het, veral toe die las van ons sonde en van die

Luk 22:44 toorn van God Hom bloedsweet in Getsémané ontpers het; dat Hy Hom laat bind het om ons te ontbind en

daarna ontelbare smaadhede gely het, sodat ons nooit meer in skande sou geraak nie; dat Hy onskuldig tot die dood veroordeel is, sodat ons voor die gerig van God vrygespreek kan word; ja, dat Hy sy geseënde liggaam aan die kruis laat spyker het om die skuldbrief
Kol 2:14 van ons sonde daaraan vas te heg; dat Hy só ons vervloeking op Hom gelaai het om ons met sy seën te vervul; dat Hy Hom aan die kruishout, na liggaam en siel, tot in die allerdiepste smaad en angs van die hel
Matt 27:46 verneder het, toe Hy hardop geroep het: „My God, my
Mark 15:34 God, waarom het U My verlaat?" — sodat ons tot God geneem en nooit meer deur Hom verlaat sou word nie; dat Hy aan die einde met sy dood en bloedstorting die nuwe en ewige testament, die verbond van genade en
Joh 19:30 versoening, bevestig het toe Hy gesê het: „Dit is volbring."

I Kor 11:23 Dat ons vas kan glo dat ons tot hierdie genadeverbond behoort, het die Here Jesus toe Hy die nagmaal ingestel het, die brood geneem, en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek, aan sy dissipels gegee en gesê: „Neem, eet; dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis." Net so het Hy ná die ete die beker geneem, en nadat Hy gedank het, het Hy dit aan hulle gegee en gesê: „Drink almal daaruit; hierdie beker is die nuwe testament in my bloed wat vir julle en vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes. Doen dit so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis. Dit wil sê, so dikwels as wat julle van hierdie brood eet en uit die beker drink sal julle daardeur, soos in die geval van 'n blywende aandenking en pand, herinner en verseker word van hierdie hartlike liefde en trou van My teenoor julle. Dit blyk daaruit dat Ek vir julle, wat anders die ewige dood moes sterwe, my liggaam aan die kruishout in die dood gee en my bloed stort en julle hongerige en dorstige harte met my gekruisigde liggaam en uitgestorte bloed tot die ewige lewe voed en verkwik. Julle word hiervan verseker deur die brood wat voor julle oë gebreek word, die beker wat aan elkeen gegee word, en die feit dat julle dit tot my gedagtenis met die mond eet en drink."

Uit hierdie instelling van die heilige nagmaal van ons Here Jesus Christus sien ons dat Hy ons geloof en vertroue op sy volmaakte offer rig, wat eenmaal aan die kruis volbring is, as die enigste grondslag van ons saligheid. Daardeur het Hy die ware voedsel en drank van die ewige lewe vir ons hongerige harte geword; want deur sy dood het Hy die oorsaak van ons ewige honger en kommer, naamlik die sonde, weggeneem. So het Hy vir ons die lewendmakende Gees verwerf, sodat ons deur die Gees — wat in Christus as die Hoof en in ons as sy lede woon — ware gemeenskap met Hom kan hê en aan al sy rykdom, die ewige lewe, geregtigheid en heerlikheid deel kan kry.

Verder word ons ook deur dieselfde Gees onderling as lede van een liggaam in ware broederlike liefde saam-
I Kor 10:17 gebind soos die apostel sê: „Omdat dit een brood is, is

ons almal een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood." Net soos uit baie graankorrels een meel gemaal en een brood gebak word en uit baie druiwekorrels, as hulle gepars word, een wyn vloei, so moet ons almal wat deur die geloof in Christus ingelyf is, één liggaam wees. Ter wille van ons geliefde Saligmaker wat ons eerste so uitnemend liefgehad het, moet ons broederlike liefde nie alleen met woorde nie, maar ook met die daad teenoor mekaar bewys.

Mag die almagtige, barmhartige God en Vader van ons Here Jesus Christus deur sy Heilige Gees ons daartoe help.

Amen.

Gebed

Laat ons nou, om dit alles te verkry, ons voor God verootmoedig en Hom met ware geloof om sy genade aanroep:

Barmhartige God en Vader, in hierdie nagmaal herdenk ons die heerlike gebeurtenis van die bittere dood van u geliefde Seun, Jesus Christus. Ons bid U dat U deur u Heilige Gees 'n opregte vertroue in ons harte sal bewerk om ons al meer aan u Seun oor te gee, sodat ons belaste en verslae harte met sy liggaam en bloed, ja met Hom, waaragtige God en mens, die enige hemelse brood, deur die krag van die Heilige Gees gevoed en verkwik word en ons nie meer in ons sondes lewe nie, maar Hy in ons en ons in Hom. Laat ons só waarlik deel hê aan die nuwe en ewige testament en verbond van genade, sonder om te twyfel dat U ewig ons genadige Vader is wat ons ons sondes nooit toereken nie en ons as u geliefde kinders en erfgename na liggaam en siel met alle dinge versorg. Verleen ons ook u genade om getroos ons kruis op te neem, onsself te verloën, ons Heiland te bely en onder alle droefheid met verlange ons Here Jesus Christus uit die hemel te verwag, waar Hy ons sterflike liggame aan sy verheerlikte liggaam gelyk sal maak en ons tot in ewigheid by Hom sal neem.

Verhoor ons, o almagtige God en barmhartige Vader, deur Jesus, wat ons geleer het om so te bid:

Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel. Gee ons vandag ons daaglikse brood; en vergeef ons ons oortredinge soos ons ook die vergewe wat teen ons oortree; en laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.

Amen.

Daarna spreek die bedienaar van die Woord:

Om dan nou met die ware hemelse brood, Christus, gevoed te word, moet ons nie met ons harte aan die
Joh 6:35 sigbare tekens van brood en wyn verkleef bly nie maar
Rom 8:34 ons harte ophef na die hemel, waar Jesus Christus ons

Voorspraak aan die regterhand van sy hemelse Vader is, soos ons ook in die artikels van ons Christelike geloof bely. Laat ons ook nie daaraan twyfel nie dat ons lewe net so werklik deur die werking van die Heilige Gees met sy liggaam en bloed gevoed en verkwik word as wat ons die brood en drank tot sy gedagtenis ontvang.

As die brood gebreek en uitgedeel word, sê die bedienaar:

Die brood wat ons breek, is die gemeenskap met die liggaam van Christus. Neem, eet, dink daaraan en glo dat die liggaam van ons Here Jesus Christus gebreek is tot 'n volkome versoening van al ons sondes.

En as hy die beker aangee:

Die beker van danksegging wat ons met danksegging seën, is die gemeenskap met die bloed van Christus. Neem, drink almal daaruit, dink daaraan en glo dat die kosbare bloed van ons Here Jesus vergiet is tot 'n volkome versoening van al ons sondes.

Lofverheffing

Na die bediening sê die bedienaar:

Geliefdes in die Here, aangesien die Here ons siele nou aan sy tafel gevoed het, laat ons almal saam sy Naam met dankbaarheid prys en in ons hart soos volg spreek:

Ps 103:1-4

„Loof die Here, o my siel, en alles wat
binne-in my is, sy heilige Naam!
Loof die Here, o my siel, en vergeet
geeneen van sy weldade nie!
wat al jou ongeregtigheid vergewe,
wat al jou krankheid genees,
wat jou lewe verlos van die verderf en
wat jou kroon met goedertierenheid
en barmhartighede"

Ps 103:8-13

„Barmhartig en genadig is die Here,
lankmoedig en groot van goedertierenheid.
Hy sal nie altyd twis nie en nie
vir ewig die toorn behou nie;
Hy handel met ons nie na ons sondes nie
en vergeld ons nie na ons ongeregtigheid nie.
Want so hoog as die hemel is bo die aarde,
so geweldig is sy goedertierenheid
oor die wat Hom vrees.
So ver as die ooste verwyderd
is van die weste,
so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons.
Soos 'n vader hom ontferm
oor die kinders,
so ontferm die Here Hom oor die
wat Hom vrees"

Rom 8:32

Hy het selfs sy eie Seun nie gespaar nie maar Hom vir ons almal oorgegee, en ons alles genadiglik met Hom

Rom 5:8-10

geskenk. Aangesien God reeds sy liefde vir ons daarin bewys het dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog

sondaars was, soveel te meer sal ons deur Hom van sy toorn gered word noudat ons in sy bloed geregverdig is. As ons, terwyl ons nog vyande was, met God versoen is deur die dood van sy Seun, hoeveel te meer sal ons deur sy lewe gered word noudat ons met Hom versoen is. Daarom sal my mond en hart die lof van die Here verkondig van nou af tot in ewigheid.

Amen.

Gebed

Almagtige, barmhartige God en Vader, ons dank U met ons hele hart dat U uit grondelose barmhartigheid u enigste Seun aan ons as 'n Middelar en offer vir ons sondes en as 'n spys en drank van die ewige lewe geskenk het. Ons dank U ook dat U ons 'n opregte geloof gee, waardeur ons hierdie weldade deelagtig word, en dat U ook tot versterking van die geloof vir ons die nagmaal laat instel en verorden het. Ons bid U getroue God en Vader, dat U deur die werking van u Heilige Gees die gedagtenis van ons Here Jesus Christus en die verkondiging van sy dood bevorderlik wil laat wees vir ons daaglikse vooruitgang in die regte geloof en in die salige gemeenskap. Dit bid ons deur Hom u geliefde Seun, Jesus Christus.

Amen.

WISSELFORMULIER OM DIE NAGMAAL TE HOU

Geliefdes in die Here Jesus Christus,

Luister nou na die instellingswoorde van die heilige nagmaal van ons Here, Jesus Christus, soos die apostel Paulus dit beskrywe (I Kor. 11:23-29).

„. . . ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het, dat die Here Jesus in die nag waarin Hy verraai is, brood geneem het; en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: Neem, eet; dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis. Net so ook die beker ná die ete, met die woorde: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis. Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom. Wie dan op onwaardige wyse hierdie brood eet of die beker van die Here drink, sal skuldig wees aan die liggaam en bloed van die Here. Maar die mens moet homself beproef en só van die brood eet en uit die beker drink. Want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink 'n oordeel oor homself terwyl hy die liggaam van die Here nie onderskei nie."

Ons glo en bely, op grond van hierdie en ander Skrifwoorde, dat ons Saligmaker, Jesus Christus, die sakrament van die heilige nagmaal gegee en ingestel het. Hy het dit gedoen om almal te voed en te onderhou wat reeds deur die geloof in Hom nuut gebore is en wat deur Hom in sy huisgesin, naamlik die kerk, ingelyf is. Alle mense wat nuut gebore is, besit dus 'n liggaamlike en tydelike lewe saam met alle ander mense sowel as 'n geestelike en hemelse lewe wat gegee word in die nuwe of tweede geboorte wat plaasvind deur die Woord van die evangelie en die krag van die Heilige Gees en wat 'n mens so bring in die gemeenskap van die liggaam van Christus. Alle mense besit nié hierdie tweede, geestelike lewe nie. Dit is alleen aan die uitverkorenes van God gegee.

Die Here God het, tot onderhoud van ons liggaamlike en aardse lewe, gewone brood aan ons gegee. Die gewone brood word, net soos die aardse lewe, aan alle mense gegee.

Net so het die Here God, tot onderhoud van die geestelike en hemelse lewe, wat die gelowiges ontvang het, aan hulle 'n lewende brood, dit is Jesus Christus wat uit die hemel neerdaal, gestuur. Hierdie hemelse brood, Jesus Christus, voed en onderhou die geestelike lewe van die gelowiges wanneer Hy geëet word. Dit gebeur wanneer Hy in die gees, deur die geloof ontvang en toegeëien word.

Om hierdie geestelike en hemelse brood vir ons uit te beeld, het ons Here Jesus Christus gewone brood en wyn geneem en dit ingestel tot 'n sakrament, tot 'n teken en seël van sy liggaam en bloed.

In en deur die sakrament bevestig Jesus Christus nou hierdie groot saak aan ons. Die gewone brood en wyn, waarmee ons aardse lewe gevoed word, word aan ons gegee en ons hou dit in ons hande en ons eet en drink dit. Net so seker as wat ons dit ontvang, so seker kan ons nou wees dat ons, deur die geloof, die ware liggaam en bloed van ons enigste Saligmaker ontvang wat ons geestelike lewe voed en versterk.

Dit is baie seker dat ons Here Jesus Christus nie verniet sy sakrament onder ons ingestel het nie. Alles wat Hy deur hierdie heilige tekens, die brood en die wyn, aan ons laat verkondig, laat Hy ook, deur sy goddelike krag, in ons gebeur. Hoewel dit ons verstand te bowe gaan en ons nie begryp hoe dit presies gebeur nie, net soos die werking van die Heilige Gees verborge en onbegryplik is, mag ons nié daaraan twyfel nie. As ons dus sê dat ons in die heilige nagmaal die eie, werklike liggaam en die eie bloed van Christus eet en drink, dan is ons nie verkeerd nie. Ons bedoel dit so dat ons met die gees en deur die geloof deel kry aan die liggaam en bloed van ons enigste Saligmaker.

Ons glo en bely dat ons Here Jesus Christus na die hemelvaart liggaamlik in die hemel is waar Hy aan die regterhand van God, sy Vader, sit. Tog bewerk die Here Jesus Christus dit só dat ons, deur die geloof, aan Hom deel kan kry.

Die heilige nagmaal is dus 'n geestelike maaltyd waar die Here Jesus Christus Homself aan ons gee. In die geloof kry ons deel aan Hom èn aan die verlossing uit die sonde en dood wat Hy, deur sy lyding en sterwe, vir ons bewerkstellig het.

Die Here Jesus Christus voed, versterk en vertroos ons arme, troostelose siele in die heilige nagmaal wanneer ons, in die geloof, sy vlees eet. Net so verkwik en verlewendig Hy ons siele wanneer ons, in die geloof, sy bloed drink.

Nou moet ons onthou dat die sakrament van die heilige nagmaal en alles wat dit beteken, in ware geloof ontvang moet word as ons die werking daarvan wil ervaar. Die genade en seën van die sakrament is nie vanselfsprekend aan die uiterlike brood en wyn verbind nie.

Die goddelose en die ongelowige ontvang ook die uiterlike tekens van die sakrament maar nie die waarheid van die sakrament nie. So het, byvoorbeeld, Judas en Simon die towenaar, albei ook die sakrament ontvang maar nié die Christus en die verlossing wat daardeur aangedui en aan die gelowiges alléén gegee word nie.

Ons ontvang die heilige sakrament van die nagmaal in die gemeente met ootmoed en eerbied. In diepe dankbaarheid roep ons daar die dood van die Here Jesus Christus, ons Saligmaker, in herinnering en ons doen daar belydenis van ons Christelike geloof.

Terwyl dit so is, behoort elkeen wat na die heilige nagmaal gaan, homself eers voor te berei en goed te beproef

of hy nie miskien, deur van hierdie brood te eet en van hierdie drinkbeker te drink, 'n oordeel oor homself eet en drink nie.

Om saam te vat: Deur die gebruik van hierdie heilige sakrament word ons beweeg tot 'n vurige liefde tot God en ons naaste. Daarom verwerp ons ook al die byvoegings en verwerplike uitvindings wat mense aan hierdie sakrament verbind het en ons oordeel dat dit alles die sakrament ontheilig.

Ons is dankbaar en tevrede met die heilige nagmaal soos ons Here Jesus Christus dit ingestel het en soos sy apostels dit aan ons geleer het en ons verstaan die heilige nagmaal soos hulle dit aan ons oorgelewer het. Mag die almagtige God en Vader van ons Here Jesus Christus, deur sy Heilige Gees, ons daartoe help.

Amen.

Laat ons nou, om dit alles te verkry, ons voor God verootmoedig en Hom met ware geloof om sy genade aanroep:

Gebed

Barmhartige God en Vader, in hierdie nagmaal herdenk ons die heerlike gebeurtenis van die bittere dood van u geliefde Seun, Jesus Christus. Ons bid U dat U deur u Heilige Gees 'n opregte vertroue in ons harte sal bewerk om ons al meer aan u Seun oor te gee, sodat ons belaste en verslae harte met sy liggaam en bloed, ja met Hom, waaragtige God en mens, die enige hemelse brood, deur die krag van die Heilige Gees gevoed en verkwik word en ons nie meer in ons sondes lewe nie, maar Hy in ons en ons in Hom. Laat ons só waarlik deel hê aan die nuwe en ewige testament en verbond van genade, sonder om te twyfel dat U ewig ons genadige Vader is wat ons ons sondes nooit toereken nie en ons as u geliefde kinders en erfgename na liggaam en siel met alle dinge versorg.

Verleen ons ook u genade om getroos ons kruis op te neem, onsself te verloën, ons Heiland te bely en onder alle droefheid met verlange ons Here Jesus Christus uit die hemel te verwag, waar Hy ons sterflike liggame aan sy verheerlikte liggaam gelyk sal maak en ons tot in ewigheid by Hom sal neem.

Verhoor ons, o almagtige God en barmhartige Vader, deur Jesus, wat ons geleer het om so te bid:

Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel. Gee ons vandag ons daaglikse brood; en vergeef ons ons oortredinge soos ons ook die vergewe wat teen ons oortree; en laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die Bose.

Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.

Amen.

Daarna spreek die bedienaar van die Woord:

Joh 6:35
Rom 8:34

Om dan nou met die ware hemelse brood, Christus, gevoed te word moet ons nie met ons harte aan die sigbare tekens van brood en wyn verkleef bly nie maar ons harte ophef na die hemel, waar Jesus Christus ons Voorspraak aan die regterhand van sy hemelse Vader is, soos ons ook in die artikels van ons Christelike geloof bely. Laat ons ook nie daaraan twyfel nie dat ons lewe net so werklik deur die werking van die Heilige Gees met sy liggaam en bloed gevoed en verkwik word as wat ons die brood en drank tot sy gedagtenis ontvang.

As die brood gebreek en uitgedeel word, sê die bedienaar:

Die brood wat ons breek, is die gemeenskap met die liggaam van Christus. Neem, eet, dink daaraan en glo dat die liggaam van ons Here Jesus Christus gebreek is tot 'n volkome versoening van al ons sondes.

En as hy die beker aangee:

Die beker van danksegging wat ons met danksegging seën, is die gemeenskap met die bloed van Christus. Neem, drink almal daaruit, dink daaraan en glo dat die kosbare bloed van ons Here Jesus vergiet is tot 'n volkome versoening van al ons sondes.

Lofverheffing

Na die bediening sê die bedienaar:

Geliefdes in die Here, aangesien die Here ons siele nou aan sy tafel gevoed het, laat ons almal saam sy Naam met dankbaarheid prys en in ons hart soos volg spreek:

Ps 103:1-4

„Loof die Here, o my siel, en alles wat
binne-in my is, sy heilige Naam!
Loof die Here, o my siel, en vergeet
geeneen van sy weldade nie!
wat al jou ongeregtigheid vergewe,
wat al jou krankheid genees,
wat jou lewe verlos van die verderf en
wat jou kroon met goedertierenheid
en barmhartighede."

Ps 103:8-13

„Barmhartig en genadig is die Here,
lankmoedig en groot van goedertierenheid.
Hy sal nie altyd twis nie en nie
vir ewig die toorn behou nie;
Hy handel met ons nie na ons sondes nie
en vergeld ons nie na ons ongeregtigheid nie.
Want so hoog as die hemel is bo die aarde,
so geweldig is sy goedertierenheid
oor die wat Hom vrees.
So ver as die ooste verwyderd
is van die weste,
so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons.
Soos 'n vader hom ontferm
oor die kinders,
so ontferm die Here Hom oor die
wat Hom vrees."

Rom 8:32 Hy het selfs sy eie Seun nie gespaar nie maar Hom vir ons almal oorgegee, en ons alles genadiglik met Hom geskenk. Aangesien God reeds sy liefde vir ons daarin

Rom 5:8-10 bewys het dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was, soveel te meer sal ons deur Hom van sy toorn gered word noudat ons in sy bloed geregverdig is. As ons, terwyl ons nog vyande was, met God versoen is deur die dood van sy Seun, hoeveel te meer sal ons deur sy lewe gered word noudat ons met Hom versoen is. Daarom sal my mond en hart die lof van die Here verkondig van nou af tot in ewigheid.

Amen.

Gebed Almagtige, barmhartige God en Vader, ons dank U met ons hele hart dat U uit grondelose barmhartigheid u enigste Seun aan ons as 'n Middelaar en offer vir ons sondes en as 'n spys en drank van die ewige lewe geskenk het. Ons dank U dat U ons 'n opregte geloof gee, waardeur ons hierdie weldade deelagtig word, en dat U ook tot versterking van die geloof vir ons die nagmaal laat instel en verorden het. Ons bid U getroue God en Vader, dat U deur die werking van u Heilige Gees die gedagtenis van ons Here Jesus Christus en die verkondiging van sy dood bevorderlik wil laat wees vir ons daaglikse vooruitgang in die regte geloof en in die salige gemeenskap. Dit bid ons deur Hom u geliefde Seun, Jesus Christus.

Amen.

FORMULIER VIR DIE BEVESTIGING VAN BEDIENAARS VAN DIE WOORD

Geliefdes in ons Here Jesus Christus,

Die naam van ons medebroeder, N, wat hier teenwoordig is, is herhaaldelik in die gemeente afgekondig nadat hy as herder en leraar van hierdie gemeente beroep is. Niemand het 'n wettige beswaar teen sy leer en lewe ingebring nie, en daarom gaan ons nou in die Naam van die Here oor tot sy bevestiging.

Dit is egter nodig dat u, broeder N, en ons almal wat hier teenwoordig is, eers sal luister na wat die Woord van God ons leer oor die instelling en ampswerk van herders of bedienaars van die Woord.

God, ons hemelse Vader, roep en vergader uit die verdorwe menslike geslag 'n gemeente tot die ewige lewe. Hiervoor maak Hy deur 'n besondere genade gebruik

Ef 4:11, 12 van die diens van mense. Daarom sê Paulus dat die Here Christus sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars gegee het om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk en tot opbouing van die liggaam van Christus. Hieruit is dit duidelik dat die herdersamp 'n instelling van Jesus Christus is.

Uit die naam self kan maklik afgelei word wat hierdie heilige amp alles behels. 'n Gewone herder laat tog die kudde wat aan hom toevertrou is, wei; hy lei, beskerm en regeer hulle. Dit is ook die werk van die geestelike herders, want God stel hulle aan oor die kudde wat Hy tot die saligheid roep en wat Hy as die skape van sy weiding beskou. Die weiding waarvan hierdie skape moet lewe, is die verkondiging van die goddelike Woord saam met die bediening van die gebede en die sakramente. Die Woord van God is ook die staf waarmee die kudde gelei en geregeer word.

Op grond hiervan is dit duidelik dat die amp van die herders of bedienaars van die Woord die volgende behels:

Eerstens moet hulle die Woord van die Here, soos dit in die Heilige Skrif geopenbaar is, grondig en opreg aan hulle gemeentes verkondig. Hulle moet dit in die openbaar en afsonderlik tot heil van die toehoorders doen deur hulle te onderrig, te vermaan, te vertroos en te

Hand 20:21 bestraf volgens elkeen se behoefte. Die bekering tot God en die versoening met Hom deur die geloof in Jesus Christus moet verkondig word, en met die Heilige Skrif moet alle dwalinge en ketterye wat met die suiwere leer in stryd is, weerlê word. Dit word vir ons duidelik in die Skrif geleer; want terwyl die apostel Paulus sê

I Tim 5:17 dat hulle in die Woord moet arbei, leer hy ook elders
Rom 12:7 dat dit na die maat of reël van die geloof moet geskied.
Tit 1:9 Hy skrywe ook dat 'n herder moet vashou aan die
II Tim 2:15 betroubare Woord wat volgens die leer is, en dit reg moet sny; net so ook: hy wat profeteer — dit wil sê:

I Kor 14:3 wat die Woord van God spreek — spreek tot mense

woorde van opbouing en troos en bemoediging. Op 'n ander plek hou Paulus homself as 'n voorbeeld aan die herders voor as hy verklaar dat hy in die openbaar en in die huise onderrig gegee het en kragtig aangedring het op die bekering tot God en die geloof in Jesus Christus. Ons het veral 'n duidelike beskrywing van die amp van 'n evangeliedienaar waar die apostel dit só stel:

Hand 20:20

Hand 20:21

II Kor 5:18-20

Dit alles is uit God, wat ons met Homself versoen het deur Jesus Christus en aan ons — dit wil sê aan die apostels en herders — die bediening van die versoening gegee het, naamlik dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het deur hulle hulle misdade nie toe te reken nie en die woord van versoening aan ons toe te vertrou. Ons tree dan op as gesante om Christus wil, asof God deur ons vermaan. Ons bid julle om Christus wil: Laat julle met God versoen.

Tit 1:9, 11

Verder, met betrekking tot die weerlegging van die onsuiwere leer, sê dieselfde apostel dat 'n dienaar aan die Woord van God moet vashou om die teensprekers te kan weerlê en die mond te snoer.

Hand 6:4

Tweedens is dit die amp van die herders om die Naam van God in die openbaar vir die hele gemeente aan te roep. Want ook vir die herders geld wat die apostels van hulleself sê, naamlik: Maar ons sal al ons aandag gee aan gebed en die bediening van die Woord. Dit het die heilige apostel Paulus in gedagte as hy vir Timoteus sê: In die eerste plek vermaan ek dan dat smekinge, gebede, voorbedes, dankseggings gedoen moet word vir alle mense; vir konings en almal wat hooggeplaas is.

I Tim 2:1

Derdens is dit hulle amp om die sakramente te bedien wat die Here as seëls van sy genade ingestel het. Dit blyk uit die bevel wat Christus aan die apostels gegee het en daarmee ook aan die herders:

Matt 28:19
I Kor 11:23

Doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Net so ook die volgende: Want ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het dat die Here Jesus in die nag waarin Hy verraai is, brood geneem het...

Laastens is dit die amp van die bedienaars van die Woord om saam met die ouderlinge die tug in die gemeente van God te handhaaf ter wille van die goeie orde en die gemeente te regeer soos die Here dit voorgeskryf het. Want nadat Christus oor die Christelike tug gespreek het, sê Hy vir sy apostels: „Wat julle ook al op die aarde toesluit, sal in die hemel toegesluit bly."

Matt 18:18

I Tim 3:5

En Paulus verlang dat die bedienaars in staat moet wees om hulle eie huise goed te regeer, omdat hulle anders nie vir die gemeente van God kan sorg of dit kan regeer nie. Daarom word die herders in die Skrif ook genoem rentmeesters van God en biskoppe; dit wil sê opsieners en wagters. Hulle moet toesig hou oor die huis van God waarin hulle verkeer, sodat alles daarin ordelik en betaamlik kan verloop.

Verder moet hulle met die sleutels van die hemelryk wat aan hulle toevertrou is, oop- en toesluit volgens die opdrag wat die Here aan hulle gegee het.

Uit die voorgaande is dit duidelik hoe 'n heerlike werk die herdersamp is, omdat sulke groot dinge daardeur tot stand kom; ja, hoe uiters noodsaaklik dit is, omdat mense daardeur tot die saligheid gebring word. Dit is dan die rede waarom die Here wil hê dat hierdie amp altyd sal bly bestaan. Daarom sê Christus aan sy apostels as Hy hulle uitstuur om hierdie heilige bediening te vervul: „Ek is met julle al die dae tot die voleinding van die wêreld." Hieruit blyk dit dat dit sy wil is dat hierdie heilige diens altyddeur op die aarde onderhou moet word, want die persone wat Hy daar aanspreek, kon nie tot die voleinding van die wêreld in die lewe bly nie. Daarom vermaan Paulus Timoteus ook om wat hy van hom gehoor het, toe te vertrou aan getroue manne wat bekwaam sal wees om ander te leer; soos hy ook aan Titus, nadat hy hom as herder in diens gestel het, bevel gee om van stad tot stad ouderlinge aan te stel. Omdat ons nou 'n (nuwe) dienaar van die Woord in die diens bevestig ten einde hierdie diens in die kerk van die Here in stand te hou, moet u, broeder N, antwoord op wat aan u gevra sal word, sodat elkeen kan hoor dat u bereid is om hierdie diens te aanvaar:

Matt 28:20

II Tim 2:2

Tit 1:5

Eerstens: Is u in u hart oortuig dat u wettig deur die gemeente, en daarom deur God self, tot hierdie heilige diens geroep is?

Tweedens: Bely u dat die Skrifte van die Ou- en Nuwe Testament die enige Woord van God en die volkome leer van die saligheid is en verwerp u alle leringe wat daarmee in stryd is?

Derdens: Beloof u om u amp, soos dit aan u voorgehou is, volgens hierdie leer getrou uit te oefen en om u leer met 'n godvrugtige lewe te versier, terwyl u u sal onderwerp aan die kerklike opsig en tug volgens die algemene orde van die kerke as u miskien in leer of lewe afwyk?

Hierop moet hy antwoord:

Ja, van harte.

Daarna moet die bedienaar wat die vrae gestel het hom die regterhand op die hoof lê en soos volg spreek:*

Mag God, ons hemelse Vader, wat u tot hierdie diens geroep het, u deur sy Heilige Gees verlig, u deur sy hand versterk en u in u bediening so regeer dat u daarin na behore en vrugbaar kan wandel, tot grootmaking van sy Naam en tot uitbreiding van die ryk van sy Seun, Jesus Christus.

Amen.

* Die handoplegging vind slegs plaas in geval van die bevestiging van 'n proponent

Daarna moet die bedienaar vanaf die kansel die bevestigde bedienaar en verder die hele gemeente soos volg vermaan:

Hand 20:28 Geliefde broeder en mededienaar in Christus, „Pas uself op en die hele kudde wat die Heilige Gees onder u sorg gestel het. Soos wagters 'n kudde versorg, so moet u die gemeente van God versorg wat Hy vir Hom verkry het deur die bloed van sy eie Seun." U moet Christus liefhê

I Petr 5:2, 3 en as herder sy skape laat wei deur oor hulle toesig te hou, nie uit dwang nie maar gewillig; nie om vuil gewin nie maar met bereidwilligheid; ook nie as heerser oor die erfdeel van die Here nie maar as 'n voorbeeld vir

I Tim 4:12 die kudde. Wees 'n voorbeeld vir die gelowiges in woord,
I Tim 4:13 in wandel, in liefde, in gees, in geloof, in reinheid. Hou
I Tim 4:14 aan met voorlesing, vermaning en lering; en verwaarloos
I Tim 4:15 nie die genadegawe wat u gegee is nie. Wees vlytig in hierdie dinge, leef daarin, sodat u vooruitgang vir almal

I Tim 4:16 duidelik kan wees. Let op die leer en volhard daarin.
II Tim 2:3 Verdra geduldig alle lyding en verdrukking soos 'n goeie
I Tim 4:16 krygsman van Christus, want deur dit te doen sal u uself
I Petr 5:4 red sowel as die wat u hoor. En wanneer die Opperherder verskyn, sal u die onverwelklike kroon van heerlikheid ontvang.

En u, geliefde Christene, ontvang u bedienaar in die Here met blydskap. Betoon sulke manne die nodige agting. Dink daaraan dat God self u deur hom toespreek en vermaan. Neem dan die woord aan wat hy u volgens die Heilige Skrif verkondig, nie as die woord van mense nie maar soos dit waarlik is, as die Woord van God.

Jes 52:7 Laat die voete van hulle wat die goeie boodskap van
Hebr 13:17 vrede verkondig, vir u lieflik en aangenaam wees. Wees gehoorsaam en onderdanig aan u voorgangers, want hulle waak vir u siele as diegene wat rekenskap moet gee, sodat hulle dit met blydskap kan doen en nie met 'n gesug nie; want dit is nie vir u voordelig nie. As u dit doen, sal die vrede van God in u huise inkom en

Matt 10:41 sal u wat hierdie broeder ontvang omdat hy 'n profeet is, die loon van 'n profeet ontvang, en omdat u deur sy woord in Christus glo, deur Christus die ewige lewe beërwe.

Maar aangesien niemand uit homself tot enigiets van al hierdie dinge bekwaam is nie, laat ons God met danksegging bid:

Barmhartige Vader, ons dank U dat dit U behaag om vir U uit die verlore menslike geslag deur die diens van mense 'n gemeente tot die ewige lewe te vergader; en dat U hierdie gemeente nog so genadig voorsien het van 'n getroue bedienaar van die Woord.

Ons bid U, maak hom deur u Gees hoe langer hoe meer bekwaam vir die diens waarvoor U hom toeberei en geroep het. Open sy verstand om u Heilige Skrif te verstaan en gee aan hom 'n woord, as hy sy mond oopmaak, om met vrymoedigheid die verborgenheid van die evangelie bekend te maak. Gee hom wysheid en insig om die gemeente waaroor hy gestel is, reg te regeer en

in Christelike vrede te bewaar, sodat u gemeente onder sy bediening en deur sy goeie voorbeeld mag toeneem in getal en deug. Gee dat hy moedig mag wees in alle moeilikhede en probleme wat hy in sy diens mag teëkom. Versterk hom deur die troos van u Heilige Gees, sodat hy tot die einde toe standvastig kan bly .n eenmaal saam met die getroue diensknegte in die vreugde van sy Here ontvang mag word.

Verleen ook aan die gemeente u genade om hulle teenoor hulle herder te gedra soos dit behoort. Gee dat hulle hom as u gesant erken, sy leer met agting aanneem en hulle aan sy vermaning onderwerp, sodat hulle deur sy woord in Christus mag glo en die ewige lewe deelagtig word.

Verhoor ons, o Vader, deur u geliefde Seun, wat ons geleer het om so te bid:

Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel. Gee ons vandag ons daaglikse brood; en vergeef ons ons oortredinge soos ons ook die vergewe wat teen ons oortree; en laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.

Amen.

FORMULIER VIR DIE BEVESTIGING VAN OUDERLINGE EN DIAKENS

Geliefdes in ons Here Jesus Christus,

U weet hoe ons nou verskillende male die name afgekondig het van ons medebroeders/**en susters** wat as ouderlinge en diakens van hierdie gemeente gekies is, ten einde te verneem of iemand iets het waarom hulle nie in hulle amp bevestig kan word nie.

Aangesien niemand egter enige wettige besware teen hulle bevestiging voorgelê het nie, sal ons hulle nou in die Naam van die Here in hulle amp bevestig.

Vir dié doel moet u, broeders/**en susters** wat bevestig word, en ook alle aanwesiges, eers uit die Woord van God 'n kort uiteensetting van die instelling en ampswerk van die ouderlinge en diakens aanhoor.

Instelling — **Ouderlinge**

Met betrekking tot die ouderlinge die volgende:

Eks 18:19 e v — Die woord ouderling of oudste is aan die Ou Testament ontleen en dui 'n persoon aan wat 'n regeeramp beklee. Dit word gebruik van twee soorte persone wat

I Tim 5:17 — in die kerk van Christus dien; want as die apostel sê: Laat die ouderlinge wat goed regeer, dubbele eer waardig geag word, veral dié wat in woord en leer arbei, blyk hieruit dat daar in die kerk van daardie tyd twee soorte ouderlinge was. Sommige van hulle het in die Woord en leer gearbei en die ander nie. Eersgenoemdes was die bedienaars van die Woord en herders, wat die evangelie verkondig en die sakramente bedien het. Die ander, wat nie die Woord uitgelê het nie en nogtans in die gemeente gedien het, was in 'n afsonderlike amp werksaam. Hulle het naamlik oor die gemeente opsig gehou en dit saam met die bedienaars van die Woord geregeer; want nadat Paulus van die leeramp en ook van die amp van die uitdeling of diakenskap gespreek het, praat hy in Rom 12:8 van hierdie diens afsonderlik waar hy sê: Wie 'n voorganger is, laat hy dit met ywer wees. Net so

1 Kor 12:28 — vermeld hy ook op 'n ander plek die regering onder die gawes en ampte wat God in die gemeente ingestel het. Hierdie soort ampsdraers is dus vir die ander, wat die evangelie verkondig, tot hulp en bystand, terwyl dit tog twee verskillende ampte gebly het. Buitendien is dit goed dat daar by die bedienaars van die Woord mederegeerders gevoeg word, sodat daardeur alle tirannie en magsmisbruik al hoe beter uit die gemeente van God geweer kan word. Dit kan makliker intree wanneer die regering aan een alleen of aan 'n paar toevertrou is. Die bedienaars van die Woord en die ouderlinge vorm dan saam 'n liggaam of vergadering wat as die kerkraad dien en die hele gemeente verteenwoordig. Dít is waarna die Here Christus verwys as Hy beveel: Sê dit aan

Matt 18:17 — die gemeente, wat seker nie op elke lidmaat van die gemeente afsonderlik betrekking het nie maar wel op diegene wat deur die gemeente gekies is om hulle te regeer.

Ampswerk — Die ampswerk van die ouderlinge is soos volg:

Eerstens: Die ouderlinge moet saam met die bedienaars van die Woord oor die gemeente wat aan hulle toevertrou is, opsig hou, om sorgvuldig toe te sien dat elkeen hom in belydenis en wandel betaamlik gedra, om die onordelikes te vermaan en om soveel moontlik te voorkom dat die sakramente ontheilig word. Verder moet hulle volgens die Christelike dissipline of kerklike tug optree teen die wat nie berou het nie, en die wat wel berou het, weer in die gemeenskap van die kerk ontvang.

I Kor 5
II Kor 2 — Soos uit die voormelde uitspraak van Christus en uit meer uitsprake van die Skrif blyk, berus hierdie pligte nie net by een of twee persone nie maar by 'n aantal wat daarvoor aangestel is.

Tweedens: Die apostel beveel dat alles onder Christene welvoeglik en ordelik moet toegaan en dat niemand in die kerk van Christus mag dien wat nie wettig geroep is volgens die Christelike reëling wat daaromtrent bestaan nie. Daarom is dit die werk van die ouderlinge om op die goeie orde ag te gee en die bedienaars van die Woord in alle sake wat die welstand en die orde van die kerk betref, met raad behulpsaam te wees. Ja, hulle moet ook alle Christene met raad en troos bystaan.

Derdens: Dit is hulle amp om veral oor die leer en wandel van die bedienaars van die Woord opsig te hou, sodat alles tot opbouing van die kerk mag strek en geen vreemde leer voorgedra word nie. Daarvan lees ons in Hand 20:29, waar die apostel vermaan dat goed wag gehou moet word teen die wolwe wat onder die kudde van Christus mag indring.

Om daartoe in staat te wees, moet die ouderlinge die Woord van God ywerig ondersoek en hulle gedurig oefen in die bepeinsing van die verborgenhede van die geloof.

Instelling — **Die diakens**

Van die oorsprong en instelling van die diakenamp lees ons in die Handelinge van die Apostels. Daar vind ons

Hand 4:34, 35 — dat die apostels in die begin die bediening van die armes self behartig het. Aan hulle voete is neergelê die op-

Hand 6:1-6 — brengs van wat verkoop is en aan elkeen is uitgedeel volgens wat hy nodig gehad het. Maar toe daar 'n ontevredenheid gekom het omdat die weduwees van die Griekssprekende Jode in die daaglikse versorging afgeskeep word, is daar op aandrang van die apostels manne gekies wat bepaaldelik die bediening van die armes moes behartig, sodat die apostels in die gebed en in die bediening van die Woord beter kon volhard. Dit is van die tyd af in die kerk onderhou, soos blyk uit Rom 12:8, waar die apostel van hierdie diens sê: Laat dié wat uitdeel, dit doen in opregtheid. En as hy in I Kor 12:26 van die helpers praat, bedoel hy diegene wat in die gemeente aangestel is om die armes en ellendiges in hulle nood te help.

Ampswerk — Uit hierdie tekste is dit baie duidelik wat die amp van dié diakens is. Hulle moet getrou en ywerig die offer-

gawes wat vir die armes gegee word, versamel en bewaar; hulle moet ook net so nougeset sorg dat daar tot ondersteuning van die armes goeie middele gevind word.

Hulle amp behels verder die uitdeling. Daarvoor word nie alleen die gawe van onderskeiding en versigtigheid vereis om die offergawes net te bestee waar dit nodig

Rom 12:8 is nie, maar ook blymoedigheid en opregtheid, om met bewoë hart en toegeneë gemoed die armes te help. Daar-

II Kor 9:7 om is dit goed dat hulle nie net met die uiterlike gawes nie maar ook met gepaste trooswoorde uit die Woord van God aan die armes en ellendiges hulp verleen.

Vrae Geliefde broeders/**en susters,** u moet op hierdie vrae antwoord, sodat elkeen kan hoor dat u bereid is om hierdie dienste (elkeen sy eie) te aanvaar.

Eerstens: Is u in u hart daarvan oortuig dat u wettig deur die gemeente van God en daarom deur God self tot hierdie heilige diens (elkeen sy eie) geroep is?

Tweedens: Bely u dat u die Ou- en Nuwe Testament aanvaar as die onfeilbare Woord van God en as die volkome leer van die saligheid, en verwerp u alle leringe wat daarmee in stryd is?

Derdens: Beloof u om u amp, soos dit aan u voorgehou is, volgens hierdie leer getrou te vervul; die ouderlinge in die kerkregering saam met die bedienaars van die Woord en die diakens in die versorging van die armes? Beloof u ook gesamentlik om in alle godsaligheid te wandel en om u ook aan die kerklike vermaninge te onderwerp as u miskien in leer of lewe afwyk?

Hierop vra die bedienaar: N N, wat is hierop u antwoord?

Hierop moet hulle antwoord: Ja.

Daarop moet die bedienaar sê: Mag die alvermoënde God en Vader u sy genade gee dat u in hierdie diens getrou en vrugbaar werksaam mag wees.
Amen.

Verder moet hy hulle sowel as die hele gemeente soos volg vermaan:

Wees dan, ouderlinge, ywerig in die regering van die kerk, wat aan u saam met die bedienaars van die Woord toevertrou is. Wees ook soos wagters oor die huis en die stad van God en vermaan en waarsku elkeen getrou teen sy verderf. Gee daarop ag dat die suiwerheid van die leer en die vroomheid van lewenswandel in die gemeente van die Here onderhou word.

En u, diakens, wees vlytig in die insameling van die gawes, versigtig en blymoedig by die uitdeling daarvan;

Gal 6:10 kom die bedruktes te hulp; versorg die regte weduwees en wese; doen goed aan almal maar veral aan die huisgenote van die geloof.

Wees almal saam in u diens getrou, bewaar die verborgenheid van die geloof in 'n rein gewete en wees goeie

I Tim 3:13 voorgangers vir die hele gemeente. So sal u vir uself 'n eervolle plek verkry en baie vrymoedigheid in die

geloof in Christus Jesus en na hierdie lewe in die vreugde van u Here ingaan.

I Tim 5:17 Aan die ander kant, geliefde Christene, ontvang hierdie manne/**en vroue** as diensknegte van God. Ag die ouderlinge wat goed regeer, dubbele eer waardig; stel u gewillig onder hulle opsig en regering.

Voorsien die diakens van goeie middele tot hulp van die armes. Laat die rykes weldadig wees, mildelik gee en mededeelsaam wees. Laat die armes arm van gees wees en hulle versorgers met alle agting bejeën, dankbaar teenoor hulle wees en nie murmureer nie. Volg Christus na ter wille van die spys van die siel en nie ter wille van die brood nie. Doen u daaglikse werk met getrouheid, sodat u ook iets kan hê om mee te deel aan diegene wat gebrek ly. As u dit doen, elkeen in sy amp, sal u van die Here die loon van die geregtigheid ontvang.

Gebed Maar omdat ons uit onsself hiertoe onbekwaam is, laat ons die almagtige God aanroep:

Here God, hemelse Vader, ons dank U dat dit U behaag om, tot groter bloei van u kerk, daarin naas die bedienaars van die Woord ouderlinge en diakens in die kerk te gee, deur wie u gemeente in goeie vrede en welstand bewaar en die behoeftiges versorg kan word. Ons dank U dat U ons in hierdie gemeente manne/**en vroue** skenk van goeie getuienis wat die gawe van u Gees besit. Ons bid U, verleen hulle al meer en meer die gawes wat hulle in hulle bediening nodig het. die gawe van wysheid, van moed, van onderskeiding en van weldadigheid, sodat elkeen sy amp kan uitoefen soos dit hoort. Gee dat die ouderlinge vlytig toesig mag hou oor die leer en wandel, die wolwe mag weer uit die kudde van u geliefde Seun en die ontroues mag vermaan en bestraf. Gee dat die diakens die gawes ywerig mag ontvang en mild en versigtig aan die armes mag uitdeel en hulle liefdevol met u heilige Woord mag vertroos. Skenk aan die ouderlinge en die diakens u genade dat hulle in hulle troue arbeid standvastig voortgaan sonder om deur enige moeite, verdriet of vervolging van die wêreld ooit te verslap.

Verleen ook u goddelike seën aan die gemeente waaroor hulle gestel is, sodat die gemeente hom gewillig onderwerp aan die goeie vermaning van die ouderlinge en hulle ook in ere hou ter wille van hulle amp. Gee aan die rykes milde harte vir die armes, en aan die armes 'n dankbare gemoed teenoor diegene wat hulle help en bedien, sodat hulle deur die getroue uitvoering van hulle amp u heilige Naam mag grootmaak en die ryk van u Seun Christus mag bevorder, in wie se Naam ons ons gebed afsluit met die woorde:

Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel. Gee ons vandag ons daaglikse brood; en vergeef ons ons oortredinge soos ons ook die vergewe wat teen ons oortree; en laat ons

nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die Bose.

Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.

Amen.

FORMULIER VIR DIE BEVESTIGING VAN DIAKENS

Geliefdes in die Here Jesus Christus,

Ons het verskillende male die name afgekondig van ons mede-broeders en susters wat as diakens vir hierdie gemeente gekies is, om te verneem of iemand iets het waarom hulle nie in hulle amp bevestig kan word nie. Omdat niemand egter enige wettige besware teen hulle bevestiging voorgelê het nie, sal ons hulle nou in die Naam van die Here in hulle amp bevestig.

Vir die doel moet u, wat bevestig word, ook alle aanwesiges eers uit die Woord van God 'n kort uiteensetting van die instelling en ampswerk van die diakens aanhoor.

Die amp van diaken is nie gegrond in die mens nie, maar in God. Dit is nie die mens se gevoel tot barmhartigheid wat die grondslag daarvan vorm nie, maar God se barmhartigheid soos geopenbaar in Jesus Christus. Omdat God eerste in Jesus Christus aan ons barmhartigheid bewys het, word sy kerk ook nou geroep om barmhartigheid aan ander te bewys. Die barmhartigheid van God in Jesus Christus, is die verlossing van die mens uit sy grootste nood en ellende naamlik die sonde en die dood. Die eerste roeping van die kerk met betrekking tot sy barmhartigheidsdiens sal daarom verkondiging van Jesus Christus moet wees, in wie die mens, deur die Heilige Gees, alleen barmhartigheid kan ontvang. Om hierdie diens te vervul, het God in die besonder bepaal, dat daar bedienaars van die Woord en ouderlinge moet wees. God se verlossing uit sonde en dood omvat ook die belofte van die mens se bevryding van die gevolg van die sonde. Op grond hiervan wil God dat sy kerk die mens in sy aardse nood sal bystaan en het God van die vroegste tye af manne en vroue geroep om hierdie dienswerk in sy kerk te verrig (Hand 6:3-5; Rom 12:6-8; 16:1, 2; I Kor 16:1-4; I Tim 3:8-13 en 5:9, 10). God roep nie alleen hierdie dienaars nie, maar skenk self, deur die Heilige Gees, die bekwaamheid om hierdie dienswerk te verrig (I Kor 7:7 en 12:4).

Aan die begin het die apostels self die bediening van die armes behartig (Hand 4:34, 35). Toe daar klagtes ontstaan het, omdat die weduwees van die Griekssprekende Jode afgeskeep word, is op aandrang van die apostels manne gekies wie se werk die bediening van die armes sou wees, sodat die apostels in die gebed en die bediening van die Woord des te beter kon volhard (Hand 6:1-6). En dit is van daardie tyd af in die kerk onderhou, soos blyk uit Rom 12:8, waar die apostels van hierdie diens spreek en sê: Laat die wat uitdeel dit doen in opregtheid. En wanneer hy in I Kor 12:28 van die helpers en in Rom 16:1 van 'n dienares spreek, bedoel hy diegene wat in die gemeente gestel is om die armes en ellendiges te help in nood.

Uit hierdie plekke is dit duidelik genoeg wat die amp van die diaken is: Hulle moet eerstens met getroudheid die huisgenote van die geloof, maar ook alle mense in nood versorg: die armes, die siekes, die oues van dae, die bedroefdes, die weduwees, die wese, ja elke mens in nood en ellende. Aangesien ons alleen ware troos en verlossing in Jesus Christus kan vind, sal die vertroosting uit die Woord van God sentraal in hulle werk moet staan en sal dit gedoen moet word in noue samehang met die ander ampte. Tweedens moet die diaken met alle getrouheid en ywer die offergawes wat aan die armes en vir die instandhouding van die kerk en erediens gegee word, versamel en bewaar; die lidmate saam met die ander ampsdraers só toerus, dat hulle hulle gawes mildelik uit dankbaarheid sal gee. Derdens dat hulle die bediening by die tafels, soos die naam diaken aandui en soos dit in die vroegste tyd in die kerk gedoen is, nie sal verwaarloos nie.

Hierdie verhewe diens kan alleen uit dankbare gehoorsaamheid teenoor die Heer van die kerk verrig word. Dit vereis van die diaken: getroue opgaan na die erediens, getroue onderhouding van die huisgodsdiens en 'n godsalige lewe, onder alle omstandighede.

Dat dan elkeen, geliefdes, kan hoor dat u gesind is om die voormelde diens aan te neem, moet u antwoord op wat aan u voorgehou sal word.

Eerstens: Is u in u hart daarvan oortuig dat u wettig deur die gemeente van God en daarom deur God self, tot hierdie heilige diens geroep is?

Tweedens: Bely u dat u die Ou- en Nuwe Testament aanvaar as die onfeilbare Woord van God en as die volkome leer van die saligheid, en verwerp u alle leringe wat daarmee in stryd is?

Derdens: Beloof u om u amp, soos dit aan u voorgehou is, volgens hierdie leer getrou te vervul? Beloof u ook om 'n Christelike lewe te lei en u aan die kerklike vermaninge en tug te onderwerp as u u misdra en u amp nie getrou bedien nie?

Hierop moet hulle antwoord: Ja.

En daarop moet die dienaar sê: Mag die almagtige God en Vader u sy genade gee dat u in hierdie diens getrou en vrugbaar werksaam mag wees.

Amen.

Onthou die Skrifwoord: „En Hy sal hulle antwoord: ‚Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van hierdie geringstes nie gedoen het nie, het julle dit aan My ook nie gedoen nie' " (Matt 25:45). „Die wat goed gedien het, verkry vir hulle 'n eervolle plek en veel vrymoedigheid in die geloof in Christus Jesus" (I Tim 3:13). Die gemeente moet die Skrifwoord onthou: „Op die eerste dag van die week moet elkeen van julle by homself opsy sit en opspaar namate sy voorspoed" (I Kor 16:2). „Beproef My tog hierin sê die Here van die leërskare, of Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle 'n oorvloedige seën sal uitstort nie" (Mal 3:10).

Aangesien ons uit onsself nie bekwaam is om die dienswerk te verrig, waartoe ons geroep word nie, laat ons die almagtige God aldus aanroep: Barmhartige God en Vader, ons dank U dat U in Jesus Christus die allergrootste barmhartigheid aan ons bewys het; dat U deur Hom ons sonde vergewe én graf én dood vir ons oorwin het. Ons dank U dat ons, op grond van die barmhartigheid aan ons bewys, nou ook aan ander, uit dankbaarheid, barmhartigheid kan bewys. Ons dank U, dat U self hierdie dienswerk in u kerk wil onderhou deurdat U naas die amp van die dienaar van die Woord en die ouderling, ook die amp van die diaken ingestel het.

Uit barmhartigheid het U tans op hierdie plek aan ons manne en vroue gegee van goeie getuienis. Wil U self deur genade hulle bekwaam maak vir hierdie diens. Skenk aan hulle getrouheid. Gee dat hulle sal besef dat hulle nie in diens van die mense staan nie, maar in u verhewe diens.

Skep ook by die gemeente die regte gesindheid teenoor hulle. Gee dat die gemeente hulle sal ontvang asof deur U self gestuur. Open U self die hand van elkeen dat hulle uit dankbaarheid, na die maat wat U aan hulle meegedeel het, sal gee. Gee vertroosting in die harte van hulle wat U self gemaak het tot voorwerp van u kerk se versorging. Leer ons almal om alleen van u genade te leef. U genade is vir ons genoeg. Laat deur alles u Naam groot gemaak en geprys word en bevorder die ryk van u Seun Jesus Christus, in wie se Naam ons ons gebed afsluit met die woorde:

Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naaam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel. Gee ons vandag ons daaglikse brood; en vergeef ons ons oortredinge soos ons ook die vergewe wat teen ons oortree; en laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die Bose.

Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.
Amen.

FORMULIER VIR DIE BAN OF AFSNYDING VAN DIE GEMEENTE VAN CHRISTUS

Geliefdes in die Here Jesus Christus,
Ons het nou al verskillende kere van stap tot stap aan u bekend gemaak watter groot sonde ons mede-lidmaat, N, gedoen het en watter groot aanstoot hy daarmee gegee het.

II Tess 3:14
II Tim 2:26

Ons het dit bekend gemaak sodat hy hom deur u Christelike vermaninge en gebede tot God sou bekeer en dat hy, bevry van die strik van die duiwel wat hom gevange hou om sy wil te doen, weer nugter sou word om die wil van die Here te doen.

Rom 2:5, 6

Maar met groot droefheid moet ons u meedeel dat daar nog niemand gekom het wat kon getuig dat hy as gevolg van die vermaninge — aan hom alleen en voor ander — tot berou oor of belydenis van sy sonde gekom het nie. Inteendeel, hy het sy oortreding, wat nie gering is nie, deur sy hardnekkigheid nog daagliks vergroot.

Ons het u reeds meegedeel dat ons die uiterste geneesmiddel sal moet toepas as hy hom, na al die geduld wat die kerk met hom gehad het, nie bekeer nie en ons nog meer rede tot droefheid gee.

Daarom is ons verplig om hom volgens die bevel en opdrag van die heilige Woord van God van die gemeente af te sny, sodat hy, as dit nog moontlik is, hom oor sy sonde sal skaam. So sal ook voorkom word dat die hele gemeente deur hierdie lidmaat, wat tot nou toe in die sonde volhard, in gevaar gestel en die Naam van God gelaster word.

I Kor 5:4

Daarom verklaar ons, die kerkraad van hierdie gemeente, wat in die Naam en krag van ons Here Jesus Christus vergader is, voor almal dat N, as gevolg van genoemde redes uitgesluit is en hiermee uit die gemeente van die Here uitgesluit word. Verder verklaar ons openlik dat hy, so lank as hy so sonder berou in sy sondes volhard, geen deel het aan die gemeenskap van Christus, aan die sakramente en aan al die geestelike seëninge en weldade wat God aan sy gemeente beloof en bewys nie.

Openb 22:15
Matt 18:17, 18
Hand 8:21

Matt 18:8

Daarom moet u hom as 'n heiden en tollenaar beskou volgens die bevel van Christus, wat verklaar dat alles wat sy dienaars op die aarde toesluit, in die hemel toegesluit bly.

Verder vermaan ons u, geliefde Christene, om nie met hom gemeenskap te hou nie, sodat hy beskaam mag word. Nogtans moet u hom nie as vyand beskou nie, maar hom van tyd tot tyd vermaan soos met 'n broeder gedoen word.

I Kor 10:11, 12

Intussen moet elkeen van ons uit hierdie en soortgelyke voorbeelde leer om die Here te vrees. Ons moet ook daardeur aangespoor word om op ons hoede te wees dat ons nie val as ons dink dat ons staan nie. As ons

I Joh 1:6, 7

ware gemeenskap met die Vader en sy Seun Christus en met alle gelowiges het, moet ons daarin volhard tot

Mark 13:13

die einde toe, om so die ewige saligheid te verkry. Geliefde broeders en susters, u het gesien hoe hierdie lidmaat wat afgesny is, begin afwyk het en algaande nader aan sy val gekom het. Let dan op hoe listig die Satan die mens tot die verderf lei en wegtrek van al die heilsame middele tot saligheid.

Hebr 12:1

Waak teen die geringste begin van die kwaad. Wees dan gehoorsaam aan die vermaning van die apostel en lê elke las af en ook die sonde wat ons so maklik omring. Loop met volharding die wedloop wat voor u lê, met die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof. Wees nugter, waak en bid dat u nie in versoeking val nie. Vandag, as u die stem van die Here hoor, verhard u hart nie, maar werk u eie heil uit met vrees en bewing. Elkeen moet berou hê oor sy sonde, sodat God ons nie weer verneder en ons weer oor een van ons moet treur nie maar dat u deur eendragtig in godsaligheid te lewe, ons kroon en blydskap in die Here kan wees.

Ps 95:8
Hebr 3:15
Filip 2:12

Filip 1:27

Maar aangesien dit God is wat in ons werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae, laat ons sy heilige Naam met belydenis van ons sonde aanroep:

Gebed

Regverdige God, barmhartige Vader, ons treur oor ons sondes voor u hoë majesteit en erken dat ons die droefheid en die smart wat ons in die afsnyding van ons gewese lidmaat ervaar het, terdeë verdien het. Ons almal verdien dit om weens ons groot oortreding deur u afgesny en vertoot te word as U met ons in die gerig wil tree. Maar, Here, wees ons om Christus ontwil genadig en vergeef ons ons misdade, want ons het van harte berou daaroor. Gee in ons harte hoe langer hoe meer 'n gevoel van smart oor ons sonde, sodat ons ons sal beywer om U te behaag omdat ons vrees vir die oordele wat U oor die hardnekkiges laat gaan. Stel ons op ons hoede teen alle besmetting van die wêreld en van die wat van die gemeenskap van die kerk afgesny is, sodat ons geen deel aan hulle sondes mag hê nie en dat die wat afgesny is, beskaam mag word.

Aangesien U geen behae in die dood van die sondaar het nie, maar daarin dat hy hom bekeer en lewe, staan u kerk altyd oop vir die wat terugkeer. Laat dan tog 'n goeie ywer in ons ontvlam, sodat ons met gepaste Christelike vermaninge en voorbeelde sal trag om hierdie persoon wat afgesny is, sowel as almal wat deur ongeloof of 'n roekelose lewe afdwaal, weer op die regte pad te bring. Gee u seën op ons vermaninge, sodat ons daardeur rede mag vind om ons weer in hulle oor wie ons nou moet rou, te verbly en dat u heilige Naam so geprys mag word. Dit vra ons deur ons Here Jesus Christus, wat ons geleer het om so te bid:

Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel. Gee ons vandag ons daaglikse brood; en vergeef ons ons oortredinge

soos ons ook die vergewe wat teen ons oortree; en laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die Bose.

Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.

Amen.

FORMULIER VIR DIE HEROPNAME VAN DIÉ WAT VAN DIE GEMEENTE VAN CHRISTUS AFGESNY IS

Afkondiging

Geliefdes in die Here,

U weet dat ons medelidmaat, N, 'n tyd gelede van die gemeente van Christus afgesny is.

Nou kan ons u meedeel dat hy deur hierdie geneesmiddel sowel as deur goeie vermaninge en u Christelike gebede so ver gekom het dat hy hom oor sy sonde skaam en begeer om weer in die gemeenskap van die kerk opgeneem te word. Ons is op grond van die bevel van God verplig om die boetvaardiges met blydskap te ontvang, en dit is nodig om dit met goeie orde te doen. Daarom gee ons u hiermee kennis dat ons die lidmaat wat afgesny is, by die eerste geleentheid wanneer die nagmaal van die Here gehou word, deur die genade van God van die band van afsnyding sal losmaak en weer in die gemeenskap van die kerk sal ontvang. Ons sal dit doen tensy iemand van u iets wettigs daarteen kan voorlê. Intussen moet elkeen die Here dank vir die weldaad wat aan hierdie arme sondaar bewys is. U moet die Here bid dat Hy sy werk aan hom tot ewige saligheid mag voltooi.

Formulier

As daar geen wettige beswaar ingebring is nie, moet die bedienaar van die Woord op die volgende wyse oorgaan tot die heropname van die sondaar wat afgesny was.

Geliefde Christene,

Ons het u reeds meegedeel dat ons medelidmaat, N, hom bekeer het, sodat hy met u medewete weer in die gemeente van Christus opgeneem kan word. Niemand het 'n wettige beswaar teen sy heropname ingebring nie, en daarom gaan ons nou daartoe oor.

Matt 18:18

Eseg 33:11

Luk 15:10

I Kor 5

II Kor 2:7

Wanneer die Here Christus in Matteus 18 die vonnis van sy kerk in die afsnyding van die onboetvaardige sondaar bevestig, verklaar Hy onmiddellik daarby dat alles wat sy dienaars op die aarde oopsluit, in die hemel oopgesluit bly. Daarmee gee Hy te kenne dat alle hoop op die saligheid iemand nie ontneem is as hy van sy kerk afgesny is nie maar dat hy weer van die bande van verdoemenis vry kan word. Aangesien God in sy Woord verklaar dat Hy geen behae in die dood van die sondaar het nie maar daarin dat hy hom sal bekeer en lewe, het die kerk ook nog altyd hoop op die bekering van die afgedwaalde sondaar en staan die kerk oop om die bekeerde terug te ontvang. In die Korintiërbriewe beveel die apostel Paulus dat 'n sondaar uit die gemeente verwyder moet word maar ook dat hy weer opgehelp en vertroos moet word, nadat hy deur die bestraffing van baie tot inkeer gekom het, sodat hy nie deur al te groot droefheid verteer word nie. Verder leer Christus in genoemde uitspraak dat die heropname van so 'n bekeerde sondaar, volgens die Woord van die Here, deur

God as bindend en vas beskou word. Daarom hoef niemand wat hom opreg bekeer, enigsins daaraan te twyfel dat hy beslis deur God in genade aangeneem is nie, soos

Joh 20:23 Christus sê: „As julle vir mense hulle sondes vergewe, word dit hulle deur God vergewe; as julle dit nie vergewe nie, word dit nie deur God vergewe nie."

Vrae

Om oor te gaan tot die heropname, vra ek u, N: Verklaar u van harte voor God en sy gemeente dat u opreg berou het oor die sonde en hardnekkigheid waaroor u regverdiglik van die gemeente afgesny was?

Glo u waaragtig dat die Here u sonde om Christus ontwil vergewe?

Begeer u om weer in die gemeente van Christus opgeneem te word?

Beloof u om u voortaan ooreenkomstig die gebod van God godvrugtig te gedra?

Antwoord Ja.

Vermaning **Hierop moet die bedienaar sê:**

Ons wat hier in die Naam en krag van die Here Christus vergader is, verklaar dat u, N, nie meer van die gemeente afgesny is nie, en ons ontvang u terug in die gemeente van Christus. Ons verkondig aan u dat u nou weer deel het aan die gemeenskap van Christus, aan die sakramente en aan al die geestelike seëninge en weldade wat Christus aan sy gemeente beloof en bewys. Mag die ewige God u tot die einde toe deur sy enigste Seun, Jesus Christus, daarin bewaar.

Amen.

I Joh 1:9 My geliefde broeder/**suster**, wees in u hart verseker dat die Here u in genade aangeneem het. Wees voortaan uiters versigtig vir die listigheid van Satan en die boosheid van die wêreld, sodat u nie miskien weer in die sonde verval nie. U moet Christus baie liefhê, want baie sondes is u vergewe.

Luk 15:32 Geliefde Christene, ontvang hierdie broeder/**suster** met hartlike toegeneentheid. Wees bly, want hy was dood en het weer lewendig geword, hy was verlore en is gevind. Verheug u saam met die engele in die hemel oor hierdie sondaar wat hom bekeer het.

Ef 2:19 Beskou hom nie langer as 'n vreemdeling nie maar as medeburger van die heiliges en 'n huisgenoot van God.

Rom 3:12 Omdat daar in ons niks goeds is nie, laat ons die Here, die Almagtige, loof en dank en om sy genade bid:

Gebed

Barmhartige God en Vader, ons dank U deur Jesus Christus dat U aan hierdie broeder/**suster** die bekering tot die lewe geskenk het en aan ons rede om oor sy terugkeer verheug te wees. Ons bid U, bewys hom die genade dat hy in sy gemoed steeds meer en meer van die vergewing van sy sondes verseker kan wees en daaruit 'n onuitspreeklike blydskap en behae kan put

om U te dien. Gee dat hy soos hy voorheen deur sy sonde aan baie aanstoot gegee het, nou deur sy bekering baie mense mag versterk in die geloof en dat hy tot die einde toe volhardend in u weë mag wandel. Laat ons uit hierdie voorbeeld leer dat daar by U genade is sodat U gevrees mag word. Laat ons saam met ons broeder/**suster** wat ook erfgenaam van die ewige lewe is, U met kinderlike vrees en gehoorsaamheid dien al die dae van ons lewe. Dit alles bid ons van U op grond van die verdienste van ons Here Jesus Christus, in wie se Naam ons ons gebed met hierdie woorde sluit:

Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel. Gee ons vandag ons daaglikse brood; en vergeef ons ons oortredinge soos ons ook die vergewe wat teen ons oortree; en laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die Bose.

Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.

Amen.

FORMULIER OM HUWELIKE TE BEVESTIG

N en N, u het begeer dat u huwelik in die Naam van God bevestig sal word. Aangesien daarteen geen wettige beswaar ingebring is nie, gaan ons nou daartoe oor. U moet egter eers hoor hoe eerbaar die huwelik volgens die Woord van God is, en weet dat dit 'n instelling van
Hebr 13:4 God is waarin Hy behae het. Daarom het Hy ook beloof om die getroudes te seën en hulle by te staan, maar die wat in ontug lewe, oordeel en straf Hy.

Eerstens: U moet weet dat God, ons Vader, nadat Hy die hemel en die aarde en alles wat daarin is, geskep
Gen 1:27 het, die mens na sy beeld en gelykenis gemaak het. God
Gen 1:28 het hulle ook geseën en vir hulle gesê: „Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip." En God het
Gen 2:18 ook gesê: „Dit is nie goed dat die mens alleen is nie.
Gen 2:21, 23 Ek sal vir hom 'n hulp maak wat by hom pas." Toe het die Here God 'n diepe slaap op die mens laat val; en terwyl hy slaap, het Hy een van sy ribbebene geneem en die plek daarvan met vlees toegemaak. En die Here God bou die rib wat Hy van die mens geneem het, tot 'n vrou en bring haar na die mens. Toe sê die mens: Dit is nou eindelik been van my gebeente en vlees van my vlees. Sy sal mannin genoem word, want sy is uit die man geneem."

Ef 5:32 Hierdie instelling van God noem die apostel Paulus met die oog op Christus en sy gemeente, 'n groot verborgenheid.

Op grond hiervan moet u dan ook nie daaraan twyfel dat die huwelik God die Here behaag nie, want Hy het vir Adam sy vrou geskep, haar self na hom toe gelei en haar aan hom as vrou gegee. Daarmee dui Hy aan dat
Joh 2:1-11 Hy vandag nog elkeen se vrou as 't ware met sy hand na hom toe lei. Daarom het die Here Jesus Christus die huwelik ook so hoog geëer met sy teenwoordigheid, gawes en wondertekens op Kana in Galilea, om daarmee te kenne te gee dat dit deur almal as eerbaar beskou moet word.

Hoewel daar as gevolg van die sonde gewoonlik ook allerhande teëspoed en lyding oor getroudes kom, kan u nogtans in u hart seker wees van God se hulp en in die vertroue lewe dat Hy sy bystand aan u wil verleen, selfs wanneer u dit glad nie verwag nie.

Tweedens: Maar om in hierdie staat godvrugtig te kan lewe moet u vervolgens weet met watter doel God die huwelik ingestel het.

In die eerste plek: Die een moet die ander getrou help en bystaan in alles wat tot die tydelike en ewige lewe behoort.

In die tweede plek: Die menslike geslag moet deur die huwelik gebou word, ouers moet die kinders, wat hulle van die Here ontvang, in die ware kennis en die vrees

I Tess 4:3-5 van God opvoed, tot sy eer en tot hulle saligheid. Die huwelik dien ook daartoe dat die mens alle onkuisheid en bose luste vermy en met 'n goeie en geruste gewete lewe. Want om onkuisheid te vermy moet elke man sy eie vrou hê en elke vrou haar eie man.

So vermaan die evangelie ons dan dat ons hierdie heilige staat moet eer as 'n instelling wat nie gegrond is in die goeddunke van die skepsel nie, maar in die welbehae van God, ons Skepper. Tensy deur God anders gewil,
I Kor 7:9 is almal wat die leeftyd daartoe bereik het, volgens die bevel van God geroepe om te trou volgens Christelike ordening en met medewete en toestemming van hulle ouers of voogde. Hulle moet in hierdie staat ook heilig met mekaar lewe sodat die tempel van God, dit is ons liggaam, nie verontreinig word nie, want as iemand die tempel van God skend, sal God hom skend.

Derdens: U moet weet hoe die gedrag van die een teenoor die ander volgens die Woord van God moet wees. En dan moet u, man, weet dat God u as hoof
Ef 5:23 van die vrou gestel het, sodat u haar, na u vermoë, verstandig sal lei, onderrig, vertroos en beskerm soos die
Ef 5:25 hoof die liggaam regeer, ja, soos Christus die Hoof, wysheid, troos en bystand van sy gemeente is. U moet ook u vrou liefhê soos u eie liggaam, soos Christus sy gemeente liefhet. U moet nie teen haar verbitterd word nie maar verstandig met haar saamwoon.

I Petr 3:7 U moet aan die vrou, as die swakker geslag, haar eer gee, omdat u mede-erfgename van die genade van die lewe is, sodat u gebed nie verhinder word nie.

I Petr 3:7 En aangesien dit die bevel van God is dat die man in die sweet van sy aangesig sy brood moet eet, moet u ook getrou en ywerig in u beroep arbei, sodat u u huisgesin met God en met eer kan onderhou en bowendien ook iets kan hê om aan die hulpbehoewendes te gee.

Net so moet u, vrou, weet hoe u u volgens die Woord
Ef 5:24 van God teenoor u man moet gedra. U moet u man liefhê en eer en aan hom gehoorsaam wees in alle sake wat reg en billik is, net soos die liggaam aan die hoo en die gemeente aan Christus onderdanig is. U moet nie oor u man heers nie. Adam is immers eerste gemaak, daarna Eva as 'n hulp vir hom. En na die val het God aan Eva en deur haar aan die hele vroulike geslag
Gen 3:16 gesê: „. . . . na jou man sal jou begeerte wees, en hy sal oor jou heers." Hierdie verordening van God moet u nie teëstaan nie, maar u moet die gebod gehoorsaam en die voorbeeld navolg van die heilige vroue wat op God gehoop het aan hulle mans onderdanig was net soos
I Petr 3:1-6 Sara ook aan haar man gehoorsaam was. U moet u man ook behulpsaam wees in alles wat goed en reg is, en aan u gesin en huishouding die regte aandag gee. Verder moet u ingetoë en eerbaar lewe, sonder wêreldse prag, sodat u vir ander 'n voorbeeld van deugsaamheid kan wees.

Die bedienaar vra nou aan die bruidspaar:

N, en N, noudat u weet dat God die huwelik ingestel het en wat Hy u beveel, getuig u hier voor die aanwesiges dat dit u opregte voorneme is om in hierdie staat so te lewe en begeer u dat u huwelik bevestig sal word?

Antwoord: Ja.

Verklaar u N, dat sover u weet daar regtens geen beletsel is teen u voorgenome huwelik met N, hier teenwoordig nie, en dat u almal hier teenwoordig roep om getuie te wees dat u N, tot u wettige vrou neem?

Antwoord: Ja.

Verklaar u N, dat sover u weet daar regtens geen beletsel is teen u voorgenome huwelik met N, hier teenwoordig nie, en dat u almal hier teenwoordig roep om getuie te wees dat u N, tot u wettige man neem?

Antwoord: Ja.

Daarna spreek die bedienaar die bruidspaar soos volg toe:

Mag ons Here God die voorneme wat Hy u gegee het, bevestig, en mag die begin van u huwelik wees in die Naam van die Here, wat hemel en aarde geskep het.

R. Hands

Nou gee hulle mekaar die regterhand en die bedienaar sê vir die bruidegom:

N, u het hier voor God en almal teenwoordig verklaar dat u N, as u wettige vrou neem. Beloof u dat u haar nooit sal verlaat nie, dat u haar sal liefhê en getrou sal onderhou soos 'n getroue en godvresende man aan sy vrou verskuldig is? Beloof u verder dat u heilig met haar sal lewe en haar in alles getrou sal bly, ooreenkomstig die uitspraak van die heilige evangelie?
Antwoord: Ja.

Daarna vir die bruid:

N, u het voor God en almal teenwoordig verklaar dat u N, as u wettige man neem. Beloof u om hom lief te hê, hom gehoorsaam te wees, hom te dien en te help en hom nooit te verlaat nie? Beloof u verder om heilig met hom te lewe en aan hom in alles getrou te bly, soos 'n vrome en getroue vrou aan haar man verskuldig is, ooreenkomstig die uitspraak van die heilige evangelie?

Antwoord: Ja.

Hierna sê die bedienaar:

Ek verklaar dat N, en N, hier teenwoordig regtens getroud is. Mag die Vader van alle barmhartigheid, wat u deur sy genade tot hierdie huwelik geroep het, u met opregte liefde en trou verbind en u sy seën gee.

Amen.

Matt 19:3-9

Luister nou hoe sterk die huweliksband is, soos Matteus dit in die evangelie beskrywe: „Daar was Fariseërs wat Hom op die proef wou stel, en hulle kom toe by Hom

met die vraag: ‚Mag 'n man sommer oor enige ding van sy vrou skei?' Hy het hulle geantwoord: ‚Het julle nie gelees dat die Skepper hulle van die begin af, man en vrou gemaak het nie?' Daarby het Hy gesê: ‚Daarom sal 'n man van sy vader en moeder af weggaan en saam met sy vrou lewe,' en hulle twee sal een word. Hulle is dus nie meer twee nie, maar een. Wat God dan saamgevoeg het, mag 'n mens nie skei nie.

„Hulle vra Hom toe: ‚Waarom het Moses dan bepaal dat iemand 'n skeibrief moet gee en dan van haar skei?' Hy antwoord hulle: Dit is oor die hardheid van julle harte dat Moses julle toegelaat het om van julle vrouens te skei, maar dit was nie van die begin af so nie. Ek sê vir julle: ‚Elkeen wat van sy vrou skei, behalwe oor owerspel, en met 'n ander een trou, pleeg egbreuk.' "
Aanvaar hierdie woorde van die Here Christus gelowig en wees daarvan seker dat ons Here God u tot hierdie staat saamgevoeg het. Daarom moet u ook alles wat daarin oor u kom, met geduld en danksegging aanneem omdat niks in ons lewe buite die wil van God om geskied nie. So sal alles tot u beswil en saligheid strek.
Maar omdat daar in onsself niks goeds is nie en alle
Jak 1:17 goeie gawes van bo af, van die Vader van die ligte, kom, versoek ek u om neer te kniel voor die aangesig van die Here, sodat ons almal saam met u en vir u kan bid.

Gebed

Almagtige God, U wat u goedheid en wysheid in al u werke en ordeninge openbaar en van die begin af gesê het dat dit nie goed is dat die mens alleen moet wees nie — U het vir hom 'n hulp geskep wat by hom pas, en verorden dat die wat twee was, een moet wees. Ons bid U dat U aan hierdie egpaar wat U tot die huwelik geroep en saam verbind het, u Heilige Gees gee, sodat hulle in 'n ware en vaste geloof heilig mag lewe volgens u goddelike wil en alle boosheid teëstaan. Seën hulle dan ook soos U die gelowige vaders, u getroue vriende en dienaars, Abraham, Isak en Jakob, geseën het. En waar hulle mede-erfgename is van die verbond wat U met dié vaders opgerig het, bid ons dat U aan hulle die genade sal verleen om hulle kinders, as dit U behaag om hulle dié te gee, godvrugtig op te voed, tot eer van u heilige Naam, tot opbouing van u gemeente en tot verbreiding van u heilige evangelie. Verhoor ons, Vader van alle barmhartigheid, deur Jesus Christus, u geliefde Seun, ons Here, wat saam met U en die Heilige Gees leef en regeer — die enige, ware, ewige God, wat altyd geprys moet word.

Amen.

Ten slotte sê die bedienaar:

Mag ons Here God u met sy genade vervul en gee dat u in alle godsaligheid en liefde saamverbonde, lank en heilig mag lewe.

Amen.

BEGRAFNISFORMULE

Daar dit die almagtige God behaag het om ons dierbare, tans gestorwe broeder/**suster**, N, tot Hom te neem;

daarom vertrou ons sy/**haar** liggaam aan die aarde toe, aarde tot aarde. as tot as, stof tot stof;

in die vaste en sekere hoop van die opstanding tot die ewige lewe deur ons Here Jesus Christus, wat ons vernederde liggaam aan sy verheerlikte liggaam gelyk sal maak en ons tot Hom sal neem in ewigheid.

Amen.

DIE EKUMENIESE BELYDENISSE

APOSTOLIESE GELOOFSBELYDENIS

Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde.

Ek glo in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Heer;

wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria;

wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is, en neergedaal het na die hel;

wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode, opgevaar het na die hemel, en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader,

vanwaar Hy sal kom om te oordeel die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het.

Ek glo in die Heilige Gees.

Ek glo 'n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges,

die vergewing van sondes,

die wederopstanding van die vlees, en

'n ewige lewe.

GELOOFSBELYDENIS OPGESTEL IN DIE KERKVERGADERING VAN NICÉA (325) EN IN DIE VAN KONSTANTINOPEL (391) VERNUUT

Ons glo in een God, die almagtige Vader, die Skepper van die hemel en die aarde, en van alle sienlike en onsienlike dinge;

en in een Heer, Jesus Christus, die eniggebore Seun van God, gebore uit die Vader voor alle tye;

(God uit God) Lig uit Lig, waaragtige God uit waaragtige God, verwek, nie gemaak nie, een in wese met die Vader;

deur wie alle dinge ontstaan het;

wat ter wille van ons, die mense, en ter wille van ons saligheid, neergedaal het uit die hemel, vlees geword het deur die Heilige Gees uit die maagd Maria, en mens geword het, wat selfs vir ons gekruisig is onder Pontius Pilatus, gely het en begrawe is;

en op die derde dag opgestaan het volgens die Skrifte;

wat opgevaar het na die hemel, en wat sit aan die regterhand van die Vader;

wat weer sal kom met heerlikheid om te oordeel die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het; wie se koningsheerskappy geen einde sal hê nie;

en in die Heilige Gees, die Heer en Lewendmaker, wat van die Vader en die Seun uitgaan, wat saam met die Vader en die Seun aanbid en verheerlik moet word, wat gespreek het deur die heilige profete.

Ons glo een heilige, algemene kerk, gegrond op die leer van die apostels.*

Ons bely een doop tot vergifnis van sondes;

ons verwag die opstanding van die ontslapenes, en die lewe van die toekomstige eeu.

Amen.

Vergroot asb bg.

* Die oorspronklike is „apostolicum" op grond van Ef 2:20.

GELOOFSBELYDENIS GENOEM NA ATHANASIUS

1. Vir elkeen wat salig wil word, is dit voor alle dinge nodig dat hy die algemene geloof hou;
2. maar elkeen wat dit nie geheel-en-al en ongeskonde bewaar nie, sal sonder twyfel ewig verlore gaan.

Die algemene geloof is:

3. dat ons die één God in die drievuldigheid en die drievuldigheid in die eenheid eer,
4. sonder om die persone te vermeng of die substansie te deel;
5. want die persoon van die Vader is 'n ander, van die Seun 'n ander (en) van die Heilige Gees 'n ander;
6. maar die Vader, die Seun en die Heilige Gees is één Godheid met gelyke eer en mede-ewige majesteit.
7. Hoedanig die Vader is, sodanig is ook die Seun (en) sodanig is ook die Heilige Gees:
8. die Vader is ongeskape, die Seun is ongeskape (en) die Heilige Gees is ongeskape;
9. die Vader is onmeetlik, die Seun is onmeetlik (en) die Heilige Gees is onmeetlik;
10. die Vader is ewig, die Seun is ewig (en) die Heilige Gees is ewig;
11. nogtans is dit nie drie Ewiges nie, maar één Ewige;
12. net so ook nie drie Ongeskapenes of drie Oneindiges nie, maar één Ongeskape en één Oneindige;
13. net so is die Vader almagtig, die Seun almagtig (en) die Heilige Gees almagtig;
14. en tog is dit nie drie Almagtiges nie, maar één Almagtige;
15. so ook is God Vader, God is Seun en God is Heilige Gees;
16. en tog is dit nie drie Gode nie, maar dit is één God;
17. net so is die Heer Vader, die Heer Seun (en) die Heer Heiliges Gees;
18. en tog is dit nie drie Here nie, maar dit is één Heer;
19. want soos ons deur die Christelike waarheid gedwing word om elke persoon afsonderlik God en ook Heer te noem, so is dit ons ook deur die algemene geloof verbode om van drie Gode of Here te praat.
20. Die Vader is deur niemand gemaak of geskape of verwek nie.
21. Die Seun is deur die Vader alleen, nie gemaak of geskape nie, maar verwek.
22. Die Heilige Gees is deur die Vader en die Seun, nie gemaak, geskape of verwek nie, maar Hy gaan van die Vader en die Seun uit.
23. So is daar dan één Vader, nie drie Vaders nie, één Seun, nie drie Seuns nie, één Heilige Gees, nie drie Heilige Geeste nie;

24. en in hierdie Drievuldigheid is niks eerder of later nie en is niks meer of minder nie, maar al drie persone is onderling mede-ewig en volkome aan mekaar gelyk,

25. só, dat in alle opsigte, soos alreeds hierbo gesê is, die eenheid in die Drievuldigheid en die Drievuldigheid in die eenheid geëer moet word.

26. Daarom, wie dus salig wil word, moet só oor die Drievuldigheid voel.

27. Maar vir die ewige saligheid is dit nodig dat hy ook getrou aan die menswording van ons Here Jesus Christus moet glo.

Die regte geloof is dan:

28. dat ons glo en bely dat ons Here Jesus Christus, die Seun van God, tegelyk God en mens is.

29. Hy is God uit die substansie van die Vader, voor alle tye verwek èn mens uit die substansie van sy moeder, in die tyd gebore;

30. volkome God, volkome mens met 'n redelike siel en menslike vlees;

31. aan die Vader gelyk na sy Godheid; minder as die Vader na sy mensheid.

32. En alhoewel Hy God is en mens, is Hy nogtans nie twee nie, maar één Christus;

33. één, nie deur die verandering van die Godheid in vlees nie, maar deur die aanneming van die mensheid in God;

34. één, nie deur die vermenging van substansie nie, maar deur die eenheid van die persoon.

35. Want soos die redelike siel en die vlees een mens is, so is God en mens één Christus;

36. wat gely het om ons saligheid ontwil, neergedaal het na die hel, op die derde dag weer opgestaan het uit die dode,

37. opgevaar het na die hemel, aan die regterhand van die Vader sit en vandaar sal kom om hulle wat nog lewe èn hulle wat alreeds gesterf het te oordeel;

38. by wie se koms alle mense weer sal opstaan wat die liggaam betref en rekenskap sal gee van hulle eie werke;

39. hulle wat goed gedoen het, sal in die ewige lewe ingaan, maar hulle wat kwaad gedoen het, in die ewige vuur.

40. Dit dan is die algemene geloof; as iemand dit nie getrou en vas glo nie, sal hy nie salig word nie.

DIE CHRISTELIKE GEBEDE WAT IN DIE SAMEKOMS VAN GELOWIGES EN ELDERS GEBRUIK WORD

'N GEBED VOOR DIE PREDIKING OP SONDAG

Ewige God en allergenadigste Vader, ons verootmoedig ons uit die grond van ons hart voor u hoë majesteit waarteen ons so dikwels en so swaar gesondig het. Ons bely dat as U ons voor u gereg sou laat verskyn, ons niks anders as die ewige dood sou verdien nie. Afgesien daarvan dat ons almal reeds as gevolg van die erfsonde voor U onrein en kinders van die toorn is, is ons in sonde ontvang en in ongeregtigheid gebore sodat allerhande sondige begeertes in ons woon wat teen U en ons naaste stry. Buitendien oortree ons voortdurend u gebooie met ons dade deurdat ons nalaat wat U ons beveel het om te doen, en doen wat U ons uitdruklik verbied het. Ons bely dat ons almal soos skape gedwaal en grootliks teen U gesondig het. Ons het met ons hele hart berou oor ons dwaling en sonde. Ons erken dat dit tot ons vernedering en tot roem van u ontferming oor ons is wanneer ons bely dat ons sondes meer is as die hare van ons hoof en dat ons tienduisend talente skuldig is, terwyl ons niks het om te betaal nie. Daarom is ons ook nie werd om u kinders genoem te word of ons oë na die hemel op te slaan om ons gebede voor U uit te spreek nie. Nogtans weet ons, o Here God en barmhartige Vader, dat U nie begeer dat die sondaar sal sterwe nie, maar dat hy hom sal bekeer en lewe. Ook weet ons dat u barmhartigheid wat U bewys aan hulle wat hulle tot U bekeer, oneindig is. Ons roep U innig en opreg aan in die vertroue op ons Middelaar, Jesus Christus, die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem. Ons bid U om medelye met ons swakhede te hê deur ons al ons sondes om Christus ontwil te vergewe. Was ons met sy bloed, dat ons rein en wit soos sneeu mag word. Bedek ons sonde met sy onskuld en geregtigheid ter wille van die eer van u Naam. Reinig ons verstand van alle blindheid en ons harte van alle moedswilligheid en hardnekkigheid. Lê U nou u wysheid en kennis in die mond van u dienaar sodat hy u Woord suiwer en vrymoedig kan verkondig. Berei ook ons almal se harte voor sodat ons u Woord kan hoor, verstaan en bewaar. Skryf u wette, volgens u belofte, op die tafels van ons harte en gee ons die verlange en die krag om daarin te wandel tot roem en eer van u Naam en tot stigting van u gemeente.

Dit, genadige Vader, bid en begeer ons in die Naam van Jesus Christus wat ons geleer het om soos volg te bid: Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die

aarde geskied, net soos in die hemel. Gee ons vandag ons daaglikse brood; en vergeef ons ons oortredinge soos ons ook die vergewe wat teen ons oortree; en laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die Bose.

Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.

Amen.

'N GEBED OP SONDAG NA DIE PREDIKING, VIR AL DIE NOOD VAN ALLE CHRISTENE

Almagtige, barmhartige God, ons erken in ons hart en bely voor U dat ons nie werd is om ons oë op te slaan na die hemel en in gebed voor U te verskyn as U ons verdienste en waarde in aanmerking sou moes neem nie, want ons gewete beskuldig ons en ons sondes getuig teen ons. Ons weet ook dat U 'n regverdige Regter is wat die sondes van hulle wat u gebooie oortree, straf. Maar, Here, omdat U ons beveel het om U in alle nood aan te roep en uit u onuitspreeklike barmhartigheid beloof het om ons gebede te verhoor, nie op grond van ons verdienste nie (want die is daar nie), maar ter wille van die verdienste van ons Here Jesus Christus, wat U vir ons as 'n Middelaar en Voorspraak beskik het — daarom sien ons van alle ander hulp af en neem ons ons toevlug alleen tot u barmhartigheid.

By al die ontelbare weldade, o Here, wat U oor die algemeen aan alle mense op aarde bewys, het U buitendien aan ons soveel genade betoon, dat dit vir ons onmoontlik is om die omvang daaraan te besef of uit te spreek. U het ons verlos uit die skandelike diens van die duiwel en van alle afgodery waarin ons gevange was. U het ons gelei tot die lig van u waarheid en tot die kennis van u heilige evangelie. Maar ons het deur ons ondankbaarheid hierdie weldade van U vergeet; ons het van U afgewyk en ons eie begeertes gevolg; ons het U nie geëer soos ons moet nie. Ons het daardeur, o Here, swaar gesondig en U baie vertoorn. As U met ons na ons verdienste wil handel, sou ons niks anders as die ewige dood en verderf kan verwag nie. Ja, ons merk, o Here, uit die kastydinge wat U daagliks oor ons laat kom, dat U met reg oor ons vertoorn is. Aangesien U regverdig is, straf U tog niemand sonder oorsaak nie en sien ons nog u hand opgehef om ons meer te straf. Al sou U ons nog swaarder straf as tot nou toe, ja, al sou al die plae waarmee U die sondes van u volk Israel gestraf het oor ons kom, sou ons tog moet bely dat U ons op dié wyse geen onreg sou aandoen nie.

Here, U is ons God, en ons is aarde en stof. U is ons Skepper, en ons is die werk van u hande. U is ons Herder, en ons is u skape. U is ons Verlosser, en ons is die verlostes. U is ons Vader, en ons is u kinders en erfgename. Daarom, straf ons nie in u toorn nie, maar in genade. Onderhou eerder die werk wat U in ons deur u barmhartigheid begin het, sodat die hele wêreld mag weet en bely, dat U ons God en Saligmaker is. U volk Israel het U dikwels vertoorn en U het hulle met reg gestraf, maar wanneer hulle hul weer tot U bekeer het, het U hulle altyd in genade aangeneem. Hoe swaar hulle sondes en misdade ook al was, het U tog die plae wat vir hulle voorberei was, afgewend ter wille van die verbond wat U gemaak het met u dienaars, Abraham, Isak en Jakob en het so die gebed van u volk nooit afgewys nie. Nou het ons, deur u genade deel aan daardie selfde verbond, wat U deur Jesus Christus, ons Middelaar, tussen U en al die gelowiges opgerig het; ja, dit is nou soveel heerliker en kragtiger, nadat Christus met sy lyding en sterwe, opstanding en hemelvaart, dit bevestig en vervul het.

Daarom, o Here, terwyl ons van onsself en alle menslike hulp afsien, is ons toevlug alleen tot die heerlike genadeverbond, waardeur die Here Jesus Christus wat sy liggaam eenmaal aan die kruis tot 'n volkome offerande vir ons oorgegee het, ons met U in ewigheid versoen het. Daarom, o Here, sien u Gesalfde aan en nie ons sondes nie, sodat u toorn deur sy voorbidding gestil mag word. Laat u aangesig oor ons skyn tot ons vreugde en saligheid.

Lei en beskerm ons voortaan. Regeer ons met u Heilige Gees sodat Hy daagliks meer en meer ons liggaam met al sy bose begeertes mag doodmaak, ons tot 'n beter lewe vernuwe en in ons waaragtige vrugte van die geloof voortbring, waardeur u Naam in ewigheid geloof en geprys mag word. Gee dat ons met vurige begeerte alle verganklike dinge verag en alleen die hemelse bedink.

Omdat dit u wil is, dat vir alle mense gebid word, daarom bid ons U dat U u seën sal gebied oor die leer van u heilige evangelie, sodat dit orals verkondig en aangeneem sal word en die hele wêreld vervul sal word met u saligmakende kennis; sodat die wat U nog nie ken nie, bekeer sal word en die swakkes gesterk sal word en elkeen u heilige Naam, nie alleen met woorde nie, maar ook met die daad sal grootmaak en heilig. Stuur daarvoor dienaars uit om u oes in te samel; rus hulle so met gawes toe dat hulle hul amp getrou bedien. Roei daarenteen tog alle valse leraars uit wat roofsugtige wolwe en huurlinge is en wat slegs hulle eie eer en voordeel soek, en nie die eer van u heilige Naam of ook die welsyn en saligheid van arme mense nie.

Bewaar en regeer ook al u Christelike gemeentes, wat U oral geroep het, genadiglik, in eenheid van die waaragtige geloof en godsaligheid van die lewe, sodat u ryk mag toeneem, terwyl die ryk van die Satan vernietig word, totdat u ryk volkome word en U alles in almal sal wees.

In die besonder bid ons U vir die owerhede wat U oor ons aangestel het. Verleen aan hulle almal, elkeen in sy verantwoordelike posisie waarin hy deur U gestel is, u genade en gawes sodat hulle die volk wat U aan hulle toevertrou het, met wysheid kan regeer, dapper kan beskerm, dat hulle u diens getrou kan handhaaf en die reg oor hulle onderdane goed kan uitoefen. Lei U hulle deur u Heilige Gees in hulle samekomste, sodat hulle in alle sake niks anders as wat goed en behoorlik is, sal besluit nie en dit daarom ook voorspoedig mag uitvoer sodat ons land van sy vyande bewaar mag word; sodat die kwaaddoeners gestraf en die gelowiges beskerm mag word; sodat u Naam daardeur geëer, die ryk van die Koning van die konings, Christus Jesus, bevorder mag word en ons 'n rustige en stil lewe mag lei, in alle godsvrug en waardigheid.

Verder bid ons vir ons medebroeders wat vervolg word. Vertroos hulle met u Heilige Gees en verlos hulle genadiglik uit hulle vervolging. Laat nie toe dat u kerk geheel en al verwoes en die gedagtenis van u Naam op aarde uitgeroei word nie, sodat die vyande van die evangelie hulle nie kan beroem tot oneer en lastering van u Naam nie. Maar as dit u goddelike wil is dat die vervolgde Christene met hulle dood vir die waarheid moet getuig en u Naam moet prys, gee dan troos aan hulle in hulle lyding. Gee dat hulle dit uit u vaderlike hand mag aanneem en, deurdat hulle U daarin wil volg, standvastig mag bly in lewe en in sterwe, tot u eer, tot opbouing van u gemeente en tot hulle eie saligheid.

Ons bid ook vir almal wat U met armoede, gevangenis, liggaamlike siekte of versoeking van die gees besoek. Troos hulle almal, o Here, in ooreenstemming met die omvang van hulle nood. Gee dat hul beproewing sal dien tot kennis van hul sondes en verbetering van hul lewens. Gee hulle

ook standvastige geduld, versag hulle lyding en verlos hulle eindelik, sodat hulle hulle oor u goedheid verbly en u Naam vir ewig prys.

Laastelik, Here, wil U ook tog ons en die wat aan ons verbind is, sowel as alles wat aan ons behoort, in u beskerming en bewaring neem. Gee dat ons elkeen in ons omstandighede volgens u wil sal lewe en die gawes waarmee U ons seën, so sal gebruik dat hulle nie in ons weg staan nie, maar dat hulle baie meer bevorderlik mag wees tot die ewige lewe. Sterk ons ook in alle versoekinge en stryd dat ons deur die ware geloof in U die oorwinning mag behaal en hierna met Christus die ewige lewe mag besit.

Ons bid al hierdie dinge van U, soos ons getroue Here en Saligmaker self ons geleer het:

Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel. Gee ons vandag ons daaglikse brood; en vergeef ons ons oortredinge soos ons ook die vergewe wat teen ons oortree; en laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die Bose.

Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.

Amen.

'N GEBED VOOR DIE ONDERRIG UIT DIE KATEGISMUS

Hemelse Vader, u Woord is volmaak en bekeer die sondaars. Dit is 'n ware getuienis wat aan die onkundiges wysheid gee en die blindes laat sien. U Woord is 'n kragtige middel tot saligheid vir almal wat glo. Omdat ons van nature nie alleen blind is nie, maar onbekwaam tot enige goed, en U ook niemand wil help wat nie ootmoedig en berouvol is nie, bid ons U dat U ons verstand wil verlig met u Heilige Gees. Gee ons 'n sagmoedige hart waaruit alle verwaandheid en eiewysheid verwyder is sodat ons, as ons u Woord hoor, dit reg sal verstaan en ons lewe daarvolgens sal inrig. Bekeer ook genadiglik almal wat nog van die waarheid afdwaal sodat ons almal saam U eendragtig mag dien in ware heiligheid en geregtigheid al die dae van ons lewe. Dit begeer ons alleen om Christus wil, wat ons geleer het om soos volg in sy Naam te bid en ook beloof het om ons te verhoor:

Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel. Gee ons vandag ons daaglikse brood; en vergeef ons ons oortredinge soos ons ook die vergewe wat teen ons oortree; en laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die Bose.

Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.

Amen.

'N GEBED NA DIE ONDERRIG UIT DIE KATEGISMUS

Genadige, barmhartige God en Vader, ons dank U, dat U nie net ons nie maar ook ons kinders in u verbond opgeneem het. U het hulle nie alleen deur die heilige doop verseël nie maar bevestig dit nog daagliks as U vir U lof uit hulle mond berei om so die wysheid van die wêreld te beskaam. Ons bid U, vermeerder u genade aan hulle sodat hulle altyd toeneem en groei in Christus u Seun, totdat hulle die mate van die volle grootheid van Christus in alle wysheid en geregtigheid verkry. Gee ons ook u genade, dat ons hulle in u kennis en vrees sal onderrig, soos U ons beveel het. Dan sal deur hulle wandel in Christus die ryk van die Satan

verwoes word en die ryk van Jesus Christus in hierdie en ander gemeentes versterk word, tot eer van u heilige Naam en tot hulle ewige saligheid, deur Jesus Christus.

Amen.

'N KORT GEBED VOOR DIE PREDIKING IN DIE WEEK (OF HUISGODSDIENS)

Hemelse Vader, ewige en barmhartige God, ons erken en bely voor u goddelike Majesteit dat ons arme ellendige sondaars is, in sonde ontvang en in ongeregtigheid gebore, geneig tot alle kwaad en onbekwaam tot enige goed. Ons bely dat ons met ons sondige lewe sonder ophou u heilige gebooie oortree, waardeur ons u toorn teen ons verwek en volgens u regverdige oordeel die ewige verdoemenis op ons laai. Maar, Here, ons het berou en bely met droefheid dat ons U vertoorn het. Ons bely ons skuld, betreur ons misdade en begeer dat U genadiglik ons ellende wil aansien. Ontferm U oor ons, o allergoedertierenste God en Vader, en vergeef ons al ons sondes op grond van die lyding van u liewe Seun Jesus Christus. Skenk ons ook die genade van u Heilige Gees daarin dat Hy ons ongeregtighede volkome sal leer ken, sodat ons sal leer om onsself op dié wyse te mishaag; sodat die sonde in ons doodgemaak sal word en ons in 'n nuwe lewe sal opstaan waarin ons ware vrugte van heiligheid en geregtigheid sal voortbring wat vir U deur Jesus Christus welgevallig sal wees. Gee dat ons ook u heilige Woord volgens u goddelike reg sal verstaan, sodat ons daaruit sal leer om al ons vertroue op U alleen te stel en op niemand anders nie. Laat ook ons ou mens met al sy begeertes daagliks al hoe meer gekruisig word, en laat ons onsself aan U wy as 'n lewende offer, tot eer van u heilige Naam en tot opbou van ons naaste, deur ons Here Jesus Christus wat ons geleer en beveel het om soos volg te bid:

Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel. Gee ons vandag ons daaglikse brood; en vergeef ons ons oortredinge soos ons ook die vergewe wat teen ons oortree; en laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die Bose.

Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.

Amen.

'N KORT GEBED NA DIE PREDIKING IN DIE WEEK (OF HUISGODSDIENS)

Here, almagtige God, laat u heilige Naam vanweë ons sondes nie gelaster word nie; want ons het op baie maniere teen U gesondig deurdat ons nie aan u heilige Woord gehoorsaam is soos ons moet wees nie. Deur ons onkunde en onregverdige geklaag verwek ons daagliks u toorn teen ons. Daarom straf U ons met reg. Maar, o Here, dink aan u groot barmhartigheid en ontferm U oor ons. Laat ons ons sondes ken en daaroor berou hê en verbeter U ons lewe. Sterk die dienaars van u kerk, dat hulle getrou en volhardend u heilige Woord verkondig. Sterk ons owerheid dat hulle die wêreldlike swaard met geregtigheid en versigtigheid sal hanteer. Bewaar ons van alle valsheid en ontrou. Vernietig alle slinkse planne teen u Woord en kerk. O Heer, neem tog nie u Gees en Woord van ons af weg nie, maar vermeerder ons geloof, en gee lydsaamheid en standvastigheid in die lyding en teenspoed. Help u kerk en verlos hom van alle verdrukking, bespotting en tirannie. Sterk ook alle wankelmoediges en bedroefdes, en gee ons u vrede deur Jesus Christus, ons Here, wat ons hierdie vaste belofte gegee het: Dit verseker Ek julle: Wat julle die Vader ook al in my Naam sal vra,

sal Hy vir julle gee, en wat ons beveel het om soos volg te bid:

Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel. Gee ons vandag ons daaglikse brood; en vergeef ons ons oortredinge soos ons ook die vergewe wat teen ons oortree; en laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die Bose.

Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.

Amen.

MÔREGEBED

Barmhartige Vader, ons dank U dat U hierdie nag so getrou oor ons gewaak het, en ons bid U dat U ons wil versterk deur u Heilige Gees, dat Hy ons voortaan sal lei, sodat ons hierdie dag sowel as al die dae van ons lewe, tot alle geregtigheid en heiligheid sal aanwend. Gee dat wat ons ook al doen ons voorneme altyd tot u eer mag wees, sodat ons by ons voornemens alle voorspoed slegs van u milde hand verwag. Om daardie genade van U te kan verkry, bid ons U om, volgens u belofte, al ons sondes op grond van die heilige lyding en bloedvergieting van ons Heer en Saligmaker, Jesus Christus, te vergewe, aangesien ons oor al ons sondes diep en waarlik berou het. Verlig ook ons harte, sodat ons alle werke van die duisternis sal aflê en as kinders van die lig in alle godsaligheid in 'n nuwe lewe sal wandel. Gee ook u seën by die verkondiging van u goddelike Woord. Vernietig alle werke van die duiwel. Sterk alle dienaars van die kerk en owerhede. Troos alle vervolgde en benoude harte deur Jesus Christus, u liewe Seun, wat ons beloof het dat U ons alles wat ons van U in sy Naam vra, sekerlik sal gee en ons daarom beveel het om soos volg te bid:

Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel. Gee ons vandag ons daaglikse brood; en vergeef ons ons oortredinge soos ons ook die vergewe wat teen ons oortree; en laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die Bose.

Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.

Amen.

AANDGEBED

Barmhartige God, ewige Lig wat skyn in die duisternis, U wat die nag van sondes en alle blindheid van die hart verdryf en wat vir ons die nag bepaal het om te rus net soos die dag om te werk — ons bid U, gee dat ons liggame stil en in vrede mag rus, sodat hulle daarna versterk mag wees om die werk wat aan hulle opgedra is, te doen. Laat ons slaap matig en nie onordelik wees nie, sodat ons aan liggaam en siel onbevlek mag bly, ja dat selfs ons slaap tot u eer mag geskied. Verlig die oë van ons verstand dat ons nie ongelowig sal ontslaap nie, maar altyd ons verlossing uit hierdie ellende sal verwag. Beskerm ons ook teen alle versoekings van die duiwel en neem ons in u beskerming. Aangesien ons hierdie dag nie kon deurbring sonder om grootliks teen U te sondig nie, bid ons U om ons sondes te bedek deur u barmhartigheid, soos U alle dinge op aarde met die duisternis van die nag bedek, sodat ons nie daardeur van u aangesig verstoot word nie. Gee ook rus en troos aan alle siekes, bedroefdes en beproefdes, deur ons Here Jesus Christus, wat ons geleer het om soos volg te bid:

Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel.

Gee ons vandag ons daaglikse brood; en vergeef ons ons oortredinge soos ons ook die vergewe wat teen ons oortree; en laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die Bose.

Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.

Amen.

'N GEBED VOOR DIE HANDELINGE VAN DIE KERKRAAD

Hemelse Vader, ewige en barmhartige God, dit het U in u oneindige wysheid en goedheid behaag om uit al die mense van die aarde vir U 'n gemeente te versamel, deur die verkondiging van die heilige evangelie en te regeer deur die diens van mense. U het ons ook tot so 'n amp genadiglik geroep en ons beveel om goed ag te gee op onsself en op die kudde wat Christus met sy dierbare bloed verwerf het. Ons is nou hier in u heilige Naam vergader om volgens die voorbeeld van die kerk in die tyd van die apostels, ooreenkomstig ons amp oor dié dinge te handel wat voor ons sal kom en wat betrekking het op die welstand en die opbou van u gemeentes. Ons moet egter bely dat ons daartoe onbekwaam is, want ons kan van nature uit onsself niks goeds dink of doen nie, daarom bid ons U, o getroue God en Vader, dat U, met die Heilige Gees, volgens u belofte in hierdie vergadering teenwoordig wil wees om ons in alle waarheid te lei. Neem ook van ons weg alle misverstand en sondige motiewe, en gee dat u heilige Woord die enigste reël en rigsnoer van al ons beraadslaginge mag wees, sodat alles sal strek tot eer van u Naam, tot opbou van u gemeente en tot verligting van ons eie gewete deur Christus Jesus, u Seun, wat met U en die Heilige Gees as die enige en waaragtige God, ewig geloof en geprys moet word.

Amen.

'N GEBED NA DIE HANDELINGE VAN DIE KERKRAAD

Here God, hemelse Vader, ons dank U van harte dat dit U behaag om in hierdie land van U 'n kerk te versamel en dat U daartoe ons diens wil gebruik en ons die genade wil gee om vry en ongehinderd u heilige evangelie te verkondig en te gebruik en ook dank ons U dat U nou met u Heilige Gees in hierdie vergadering van ons was, ons beraadslaginge bestuur het volgens u wil en ons harte in onderlinge vrede en eendrag verbind het. Ons bid U, o getroue God en Vader, dat U die werk wat ons ons voorgeneem het om te doen tog genadiglik sal seën, en die werk wat U begin het met krag sal deurvoer. Versamel vir U altyd 'n ware kerk en bewaar dit by die suiwere leer, die regte gebruik van die heilige sakramente en die ywerige uitoefening van die tug. Vernietig elke bose en listige plan wat teen u Woord en kerk gesmee word. Sterk ook alle dienaars van die kerk, dat hulle getrou en volhardend u heilige Woord sal verkondig; sterk ook die owerheid sodat hulle die wêreldlike swaard met geregtigheid en versigtigheid mag hanteer. In die besonder bid ons U vir die owerhede wat U behaag het om oor ons te stel, die hoëre sowel as die laere en veral vir die plaaslike owerheid. Gee dat hulle hele regering daarop gerig mag wees dat die Koning van alle konings oor hulle en hulle onderdane mag regeer en die ryk van die duiwel, (wat 'n ryk is van alle skande en lasteringe), deur hulle as u dienaars hoe langer hoe meer verbreek en tot niet gemaak mag word, en dat ons onder hulle 'n rustige en stil lewe mag lei, in alle godsaligheid en eerbaarheid. Verhoor ons o God en Vader, deur Jesus Christus, u liewe Seun, wat met U en die Heilige Gees, as die enige en waaragtige God, ewig geloof en geprys moet word.

Amen.

'N GEBED VOOR DIE VERGADERING VAN DIE DIAKENS

Barmhartige God en Vader, U het nie alleen gesê dat ons altyd armes by ons sal hê nie, maar U het ook beveel dat ons hulle moet bystaan. Vir hierdie doel het U in u gemeente die diens van die diakens ingestel, waardeur hulle gehelp kan word. Aangesien ons wat in hierdie gemeente tot die amp van die diakens geroep is nou hier in u Naam vergader is om oor ons bediening met mekaar te spreek, bid ons U in alle ootmoed, om Jesus Christus wil, dat U by ons sal wees met die Gees van onderskeiding, sodat ons goed onderskeid kan maak tussen die wat waarlik arm is, en die wat nie is nie; en dat ons met alle blymoedigheid en getrouheid die offergawes wat deur ons versamel is, aan elkeen mag uitdeel ooreenkomstig die nood, sodat die behoeftige lidmate nie onversorg sal wees nie maar dat ons ook nie aan hulle wat geen gebrek het, sal gee nie. Laat die harte van mense met vurige liefde jeens die armes ontbrand sodat hulle mildelik sal bydra uit hulle besittings waaroor U hulle as beheerders gestel het. Gee dat ons wat liefdegawes ontvang om die behoeftiges te help ons amp met 'n blymoedige hart mag vervul sonder dat dit vir ons 'n las sal wees. Verleen ons ook die gawe om nie alleen met die uiterlike gifte nie, maar ook met u heilige Woord die behoeftiges te vertroos. Aangesien die mens nie net van brood lewe nie, maar van elke woord wat uit u mond uitgaan, vra ons u seën oor ons uitdeling en die liefdegawes aan die armes sodat hulle en ons U kan loof en dank, want ons verwag die salige koms van u liewe Seun Jesus Christus wat om ons ontwil arm geword het, om ons ryk te maak tot in ewigheid.

Amen.

'N GEBED VOOR DIE ETE

„Die oë van almal wag op U en U gee vir hulle hul voedsel op die regte tyd. U maak u hand oop en versadig alles wat lewe met welbehae" (Ps 145:15, 16).

Heer, almagtige God, U wat alles geskape het en nog deur u goddelike krag onderhou en die volk Israel in die woestyn gevoed het — stort u seën oor ons, u arme diensknegte uit en heilig hierdie gawes vir ons wat ons uit u oorvloedige rykdom ontvang, sodat ons dit matig en heilig volgens u goeie wil sal gebruik en daardeur sal bely dat U ons Vader en die oorsprong is van alles wat goed is. Gee ook dat ons altyd, en voor alles, die geestelike brood van u Woord sal soek, waarmee ons siele gevoed word tot die ewige lewe en wat U vir ons berei het deur die bloed van u liewe Seun, ons Here Jesus Christus.

Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel. Gee ons vandag ons daaglikse brood; en vergeef ons ons oortredinge soos ons ook die vergewe wat teen ons oortree; en laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die Bose.

Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.

Amen.

Ons Here Jesus Christus vermaan ons soos volg in Luk 21:34, 35: „Wees op julle hoede dat julle gees nie deur onmatige etery en drinkery en deur die sorge van die lewe afgestomp word nie en dat daardie dag julle nie onverhoeds soos 'n vangnet oorval nie. Want dit sal skielik op al die bewoners van die hele aarde neerkom."

'N GEBED NA DIE ETE

So spreek die Woord van die Here in Deut 8:10, 11: „Jy sal eet en versadig word en die Here jou God loof oor die goeie land wat Hy jou gegee het. Neem jou in ag dat jy die Here jou God nie vergeet deur sy gebooie en sy verordeninge en sy insettinge wat ek jou vandag beveel, nie te hou nie."

Here God, hemelse Vader, ons dank U vir al u weldade wat ons sonder ophou uit u milde hand ontvang; dat dit u goddelike wil is om ons te onderhou in hierdie tydelike lewe, en ons te versorg met alles wat ons nodig het; maar insonderheid dat ons deur U weergebore is tot die hoop op 'n beter lewe wat U aan ons geopenbaar het deur u heilige evangelie. Ons bid U, barmhartige God en Vader, om nie toe te laat dat ons harte hier aan hierdie aardse en verganklike dinge sal vasgroei nie, maar dat ons altyd sal opkyk na die hemel, terwyl ons ons Saligmaker Jesus Christus verwag, totdat Hy op die wolke tot ons verlossing verskyn.

Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel. Gee ons vandag ons daaglikse brood; en vergeef ons ons oortredinge soos ons ook die vergewe wat teen ons oortree; en laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die Bose.

Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.

Amen.

'N GEBED VIR SIEKES EN BEPROEFDES

O almagtige, ewige en regverdige God, ons barmhartige Vader, U wat die Here van dood en lewe is, sonder wie se wil niks in die hemel of op die aarde gebeur nie — hoewel ons, as ons daarop let hoe ons tot nou toe ons tyd deurgebring het, nie werd is om u Naam aan te roep of te hoop dat U ons sal verhoor nie, bid ons U dat U ons na u barmhartigheid sal aansien deur Jesus Christus wat ons swakheid op Hom geneem het. Ons bely dat daar niks anders in ons is as geneigdheid tot die bose en onbekwaamheid tot enige goed nie, en dat ons daarom ook hierdie straf, ja nog baie meer as dit verdien het. Maar, Here, U weet dat ons u volk en U ons God is. Ons het geen ander toevlug as net tot u barmhartigheid nie. Dit het U nooit geweier aan iemand wat hom tot U bekeer het nie.

Daarom bid ons U dat U ons nie ons sondes sal toereken nie, maar dat U ons die wysheid, geregtigheid en heiligheid van Jesus Christus sal toereken sodat ons in Hom voor U kan bestaan. Verlos ons om sy ontwil uit hierdie lyding, sodat die Bose sal weet dat U ons nie verlaat het nie. As dit U behaag om ons langer so te beproef, gee ons dan geduld en sterkte om dit alles na u wil te dra en laat dit alles in u wysheid tot ons beswil strek. Straf ons liewer hier as dat ons hierna met die wêreld verlore sou moet gaan. Gee ook dat ons hierdie wêreld, en al wat aards is, mag afsterwe sodat ons voortdurend na die ewebeeld van Jesus Christus vernuwe word. Laat ons deur niks van u liefde geskei word nie, maar trek ons voortdurend tot U sodat ons die einddoel van ons roeping (naamlik om met Christus te sterwe, op te staan en in ewigheid te lewe) met vreugde mag aanvaar. Ons glo ook, dat U ons sal verhoor deur Jesus Christus wat ons soos volg leer bid het:

Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel. Gee ons vandag ons daaglikse brood; en vergeef ons ons oortredinge soos

ons ook die vergewe wat teen ons oortree; en laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die Bose.

Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.

Amen.

Sterk ons ook in die regte geloof wat ons opreg en met die mond bely:

Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde.

Ek glo in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Heer;

wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria;

wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is, en neergedaal het na die hel;

wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode,

opgevaar het na die hemel, en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader,

vanwaar Hy sal kom om te oordeel die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het.

Ek glo in die Heilige Gees.

Ek glo 'n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges,

die vergewing van sondes,

die wederopstanding van die vlees,

en 'n ewige lewe.

OF ALDUS

Ewige, barmhartige God en Vader, U die ewige saligheid van die lewendes en die ewige lewe van die sterwendes, U wat alleen dood en lewe in u hand het en sonder ophou só vir ons sorg dat geen gesondheid en siekte, en geen goed of kwaad oor ons kan kom nie, ja, selfs geen haar van ons hoof kan val nie, sonder dat dit u wil is, terwyl U vir u gelowiges alle dinge tot hul beswil keer — ons bid U: Verleen ons die genade van u Heilige Gees, dat Hy ons sal leer om ons ellende reg te ken en u straf, wat ons tienduisendmaal erger verdien het, geduldig te verdra. Ons weet dat dit vir ons geen teken van u toorn is nie, maar wel van u vaderlike liefde teenoor ons, sodat ons nie saam met die wêreld veroordeel word nie. Vermeerder ons geloof o Here, deur u oneindige barmhartigheid sodat ons hoe langer hoe meer in Christus ingelyf word soos lidmate in hulle geestelike Hoof, aan wie U ons in lyding en heerlikheid gelyk wil maak. Maak die kruis ligter sodat ons swakheid dit kan verdra. Ons onderwerp ons geheel en al aan u wil, hetsy U ons langer in hierdie tentwoning wil laat bly of ons tot U in die ewige lewe wil neem, want ons is Christus se eiendom en kan daarom nie vergaan nie. Ons wil graag hierdie liggaam verlaat in die hoop van die salige opstanding, wanneer dit veel heerliker aan ons teruggegee sal word. Gee dat ons die salige troos van die vergewing van sondes en van die regverdigmaking deur Christus mag ontvang, sodat ons met daardie skild elke aanval van die Satan kan weerstaan. Laat sy onskuldige bloed die vlekke en die onreinheid van ons sondes uitwis, en sy geregtigheid vir ons ongeregtigheid instaan in u laaste oordeel. Bewapen ons met geloof en hoop, sodat ons nie tot skande word deur enige skrik vir die dood nie; maar as ons liggaamlike oë verduister word, laat dan die oë

van die gees op U sien; en as U ons die gebruik van die tong ontneem het, laat die hart dan nie ophou om U aan te roep nie. O Here, ons stel ons lewens in u hande, wil ons tog in ons laaste nood nie verlaat nie, doen dit om Jesus Christus wil alleen, wat ons geleer het om soos volg te bid:

Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel. Gee ons vandag ons daaglikse brood; en vergeef ons ons oortredinge soos ons ook die vergewe wat teen ons oortree; en laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die Bose.

Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.

Amen.

„Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde.

Ek glo in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Heer;

wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria;

wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is, en neergedaal het na die hel;

wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode,

opgevaar het na die hemel, en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader,

vanwaar Hy sal kom om te oordeel die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het.

Ek glo in die Heilige Gees.

Ek glo 'n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges,

die vergewing van sondes,

die wederopstanding van die vlees, en

'n ewige lewe."

DIE SIEKETROOS

'N ONDERWYSING IN DIE GELOOF EN IN DIE WEG VAN SALIGHEID

Die sonde en ellende van die mens

Adam was reg en goed. Dit beteken dat hy heilig, regverdig en onberispelik was en as heer gestel was oor alle skepsele, wat God geskep het (Gen 1:26). Hy het egter nie lank in hierdie staat gebly nie. Deur die listigheid van die Satan en Adam se eie ongehoorsaamheid het hy uit hierdie heerlikheid geval, en het so die verderf van die tydelike en ewige dood oor ons almal gebring (Rom 5:12). Dit is die erfsonde waarvan Dawid praat: „Kyk, in ongeregtigheid is ek gebore, en in sonde het my moeder my ontvang" (Ps 51:7). So sê Paulus ook, dat deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het, en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het, omdat ons almal gesondig het (Rom 5:12).

Die dood en die gevolg van die sonde

Die onmiddellike gevolg van Adam se sondeval was dat hy in 'n onontkombare vervloeking verstrik geraak het. Daarvan lees ons in Genesis, waar God sê: „Vervloek is die aarde om jou ontwil; met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe" (Gen 3:17). En: „In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet, totdat jy terugkeer na die aarde, want daaruit is jy geneem. Want stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer" (Gen 3:19). Daaruit weet ons sekerlik, dat alles wat lewe ontvang, eenmaal moet sterf (II Sam 14:14). Dit getuig Dawid duidelik as hy sê: „Watter mens leef daar wat die dood nie sal sien nie?" (Ps 89:49). Ook Salomo sê: „Die lewendes weet dat hulle moet sterwe" (Pred 9:5). „Want ons het hier geen blywende stad nie, maar ons soek die toekomstige" (Hebr 13:14). In Hebreërs staan, dat die mens bestem is om eenmaal te sterwe en daarna die oordeel (Hebr 9:27). Verder sê die Skrif: „Ons moet eenmaal sterwe, soos water wat uitgegooi word op die grond, wat 'n mens nie weer kan versamel nie" (II Sam 14:14). „Ons dae," sê Job, „is soos die dae van 'n dagloner en vinniger as 'n hardloper" (Job 7:1). En ons verdwyn soos 'n stroom sê Moses (Ps 90:5); ja, „soos 'n verwaaide blaar en 'n droë stoppel," (Job 13:25) „soos 'n kleed wat die mot verteer" (Job 13:28). Want die stof moet „na die aarde terugkeer, soos dit gewees het, en die gees na God terugkeer, wat dit gegee het" (Pred 12:7). Job sê: God het ons soos klei gevorm en sal ons tot stof laat terugkeer (Job 10:9). So sê Jakobus ook, dat die mens se lewe maar 'n miswolk is wat vir 'n kort tydjie verskyn en dan gou weer verdwyn (Jak. 4:14). Ja, ons leeftyd gaan verby soos 'n wolk, en vergaan soos 'n newel, dit vlug soos 'n skaduwee. Petrus sê ook as hy aanhaal uit Jesaja, dat „alle vlees soos gras is, en alle heerlikheid van die mens soos 'n blom van die gras is. Die gras verdor en sy blom val af" (I Petr 1:24)

(Jes 40:6, 7) en word nie meer gevind nie. 'n Ou skrywer het gesê: „Dit is 'n ewige insetting: Julle sal seker sterwe, die een vandag, die ander môre, soos die uitspruitsel van die blare aan die immergroen boom, die een verwelk, die ander een spruit uit; so is die geslagte van vlees en bloed, die een sterf en die ander een word gebore" (Jesus Sirach 14:18, 19). Salomo sê: Alles het sy bepaalde uur, daar is 'n tyd om gebore te word en 'n tyd om te sterwe (Pred 3:1, 2).

Die vasgestelde tyd van die mens

Hierdie tyd om te sterwe is in die hand van die Heer. Job sê: Die mens se dae is vasgestel, die getal van sy maande is by U, U het vir hom grense gestel waar hy nie oor kan gaan nie (Job 14:5). Paulus sê ook, dat God „sal bestaan en waar hulle sal woon" (Hand 17:26). Dawid sê: „Kyk, U het bepaal dat my dae min sal wees, in u oë is my lewensduur byna niks. Ag, alle mense is maar verganklik" (Ps 39:6). „Want ons dae is vinniger as 'n wewerspoel" en vinniger as 'n hardloper (Job 7:6). Ook is ons hier maar vreemdelinge en bywoners vir 'n klein tydjie (Hebr 11:13). Want wat die dae van ons jare betref — „daarin is sewentig jaar, of as ons baie sterk is, tagtig jaar; en die uitnemendste daarvan is moeite en verdriet; want gou gaan dit verby en ons vlieg daarheen" (Ps 90:10). As ons lank leef, leef ons honderd jaar; soos 'n druppel water teenoor die see, so min is ons jare teenoor die ewigheid. Petrus sê dat „een dag by die Here soos duisend jaar is, en duisend jaar soos een dag" (II Petr 3:8). So is ons jare in vergelyking met die ewigheid.

Die sondeval en die ellende van die mens

Omdat ons nou, volgens die Heilige Skrif, almal moet sterf (II Sam 14:14), wie sou dan nie sterk na die dood verlang nie (II Kor 5:2), as ons bemerk in watter toestand en verderf ons deur Adam gekom het (Rom 5:12), naamlik, in alle ongeregtigheid, rampsaligheid en lyding, sodat ons boos is, en tot boosheid geneig is van ons jeug af (Gen 8:21). Want soos Paulus sê: ons is van nature kinders van die toorn (Ef 2:5) en onbekwaam tot enige goed, en uit onsself het ons niks anders as sonde nie. Soos Dawid ook sê: daar is niemand wat goed doen nie; hulle het almal afgedwaal, tesame het hulle ontaard (Ps 14:1, 3; 53:2). Want die goeie wat ons wil, doen ons nie, vanweë die sonde wat in ons woon (Rom 7:19, 20). Van hierdie inwonende sonde getuig Dawid, dat ons in sonde ontvang en gebore is (Ps 51:7), en daarin voortgaan (Jer 9:3), want die versinsels van die mensehart is sleg van sy jeug af (Gen 8:21).

Die verlossing van die mens

Omdat ons dus in die toorn van God, en in die skemerland van die dood (Matt 4:16), ja, in die hel en die verdoeming lê, het Christus, die Lig van die wêreld (Joh 9:5) aan ons verskyn, en as die son van die geregtigheid opgegaan (Mal 4:2). Hy is oorgelewer ter wille van ons misdade en opgewek ter wille van ons regverdigmaking (Rom 4:25). Ons wat dood was deur die misdade en sondes het Hy saam met Hom lewendig gemaak (Ef 2:5) en ons dit kwytgeskeld. Die skuldbrief teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, het Hy uitgedelg en weggeruim deur dit aan die kruis vas te nael (Kol 2:14), waardeur Hy al ons vyande soos die dood (I Kor 15:26; Ef 2:16), die duiwel, die hel en die verdoemenis van die wet oorwin het, soos God deur die profeet Hosea gesê het: Dood, waar is jou peste? Doderyk, waar is jou verderf? (Hos 13:14; I Kor 15:55). Dank dan God, wat ons die oorwinning gee deur die Here Jesus Christus (I Kor 15:57) wat volgens die belofte van God, die kop van die duiwel vermorsel het (Gen 3:15), in wie se mag ons gevange was, deur die sondige oortreding.

Christus is ons verlossing

So het God, om ons daaruit te verlos, aan ons sy pand gegee (I Tim 6:20) naamlik sy enige geliefde Seun, in wie die Vader Hom verheug het (Matt 17:5; Luk 3:22), en van wie Hy gebied om na Hom, wat Hy as 'n versoening (I Joh 4:10) en 'n losprys gegee het (I Tim 2:6), te luister. „Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat die wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê" (Joh 3:16). En verder: „Hierin is die liefde van God tot ons geopenbaar, dat God sy eniggebore Seun in die wêreld gestuur het, sodat ons deur Hom kan lewe" (I Joh 4:9). En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, sê Christus, die enigste ware God, en Jesus Christus wat deur U gestuur is (Joh 17:3). Hy is waarlik Messias (Joh 1:42; 4:25), wat in die wêreld gekom het, in die volheid van die tyd (Gal 4:4), waarlik God (I Joh 5:20), om die geweld van die Satan te verbreek (I Joh 3:8), en waarlik mens, om ons Middelaar te wees voor God, sodat Hy ons, wat onder die wet gevange lê (Rom 7:23) sou verlos. Hy is die vlekkelose Lam, wat vir ons sonde geslaan en geoffer is (Jes 53:7), tot 'n versoening vir al ons sonde, soos Jesaja duidelik getuig. En Hy, wat ryk was, het om ons ontwil arm geword, sodat Hy ons ryk sou maak (II Kor 8:9). Want al sy rydom het Hy aan ons geskenk, al sy weldade, al sy geregtigheid, verdienste en heiligheid. Hiervoor moet ons Hom met die geloof omhels, en in liefde en gehoorsaamheid dankbaar wees. Wie sou Hom wat ons eerste liefgehad het, nie liefhê nie? Toe ons nog vyande was, het Hy ons verlos en versoen, hoeveel te meer sal ons deur sy lewe salig word noudat ons vriende geword het (Rom 5:10). Want kan iemand meer liefde hê as om sy lewe vir sy vriende te gee soos, wat Christus as die goeie Herder bewys het, deurdat Hy aan sy Vader gehoorsaam geword het tot die dood, ja, die dood van die kruis. 'n Klein tydjie was Hy minder as die engele, waardeur Hy met heerlikheid en eer gekroon is, vanweë die lyding van die dood, sodat Hy deur die genade van God vir almal die dood sou smaak (Hebr 2:9). Ook is Hy die ware Samaritaan, wat olie en wyn op ons wonde gegiet het (Luk 10:34), dit beteken dat Hy sy dierbare bloed vir ons sonde vergiet het, en ons met so 'n duur prys gekoop het. Petrus sê: ons is nie deur goud of silwer losgekoop nie, maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van 'n lam, sonder gebrek en vlekkeloos (I Petr 1:18, 19). Want ons is nie verlos deur die bloed van bokke en kalwers nie, maar Hy het deur sy eie bloed eenmaal ingegaan in die heiligdom en 'n ewige verlossing teweeggebring (Hebr 9:12). Ook het God, die Vader, ons verlos uit die mag van die duisternis, en oorgebring in die koninkryk van die Seun van sy liefde, in wie ons die verlossing het deur sy bloed naamlik die vergifnis van die sondes (Kol 1:13, 14).

Ons moet tot Christus ons toevlug neem

Aangesien ons dit nou sonder twyfel weet, dat ons alleen, sonder enige verdienste (want die het ons nie; ons is nuttelose slawe), deur die dood en die wederopstanding van Christus die ewige saligheid verkry, moet ons met 'n vaste vertroue na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry, en genade kan vind om op die regte tyd gehelp te word. Omdat ons almal hulp nodig het, moet ons na Hom toe gaan. Deur die profeet Dawid sê Hy: Roep My aan in die dag van benoudheid. Ek sal jou uithelp (Ps 50:15). En: Ofskoon 'n moeder haar kind vergeet, nogtans sal Ek jou nie vergeet nie. Christus sê self in die evangelie: „Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle laat rus,... en julle sal rus kry vir julle gemoed" (Matt 11:28, 29). Na wie toe sal ons anders gaan? Hy het die woorde van ewige lewe en die lewe is in Hom geopenbaar. Hy is daardie hemelse manna, wat ons siele vir ewig versadig; die hemelse

brood, wie daarvan eet deur die geloof sal nooit weer honger kry nie, en wie sy bloed drink, sal nooit weer dors kry nie.

Christus die fontein van die ewige lewe

Christus roep weer duidelik deur Johannes uit as Hy sê: „As iemand dors het, laat Hy na My toe kom en drink" (Joh 7:37). Hy wat in My glo, soos die Skrif sê, strome van lewende water sal uit sy binneste vloei (Joh 7:38), wat die werke van die Heilige Gees is. Wie van daardie lewende water drink, sal in ewigheid nooit dors kry nie, maar die water wat Ek hom sal gee, sal in hom 'n fontein wees van water wat opborrel en vir hom die ewige lewe gee (Joh 4:14). God spreek deur die profeet Jesaja: „O, almal wat dors het, kom na die waters; en wie geen geld het nie, kom, koop en eet; ja kom, koop sonder geld en sonder prys, wyn en melk" (Jes 55:1). Daarom, laat ons na hierdie fontein toe gaan vir ons verkoeling, en nie na die stinkende putte wat geen water het nie; want uit sy volheid het ons ontvang, ja genade op genade, want die wet is deur Moses gegee; die genade en die waarheid het deur Jesus Christus gekom (Joh 1:16, 17).

Christus ons Middelaar

Hy is waarlik Middelaar, wat tussen God en ons staan, om ons Voorspraak (I Joh 2:1) te wees teen al ons beskuldigers, want daar is een Middelaar tussen God en die mense, die mens Jesus Christus (I Tim 2:5). Ook daarom is Hy die Middelaar van die Nuwe Testament, sodat, terwyl daar 'n dood plaasgevind het vir die versoening van die oortredinge onder die eerste testament, die wat geroepe is, die belofte van die ewige erfenis kan ontvang. Daarom kan Hy ook hulle wat deur Hom tot God gaan volkome salig maak, omdat Hy altyd leef om vir hulle te bid (Hebr 7:25). Johannes stem hiermee saam as hy sê: As iemand gesondig het, ons het 'n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige. Hy is 'n versoening vir ons sondes, en nie alleen vir ons s'n nie, maar ook vir die van die hele wêreld (I Joh 2:1, 2), naamlik vir al die volke en nasies van die hele wêreld, wat hulle waarlik tot God bekeer. Want die Lam is van die begin af vir die gelowiges geslag (Openb 13:8), soos Christus self sê, dat Abraham sy dag gesien en hom verbly het (Joh 8:56).

Oor die regverdiging

God is nie 'n aannemer van die persoon nie, want God is nie alleen God van die Jode nie, maar ook van die heidene, aangesien dit inderdaad een God is wat die besnedenes sal regverdig uit die geloof en die onbesnedenes deur die geloof. Want deur die geloof alleen het Hy ons geregverdig, sonder die werke van die wet. Soos Dawid ook sê, dat die saligheid alleen vir die mens is, wat God die geregtigheid toereken sonder werke, as Hy spreek: „Dit gaan baie goed met die mens wie se opstandigheid nie gestraf word nie, wie se sonde vergewe word. Dit gaan baie goed met die mens vir wie die Here die oortreding nie toereken nie..." (Ps 32:1, 2).

Christus bid vir ons

Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur ons Here Jesus Christus, in wie ons die vrymoedigheid en die toegang het om met vertroue in die heiligdom in te gaan deur sy bloed, waardeur Hy vrede gemaak het tussen God en ons, want Hy is ons ware vrede, sodat ons nou nie meer hoef te vrees nie. Want Paulus sê: „As God vir ons is, wie kan teen ons wees" (Rom 8:31). „Wie sal beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God? God is dit wat regverdig maak. Wie is dit wat veroordeel; Christus is dit wat gesterf het, ja meer nog, wat ook opgewek

is, wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree. Wie sal ons skei van die liefde van Christus? Verdrukking of benoudheid of vervolging of honger of naaktheid of gevaar of swaard?" (Rom 8:33-35). Daarom, al sondig ons elke dag met woord en daad, moet ons tog nie moed verloor nie. Want Jesaja sê: „...al was julle sonde soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu: al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol" (Jes 1:18). Dit geskied deur Christus, wat ons van ons sondes gewas het in sy bloed. Daarvan is die doop 'n teken, en ook die nagmaal, dat ons verlos is deur die offerande van Christus wat eenmaal aan die kruis plaasgevind het, sodat Hy ons sou verlos van die toekomstige toorn, en van alle ongeregtigheid en vir Homself 'n volk as sy eiendom sou reinig, ywerig in goeie werke, waardeur God geprys word.

Ons moet na die dood verlang, en uit die liggaam verhuis, voordat ons by die Here kan kom

Noudat ons dit verseker weet, dat ons deur Christus met God versoen is, behoort ons volgens die Woord van God 'n volkome begeerte te hê om ontslae te wees van hierdie sterflike liggaam, waardeur ons tot die heerlike erfenis van al die kinders van God moet kom, wat vir ons in die hemel bewaar is. Dit het Paulus, die uitverkore werktuig van God, ook begeer, as hy sê: „Ek ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van die dood" (Rom 7:24) en die sonde? Verder sê hy nog: „Want ons weet dat, as ons aardse tentwoning afgebreek word, ons 'n gebou het van God," ewig, in die hemele, en ons verlang om daarmee oorklee te word (II Kor 5:1, 2). „Daarom het ons altyd goeie moed en weet dat as ons in die liggaam inwoon ons van die Here uitwoon" (II Kor 5:6). Maar ons „verkies om liewer uit die liggaam uit te woon en by die Here in te woon" (II Kor 5:8). Paulus sê verder: Want ons weet dat die hele skepping tesame sug, en nie alleen dit nie, maar onsself ook, wat die eerstelinge van die Gees het, ons sug ook in onsself in afwagting van die aanneming tot kinders, naamlik die verlossing van ons liggaam (Rom 8:22, 23). Ons is pelgrims en vreemdelinge; wie sou dan nie begeer om in sy vaderland tuis te kom nie? Want ons wandel hier in die vreemde en deur die geloof en nie deur aanskouing nie. „Nou sien ons deur 'n spieël in 'n raaisel, maar eendag van aangesig tot aangesig" (I Kor 13:12). Ons sal Hom sien soos Hy is. Wie sou dan nie verlang na hierdie aanskouing nie; waar ons sien dat die heilige manne van God daarna verlang het? Ons lees: „Soos 'n wildsbok smag na water, so smag ek na U, o God. My hele wese verlang na God, na die lewende God. Wanneer kan ek weer voor God gaan verskyn? Dag en nag is ek in trane, want sonder ophou sê hulle vir my: Waar is jou God nou?" (Ps 42:2-4). Hierdie onuitspreeklik heerlike aanskouing van God is so groot, soos die apostel sê: „Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet" (I Kor 2:9). Dawid sê weer: 'n Dag in die voorhowe van die Here is beter as duisend elders; „ek wil liewer by die drumpel staan in die huis van my God, as om te woon in die tente van goddeloosheid" (Ps 84:11). „Welgeluksalig is hulle wat woon in u huis, hulle prys U gedurig" (Ps 84:5). „In u huis geniet hulle oorvloed, U laat hulle drink uit die strome van u goedheid. U is die bron van die lewe, u lig skenk ons die lewe" (Ps 36:9, 10). Dit is die heerlike woning, waarvan Christus spreek deur Johannes: „In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek dan vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak? En as Ek gegaan en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is" (Joh 14:2, 3) te wete in die nuwe Jerusalem, wat die son of die maan nie nodig het nie, want die heerlikheid van God verlig hom en die Lam

is sy lamp. Daar sal God „al die trane van ons oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie" (Openb 21:4). Dit is die laaste vyand wat die Here onder sy voete sal vertrap. Daar het God 'n heerlike bruilof berei, waar ons saam met Abraham, Isak en Jakob sal aansit in die koninkryk van die hemele. Salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam.

Ons bestemming

Tot hierdie bruilofsmaal kan ons nie kom anders as deur die dood nie. Daarom sê Paulus: „Want vir my is die lewe Christus en die sterwe wins" (Filip 1:21). So gou as die gelowiges hiervandaan skei, gaan hulle in die ewige rus soos Christus sê: Ek wil dat waar Ek is ook my dienaar sal wees (Joh 12:26). En weer: „...wie luister na wat Ek sê, en in Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe. Hy word nie veroordeel nie maar het reeds uit die dood na die lewe oorgegaan" (Joh 5:24). Dit is ook duidelik te merk by die moordenaar, as hy bid en sê: „Jesus dink aan my wanneer U in u koninkryk kom." Waarop Christus hom antwoord: „...Vandag sal jy saam met My in die paradys wees" (Luk 23:42, 43). Daarom sê Paulus in ooreenstemming hiermee: Ek het verlange om heen te gaan en met Christus te wees. Salomo sê ook dat „die stof na die aarde terugkeer soos dit gewees het, en die gees na God terugkeer wat dit gegee het" (Pred 12:7). Dit blyk ook duidelik uit die voorbeeld van Henog (Hebr 11:5) en Elia (II Kon 2) wat altwee opgeneem is in die hemel, waar ons burgerskap en wandel is, „vanwaar ons ook die Here Jesus Christus as Verlosser verwag wat ons vernederde liggaam van gedaante sal verander, om gelykvormig te word aan sy verheerlikte liggaam" (Filip 3:20, 21).

Voor ons verheerlik kan word moet ons eers sterf

Tot hierdie verheerliking kan ons nie kom, anders as deur veel lyding nie. Hiervan sê Jesus Sirach heel mooi: My kind, sê hy, as jy kom om die Heer te dien, berei jou siel voor vir beproewing, waarin jy jou ook verheug, jy, wat vir 'n kort tydjie bedroef is onder allerhande beproewinge. Maar die God van alle genade, wat ons geroep het tot sy ewige heerlikheid in Christus Jesus, sal jou, nadat jy 'n kort tyd gely het, volmaak, bevestig, versterk en grondves. Paulus sê weer: As ons met Christus ly, sal ons ook met Hom verheerlik word. „Want ek reken dat die lyding van die teenwoordige tyd nie opweeg teen die heerlikheid wat aan ons geopenbaar sal word nie" (Rom 8:17, 18). Want ons ligte verdrukking wat vir 'n oomblik is, werk vir ons uit 'n alles oortreffende ewige gewig van heerlikheid. En Dawid sê: „Gisteraand was die trane nog daar en vanmôre lag ek al weer" (Ps 30:6). „...namate julle gemeenskap het aan die lyding van Christus, moet julle bly wees, sodat julle ook in die openbaring van sy heerlikheid met blydskap kan jubel" (I Petr 4:13). Jesus het ook buitekant die poort gely. „Laat ons dan uitgaan na Hom toe buitekant die laer en sy smaad dra" (Hebr 13:13). Want daarin het Christus vir ons 'n voorbeeld nagelaat, sodat ons sy voetstappe kan navolg. Weer sê Petrus: „Omdat Christus dan vir ons na die vlees gely het, moet julle ook jul bewapen met dieselfde gedagte dat wie na die vlees gely het, opgehou het met die sonde" (I Petr 4:1). Verder sê Jakobus ook: Ag dit louter vreugde, my broeders, wanneer julle in allerhande versoekinge val (Jak 1:2). En Paulus sê ook: „...ons roem in die verdrukkinge, omdat ons weet dat die verdrukking lydsaamheid werk, en die lydsaamheid beproefdheid, en die beproefdheid hoop en die hoop beskaam nie" (Rom 5:3-5). Daarom moet ons die tugtiging van die Here nie gering ag, en beswyk as ons deur Hom bestraf word nie, want die Here tugtig hom wat Hy liefhet, en Hy gésel elke seun wat Hy aanneem (Hebr 12:6). Dit sien ons deurgaans in Hebreërs 12. Daarom, wees geduldig; versterk julle harte, omdat die weerkoms van

die Here naby is (Jak 5:7). Neem as voorbeelde van lyding en van geduld die profete. Ons reken hulle gelukkig wat verdra, want ons het van die verdraagsaamheid van Job gehoor, en die einddoel van die Here met hom gesien (Jak 5:10, 11) wat vir ons 'n voorbeeld van volharding nagelaat het. Want ons sien dat Christus vanweë die lyding van die dood met ewige heerlikheid en eer gekroon is. Daarom sê Christus ook: Wie „volhard tot die einde toe, hy sal gered word" (Mark 13:13). En Paulus sê: „Ek het die goeie stryd gestry; ek het die wedloop voleindig; ek het die geloof behou. Verder is vir my weggelê die kroon van geregtigheid, wat die Here die regverdige Regter my in die dag sal gee; en nie aan my alleen nie, maar aan almal wat sy verskyning liefgehad het" (II Tim 4:7, 8). Jakobus sê ook so: „Salig is die man wat versoeking verdra, want as hy die toets deurstaan het, sal hy die kroon van die lewe ontvang wat die Here beloof het aan die wat Hom liefhet" (Jak 1:12).

Ons moet dapper teen al ons vyande stry

Om hierdie kroon van geregtigheid te verkry, moet ons dapper stry teen al ons vyande, wat ons van al kante beveg, insonderheid teen die listige aanslae van die duiwel. Trek die volle wapenrusting van God teen hom aan (Ef 6) sodat u die Bose met al sy geweld kan weerstaan. Van hierdie stryd sê ook Petrus, dat die duiwel rondloop soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind. „Hom moet julle teëstaan, standvastig in die geloof" (I Petr 5:8, 9), en hy sal van julle af wegvlug. Hierdie weerstand en oorwinning het ons van God deur Christus, wat die Satan onder ons voete verbrysel (Rom 16:20) in wie se geweld en strikke ons gevange was. Hy is die owerste van hierdie wêreld, wat buitentoe gedryf is deur Christus, en so het ons deur Christus die oorwinning verkry, en het deel aan Hom deur ons geloof. Die Satan is die slang van ouds (Openb 12:9; 20:2) wat soek om ons te verslind, wat ook ons eerste ouers verslind het, ook ons nog in die hakskeen byt, waarom hy van die begin af 'n mensemoordernaar genoem word.

Ons moet waak en bid

Daarom moet ons teen sy listige moordery op ons hoede wees, soos Petrus sê: Wees nugter en waak in die gebed (I Petr 5:8). Want soos Christus sê: „Bly dus waaksaam, omdat julle nie weet watter dag julle Here kom nie. Onthou dit: As die huiseienaar geweet het watter tyd van die nag die dief kom, sou hy wakker gebly het en nie toegelaat het dat daar in sy huis ingebreek word nie. Om dieselfde rede moet julle ook altyd gereed wees, want die Seun van die mens kom op 'n uur dat julle dit nie verwag nie" (Matt 24:42-44), maar begin om ons medediensknegte te slaan en saam met die dronkaards begin eet en drink. So sal die Heer kom en ons middeldeur sny en ons deelgenote maak van die geveinsdes. „Daar sal hulle huil en op hulle tande kners" (Matt 24:51) waar die wurm nie sterf en die vuur nie uitgeblus word nie. Want ons weet baie goed dat die dag van die Here kom net soos 'n dief in die nag en wanneer ons sê: Vrede en veiligheid — dan oorval 'n skielike verderf ons soos die barensnood 'n swanger vrou (I Tess 5:2, 3). Wees waaksaam dat julle harte nie miskien beswaar word deur swelgery en dronkenskap en sorge van die lewe nie, en die dag julle skielik oorval nie (I Tess 5:4). Want soos 'n strik sal hy oor ons kom, en so vinnig as die bliksem. Waak dan en bid altyd deur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug, en onbevreesd te staan voor die Seun van die mens. Hierdie waardigheid om te staan voor die Seun van die mens bestaan in 'n rein, onbevlekte en onwankelbare geloof, wat deur die liefde werk, waarmee ons Christus met al sy verdienstes en weldade ontvang en omhels. Daardie geloof moet ons tot uiting bring in

'n rein lewe soos Jakobus sê (Jak 4:8); en van hierdie reinheid, sê Christus: „Gelukkig is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien" (Matt 5:8). Die vernaamste reinheid lê in die hart. Want so sê Christus: „Want uit die hart kom slegte gedagtes: moord, owerspel, onkuisheid, diefstal, valse getuienis, kwaadpratery. Dit is die dinge wat 'n mens onrein maak, maar om met ongewaste hande te eet, maak 'n mens nie onrein nie" (Matt 15:19, 20). Daarom jaag na die vrug van die Gees, naamlik: liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, geloof, sagmoedigheid, kuisheid (Gal 5:22), geregtigheid en waarheid. Daarom as ons nie opnuut gebore word nie, kan ons die koninkryk van God nie sien nie (Joh 3:3). Ja, soos Christus sê: As julle nie verander en soos die kindertjies word nie, maar in die boosheid bly, sal julle beslis nie in die koninkryk van die hemel kom nie (Matt 18:3). En daarin sal nie inkom, iets wat verontreinig en gruwelikheid doen en leuens spreek nie, soos Johannes duidelik getuig (Openb 21:27).

Die wet van God roep ons op om volmaak te wees

Die wet van God eis hierdie volkomenheid van ons, soos geskrywe staan: „Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie" (Gal 3:10). Jakobus sê ook: Wie „in een opsig struikel, het aan almal skuldig geword" (Jak 2:10). En weer: Die mens wat die wet sal doen, sal daardeur lewe, maar ons volbring die allerkleinste gebod nie volkome nie, soos die wyse man sê: As ons meen ons het klaar, dan begin ons eers. En al was dit dat ons alles gedoen het wat ons beveel is, dan het ons nog maar net gedoen wat ons verplig was om te doen. Daarom is ons deur die wet in Gods regverdige toorn veroordeel. Maar hiervoor het ons 'n onfeilbare geneesmiddel naamlik Christus, wat ons, soos Paulus sê, losgekoop het van die vloek van die wet (Gal 3:13) en aan die geregtigheid van God vir ons voldoen het. Hy het vrede gemaak en „die middelmuur van skeiding afgebreek" (Ef 2:14) naamlik die wet van gebooie, wat in insettinge bestaan, en ons ons sonde kwytgeskeld en die skuldbrief uitgedelg deur dit aan die kruis vas te nael. Vir hierdie groot liefde van Christus behoort ons Hom weer lief te hê en dankbaar te wees met goeie werke, en in Hom van harte te glo, dat Hy ons al hierdie heerlike weldade geskenk het. „Want die wat tot God kom, moet glo dat Hy 'n beloner is van die wat Hom soek" (Hebr 11:6). Die regverdige sal deur sy geloof lewe (Rom 1:17). Ons besluit dan, dat die mens deur die geloof geregverdig word sonder die werke van die wet (Rom 3:28). En al is dit dat ons met Christus iets ly (Rom 8:17) dan moet ons nie kleinmoedig wees nie, want ons sien dat Christus self, toe Hy ter wille van ons sonde geslaan is, nie teruggeslaan het nie, maar geduldig gely het.

Die voorspoed van die goddelose

Al is dit dat die goddelose mense in groot voorspoed lewe, soos Dawid en die profete getuig, moet ons ons nie daaroor verwonder en ook nie struikel nie, maar ons troos met die versekering, dat hulle einde die ewige dood is. God bring hulle af soos skape om geslag te word. Dit is selfs wonderlik dat die gelowiges nie nog meer teenspoed het vanweë die heerlike vreugde wat vir hulle berei is nie; en dat die goddelose daarenteen nie nog meer voorspoed ondervind as wat hulle reeds geniet, as die gruwelike verdoemenis wat op hulle wag in aanmerking geneem word nie. Daarom, al is dit so dat die beproewinge van die gelowiges en die ongelowiges ongelyk is, kan ook die opstanding van die ontslapenes ongelyk wees.

Die opstanding van die ontslapenes

Hierin het ons 'n groot troos: dat al die gelowiges op die jongste dag sal verrys. As Paulus dit uiteensit, sê hy: „As daar geen opstanding van

die dode is nie, dan is Christus ook nie opgewek nie" (I Kor 15:13). Dan is ons prediking tevergeefs, en word ons valse getuie van God bevind. Aangaande die wyse van die opstanding, kan ons duidelik sien in Esegiël 37 hoedat ons met vlees en been sal verrys (Eseg 37:1-8). Job sê ook duidelik „... ek weet: My Verlosser leef; en Hy sal as laaste oor die stof opstaan, en nadat dit alles my vel afgeskeur het, sal ek nogtans uit my vlees God aanskou" (Job 19:25).

So sê Jesaja ook dat die aarde en Johannes, dat die see sy dodes sal gee, wat daarin geslaap het, want Christus is die opstandig, die eersteling van die wat ontslaap het (I Kor 15:20). Julle moet nie onkundig „wees met betrekking tot die ontslapenes nie, sodat julle nie treur soos die ander wat geen hoop het nie" (I Tess 4:13). Want as ons glo, dat Jesus gesterwe en opgestaan het, sal God ook die wat in Jesus ontslaap het, saam met Hom bring. Want dit sê ons vir julle deur die Woord van die Here, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die weerkoms van die Here, die ontslapenes hoegenaamd nie voor sal wees nie. Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van die aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. „Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word, die Here tegemoet in die lug" (I Tess 4:17). „Want ons moet almal verskyn voor die regterstoel van Christus, sodat elkeen kan ontvang, wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad" (II Kor 5:10). Dan sal Christus die skape van die bokke afskei. En Hy sal die skape aan sy regterhand sit, wat sy lieflike stem sal hoor: „Kom, julle wat deur my Vader geseën is! Neem die koninkryk as erfenis in besit! Dit is van die skepping van die wêreld af vir julle voorberei" (Matt 25:34). Dan sal ons met groot vrymoedigheid staan teenoor hulle wat ons verdruk het. Dan sal ons skyn soos die son, in die koninkryk van ons Vader. Daar sal ons kom by die tienduisende van engele. Daar sal ons met Hom as konings heers in alle ewigheid (Openb 22:5).

Amen.

Salig is die wat geskrywe is in die boek van die lewe.

ENKELE SPREUKE VAN TROOS UIT DIE HEILIGE SKRIF

„Here, moet my tog nie straf in u toorn, moet my nie kasty in u verontwaardiging nie" (Ps 38:2).

O Here, gee my nuwe krag en lei my op die regte paaie, en wees met my (Ps 23:3).

„Wees my genadig, Here, aanskou die ellende wat my haters my aangedoen het, U wat my terugruk uit die poorte van die dood" (Ps 9:14).

„Moet tog nie so ver van my af weg bly nie, want die nood is naby. En daar is niemand wat help nie" (Ps 22:12).

„By U, Here, skuil ek. Laat my tog nooit in die skande kom nie!..." (Ps 31:2).

„Kyk na my, Here, en wees my genadig, want ek is eensaam en verstote. Kyk hoe sleg gaan dit met my en hoe swaar kry ek. Vergewe tog al my sondes" (Ps 25:16, 18).

„Luister na my, red my tog gou.
Wees vir my 'n rots om na toe te vlug, 'n bergvesting om my te red" (Ps 31:3).

As ek U aanroep, weet ek seker, U is my God, wat my siel van die dood red.

Verberg u aangesig vir my sondes en delg uit al my ongeregtighede (Ps 51:3).

O Here, verberg u aangesig nie vir my nie, want ek is benoud; verhoor my dan gou, en verlos my (Ps 69:18).

In die dag van my benoudheid roep ek U aan; wend U tot my en wees my genadig; gee u sterkte aan u kneg (Ps 86:7).

Bande van die dood het my omring, en angste van die doderyk het my getref. O Here, verlos my siel! (Ps 116:3).

O Here, gaan nie na die gereg met u kneg nie, want niemand wat leef, is voor u aangesig geregverdig nie (Ps 143:2).

Hierdie en dergelike spreuke kan u deur die hele boek van die Psalms lees.

SOMMIGE SPREUKE VIR DIE SIEKES IN HULLE NOOD

„Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle laat rus" (Matt 11:28).

Help nou om saam met Simon van Sirene sy kruis te dra.

Gaan nou uit buitekant die laer en help sy smaad dra (Hebr 13:13).

Laat ons nou een uur met Hom waak, sodat ons nie in versoeking kom nie (Matt 26:40, 41).

Nou moet u die beker drink wat Christus gedrink het; Hy het bloeddruppels gesweet om dit te ontgaan, maar gebid dat die wil van die Vader moet geskied.

Sê nou met die moordenaar: „Jesus, dink aan my, wanneer U in u koninkryk kom" (Luk 23:42).

O God, wees my sondaar, genadig (Luk 18:13).

Here, Seun van Dawid, ontferm U tog oor ons (Matt 20:30).

O Here Jesus, ontvang my gees (Hand 7:59).

Ek verlang na U; wanneer sal ek u lieflike aangesig aanskou? Want my siel dors na U soos 'n dor land.

O Here, U is vir my die lewe, en die sterwe is vir my wins (Filip 1:21).

Ek het verlange om heen te gaan en met U te wees.

Ek, ellendige mens! Wanneer sal U my verlos van die liggaam van hierdie dood? (Rom 7:24).

Dis vir my beter om te sterwe as om te lewe (I Kor 9:15).

Maar Here, laat u wil ook op die aarde geskied (Matt 6:10; Luk 11:2).

„Vader, in u hande gee ek my gees oor" (Luk 23:46).

Mag God, ons liewe Vader, ons dit alles vergun, deur die verdienste van sy liewe Seun, ons Here, Jesus Christus.

Amen.

HISTORIESE AANTEKENINGE

1. DIE GELOOFSBELYDENISSE

Die Apostoliese Geloofsbelydenis

Luidens 'n legende uit die vierde eeu word daar vertel dat hierdie belydenis deur die apostels in Jerusalem saamgestel is net voordat hulle op hulle sendingreise vertrek het.

Elke apostel sou dan één artikel bygedra het.

Vanweë dié legende het die belydenis ook die populêre naam **Die Apostoliese Geloofsbelydenis** gekry.

Die volledige belydenis, soos ons dit vandag het, kom egter die eerste maal in die agste eeu voor. Onderdele van die belydenis is egte baie ouer en word al in die vierde eeu in Rome aangetref terwyl sommige navorsers die oorspronge van die belydenis so vroeg as die jaar 150 stel.

Hoewel die oorsprong van die belydenis nie meer met sekerheid vasgestel kan word nie, is dit duidelik dat dit uit die gemeente Rome afkomstig is. Vroeg in die Middeleeue word dit al in sy huidige vorm gebruik by die doop van volwasse bekeerlinge. Ongeveer in dieselfde tyd word dit ook 'n vaste onderdeel van die godsdiensoefening.

Hierdie belydenis wat in die Latynse- of Westerse kerk algemeen in gebruik is, word nie in die Griekse- of Oosterse kerk gebruik nie. Met die Kerkhervorming is die belydenis as 'n vaste element van die godsdiensoefening behou en verder word dit ook uitgelê in die kategismusse wat deur die Reformatoriese vadere opgestel is.

Die Geloofsbelydenis van Nicea

Hierdie belydenis wat in Art 9 van die Nederlandse Geloofsbelydenis genoem word, het 'n interessante geskiedkundige agtergrond. Die Geloofsbelydenis van Nicea is in 325 deur 'n konsilie van biskoppe van die hele kerk, onder voorsitterskap van keiser Konstantyn, opgestel. Met dié belydenis wou die vadere die ware geloof suiwer omlyn teenoor die dwaalleer van Arius en sy volgelinge. Hierdie belydenis is betreklik kort en het geëindig met die woorde: „... en in die Heilige Gees." Daarna het 'n viertal veroordelings van die leer van Arius gevolg.

Na die aanvaarding van hierdie belydenis was daar 'n uitgerekte stryd oor die woordgebruik en die inhoud van die belydenis. By die Konsilie van Konstantinopel is die belydenis van Nicea herbevestig. Maar die Konsilie het waarskynlik nié 'n teks van die belydenis van Nicea voor hom gehad nie, maar wel die teks wat ons vandag gebruik. Hierdie teks het basies dieselfde inhoud as dié van Nicea maar is uitvoeriger en waarskynlik afkomstig van 'n belydenis wat in Jerusalem gebruik is. Die verskil met

die oorspronklike belydenis van Nicea is dat hier die uiteensetting oor die persoon van Jesus Christus uitvoeriger is; dat die gedeelte oor die persoon en werk van die Heilige Gees ook meer sê terwyl die artikels oor die kerk, die opstanding en die ewige lewe nié by die Nicéa-belydenis voorkom nie.

Vanaf 451 word hierdie geloofsbelydenis, volgens die oordeel van die Konsilie van Chalcedon, beskou as die amptelike geloofsbelydenis van Nicea èn Konstantinopel. As sodanig is dit dan in die Oosterse- en Westerse kerk aanvaar en reëlmatig in die godsdiensoefening gebruik.

In die Westerse-Latynse kerk is gedurende die Middeleeue die woorde „... en die Seun..." toegevoeg tot die artikel wat lui: „Ons glo... (en) in die Heilige Gees, die Heer en Lewendmaker, wat van die Vader **en die Seun** uitgaan." Hierdie toevoeging het tot 'n skeuring tussen die Oosterse- en Westerse kerk gelei omdat die Oosterse kerk hierdie toevoeging nie wou aanvaar nie.

Gedurende die Hervorming is hierdie belydenis gehandhaaf as deel van die erfenis van die kerk hoewel dit geen vaste plek in die godsdiensoefening gekry het nie. Die rede hiervoor was dat die Hervormde vadere geoordeel het dat alleen dié belydenis wat in die kategismus uitgelê word en dus deur almal geken word, in die godsdiensoefening gebruik kan word. Omdat die inhoud en betekenis van hierdie belydenis van Nicéa en Konstantinopel vandag in verskillende boeke en geskrifte uitgelê word, word hierdie belydenis in ons godsdiensoefening ook gebruik as 'n alternatief vir die Twaalf Artikels (Apostoliese Geloofsbelydenis).

Die geloofsbelydenis genoem na Athanasius

Hierdie geloofsbelydenis wat ook in Art 9 van die Nederlandse Geloofsbelydenis genoem word, het in die Westerse kerk ontstaan en word soms ook, na die Latynse beginwoorde, **Quicunque Vult,** genoem.

Hoewel die belydenis toegeskryf word aan Athanasius, 296-373, een van die leidinggewende teoloë by die Konsilie van Nicea, 325 en daarna, is dit waarskynlik nie van Athanasius self afkomstig nie. Dit is 'n Latynse geloofsbelydenis wat net in die Westerse kerk bekend was en gebruik is.

Die opsteller en oorsprong van hierdie belydenis is tot nog toe nie histories vasstelbaar nie. Die oorsprongdatum word gewoonlik op om en by die jaar 428 gestel.

Oor die algemeen word die belydenis nie in die Calvinistiese kerke in die godsdiensoefening gebruik nie maar wel deur die Lutherse- en Anglikaanse kerke en in 'n beperkte mate in die Roomse kerk. In die Grieks-Ortodokse- en Russies-Ortodokse kerke word dit nié as 'n belydenis, gelykstaande aan die Twaalf Artikels en die belydenis van Nicea-Konstantinopel, beskou nie.

2. BIOGRAFIESE BESONDERHEDE

Augustinus, 354-430, biskop van Hippo in Noord-Afrika en een van die groot Latynse kerkvaders. Hy is in Noord-Afrika gebore en word eers in die jaar 387, toe hy gedoop is, 'n oortuigde Christen. Vanaf 396 tot sy dood is hy biskop van die stadjie Hippo.

Augustinus wat 'n uitnemende teoloog was en aan wie se insigte die Hervormde vadere groot waarde geheg het, het hom onderskei vanweë sy diepgaande kennis van die Skrif en die teologie van die kerk. Hy lewer 'n besondere bydrae in die bestryding van die dwaallerings van die Manicheïsme, die Donatisme en die Pelagianisme.

Twee van sy uitstaande geskrifte is sy **Lofprysings** en **Die Stad van God,** werke wat tot vandag toe nog van belang is.

Pous Gregorius I, 540-604. Hy is onder andere veral belangrik omdat hy heelwat gedoen het om die orde van die godsdiensoefening in die Roomse kerk vas te lê. Hy het die Gregoriaanse sangmetode in die Roomse kerk ingevoer en hy ontwerp 'n orde van diens wat vanaf 790 die vaste orde in die Frankiese kerk word. So het sy arbeid 'n blywende invloed op die orde en gang van die Roomse godsdiensoefening.

Martin Luther, 1483-1546, vader van die Kerkhervorming. Nadat Luther in 1520 finaal afskeid geneem het van die Roomse kerk het hy die taak gehad om die geheel van die lewe en werk van die kerk na die eis en leer van Gods Woord te hervorm. Deur middel van sy Bybelvertaling, sy Groot- en Klein Kategismus, sy werk ten opsigte van die kerklied en die orde van die godsdiensoefening, soos uiteengesit in sy **Deutsche Messe,** 1536, het hy baanbrekerswerk verrig. Daarnaas het Luther nog op talle ander vlakke beweeg en 'n leiersrol gespeel in die vormgewing van 'n Reformatoriese teologie.

Huldrych Zwingli, 1484-1531, hervormer van Duitssprekende Switserland. Vanaf 1519 begin Zwingli, as gevolg van sy studie van die Nuwe Testament, wegbeweeg van die Roomse kerk. In 1522 publiseer hy sy eerste Reformatoriese geskrif terwyl hy nog priester is. Na 1522 neem hy die daadwerklike leiding om Zürich en omstreke te hervorm.

In sy hervormingswerk gee hy baie aandag aan die orde van die godsdiensoefening en heelwat van sy besluite in hierdie verband het algemene aanvaarding gevind.

In 1531 sneuwel Zwingli op die slagveld te Kappel waar hy diens gedoen het as kapelaan van 'n Protestantse leër en teen 'n Roomse oormag weerstand moes bied.

Guillaume Farel, 1489-1565, Frans-Switserse kerkhervormer. In ongeveer 1521 gaan hy oor na die Hervorming en moet in 1523, onder druk van die vervolginge, Frankryk verlaat. Hy werk dan hoofsaaklik in Switserland waar hy die hervorming in die stad Bern deurvoer en vandaar brei sy arbeid uit na Genève waar hy vanaf 1533 werksaam is. In Julie 1536 slaag hy daarin om Johannes Calvyn te oorreed om saam met hom die hervorming in Genève deur te voer en te konsolideer. Nadat hy en Calvyn in 1538 uit Genève verban is, het hy die res van sy lewe in Neuchâtel gewerk. Farel het 'n positiewe bydrae gemaak om die Protestantse kerk en die vorm van sy godsdiensoefening in te rig en te orden.

Martin Bucer, 1491-1551, Duitse kerkhervormer en teoloog. Hy word beïnvloed deur Martin Luther en speel vanaf 1523 'n leiersrol in die Kerkhervorming. Na die dood van Zwingli in 1531 word hy aanvaar as die leidinggewende figuur van die Kerkhervorming in Duitssprekende Switserland en in Suid-Duitsland.

As hervormer in Straatsburg het Bucer baanbrekerswerk gedoen ten opsigte van die orde van die godsdiensoefening, die lewe en werk van die kerk. Calvyn het hom, gedurende die tyd wat hy in Straatsburg gewerk het, laat lei deur Bucer se insigte.

In 1549 moet Bucer, vanweë die vervolginge in Duitsland, na Engeland vlug. Hy woon en werk in Cambridge tot aan sy dood in 1551.

Johannes a'Lasco, 1499-1560, Poolse edelman en teoloog wat veral aan die Nederlandse kerk leiding gegee het. Vanaf 1543 het hy die leiding geneem van die hervorming in Oos-Friesland maar moet daarvandaan

vlug. In die Nederlandssprekende vlugtelinggemeente in Londen verrig hy waardevolle werk. In 1553 moet hy weer uit Engeland vlug en vind dan 'n werkkring in Frankfurt am Main. In 1556 vertrek hy na Pole waar hy die Hervormde kerk dien tot aan sy dood in 1560.

A'Lasco het veral in die Londense gemeente belangrike bydraes gelewer tot die vormgewing van 'n Hervormde orde vir die godsdiensoefening. Ook op kerkordelike vlak het hy sy bydrae gelewer.

Johannes Calvyn, 1509-1564, die vader van die Gereformeerde Protestantisme. Na sy eerste verblyf in Genève van 1536-1538, het hy tot 1541 in Straatsburg gewerk as predikant van die Franssprekende vlugtelinggemeente aldaar. Vir dié gemeente ontwerp Calvyn 'n orde vir die godsdiensoefening en beywer hom ook vir die totstandkoming van berymde psalms vir gebruik in die godsdiensoefening. Hierdie werk van Calvyn, waarmee hy hom na 1541 in Genève ook besig hou, was van blywende waarde aangesien die meeste Calvinistiese kerke deeglik rekening gehou het met hierdie werk van Calvyn.

Petrus Datheen, 1531-1588, leidinggewende figuur in die Nederlandse Kerkhervorming. Die belangrikste deel van sy kerkhervormende werk het hy verrig as predikant van die Nederlandssprekende vlugtelinggemente in Frankenthal, in die Duitse staat, die Paltz. Hier het hy veral vanaf 1561 'n leiersrol gespeel.

Aan Datheen is te danke die Nederlandse vertaling van die Heidelbergse Kategismus wat in 1563 verskyn het. Deur sy werk het hierdie kategismus in die Nederlandse kerk so 'n aansien geniet dat dit as belydenisskrif aanvaar is. Daarnaas het hy, deur 'n Nederlandse bewerking te maak van die Franse psalmberyming van Marot en Beza, in 1566 gesorg vir die kerklied. Verder het hy die liturgiese formuliere en gebede saamgestel en daarvoor veral gebruik gemaak van die formuliere van die Duitssprekende kerk in die Paltz. Die formuliere vir die doop, nagmaal en huweliksbevestiging, soos ons dit vandag nog gebruik, is al drie van die hand van Datheen.

3. HISTORIESE OPMERKINGS OOR DIE HERKOMS VAN DIE SIEKETROOS

Die Sieketroos is opgestel deur ds. Cornelis van Hille, 1540-1600, predikant te Oudenaarde en Rotterdam. **Die Sieketroos** is die eerste maal in 1579 in Gent gepubliseer en so ver vasgestel kan word, is dit in 1590 die eerste maal agter in 'n Bybeluitgawe opgeneem.

Hierdie **Sieketroos** en die **Sommige Troostelike Spreuke,** wat vandag nog in ons Kerkboek voorkom, is nooit deur 'n sinode van die Nederlandse Hervormde Kerk bespreek, aanvaar of goedgekeur nie. Die boekdrukkers en uitgewers van die sestiende eeu het hierdie stukke eenvoudig op eie inisiatief opgeneem in die Psalmboek nà die **formuliere.** Aangesien die stukke algemene byval gevind het, is dit daar gehandhaaf. So het dit, vanweë die gewoonte, deel geword van die Kerkboek.